

DALENE
MATTHEE
die uitgespoeldes

Die Uitgespoeldes *is postuum uitgegee.*

*Ter herinnering aan my ma, Dalene Matthee, met liefde en dankbaarheid,*
*en tot eer van al haar werk.*

*– Hilary*

Dalene Matthee



DIE UITGESPOELDES

PENGUIN BOOKS

PENGUIN BOOKS

Gepubliseer deur die Penguin-Groep

Strand 80, Londen WC2R 0RL, Engeland

Penguin Putnam Inc, 375 Hudsonstraat, New York, New York 10014, VSA

Penguin Books Kanada Bpk, 90 Eglinton Avenue East, Suite 700, Toronto, Ontario, Kanada M4P 2Y3

Penguin Ireland, 25 St Stephen's Green, Dublin 2, Ierland ('n afdeling van Penguin Books Bpk)

Penguin Books Australië Bpk, Camberwellweg 250, Camberwell, Victoria 3124, Australië

Penguin Books Indië (Pvt) Bpk, Community-Centre, Panscheel Park, New Delhi – 110 017, Indië

Penguin Books (NS) Bpk, h/v Rosedale- en Airborneweg, Albany, Auckland, Nieu-Seeland

Penguin Books (Suid-Afrika) Bpk, Sturdeeweg 24, Rosebank, Johannesburg 2196, Suid-Afrika

Penguin Books (Suid-Afrika) (Edms) Bpk, Geregistreerde kantore: Sturdeeweg 24, Rosebank, Johannesburg 2196, Suid-Afrika

www.penguinbooks.co.za

Eerste uitgawe deur Penguin Books (Suid-Afrika) (Edms) Bpk. 2005

Tweede druk 2005

Derde druk 2006

Hierdie uitgawe 2007

Kopiereg © Hilary Matthee 2005

Illustrasies © Piet van As 2005

Alle regte voorbehou.

Behalwe in die Verenigde State van Amerika is hierdie boek onderhewig aan die voorwaarde dat dit nie sonder die skriftelike verlof van die kopiereghouer(s) gereproduseer, in ’n ontsluitingstelsel bewaar of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee mag word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, vermikrofilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

ISBN: 978-0-14-352684-1

# Contents

ERKENNINGS

EEN

TWEE

DRIE

VIER

VYF

SES

SEWE

AGT

NEGE

TIEN

ELF

ERKENNINGS

Piet van As – wat Lord as ’n kind geken het en ’n kenner van die Strandveld is.

Charlotte Hans van Elim – wat 17 jaar lank op Springfield vir Lord de Saumarez gewerk het. Haar kennis van die De Saumarez-familie was met elke besoek ’n skat van inligting.

Dan is ek baie dank verskuldig aan ’n kleinseun van Lord de Saumarez, Lord Eric de Saumarez, wat Shrubland se argief vir my oopgestel en tot beskikking gestel het. Van hom het ek Lady de Saumarez se *My Swedish Family* en ’n ongepubliseerde manuskrip oor Lord de Saumarez ontvang. Beide was van onskatbare waarde in my studie oor *Die Uitgespoeldes* van die Strandveld. Lord Eric se amptelike titel is soos volg: *The Right Honourable the Lord de Saumarez.*

Ettienne Fourie – die man van die Parkeraad wat saam met ons tussen L’Agulhas en Ratelrivier seelangs gery het.

Ferdie Spamer – voormalige boekhouer van Lord de Saumarez.


Dan aan ’n onbekende in die Biblioteek van die Parlement, ene B van Eck, wat die “verlore” toespraak van Harold Macmillan oor die *Winds of Change* opgespoor en aan my besorg het.

Verder is ek baie dank verskuldig aan die *Information Officer of Buckingham Palace* wat vir my die probleem met die Drie Vere met woord en fotostate uiters knap opgelos het. Haar naam is Michele Edwards.

Die boek oor *Thomas Bowler – His Life and Works*, deur Frank Bradlow, was ’n amper daaglikse naslaanwerk met tye.

**Addisionele erkenning**

Daar is nog so baie mense wat gehelp het met die boek wat Dalene nie spesifiek hier genoem het nie. Ons wil dan nou vir al die mense baie, baie dankie sê.


Bredasdorp
Gansbaai
Elim
Strandveld
Elim
Strandveld
Dangerpunt
Vogelvlei
Dyereiland
Buffeljagsberg
Soetendalsvlei
Soutpan
Soutbos
Soetanysberg
Springfield
Ratelrivier
Renosterkop
Rietfontein
Quoinpunt
Die Walle
Kaap Agulhas
tiese Oseaan
Atlar

# EEN

DIE SONDAGAAND HET die plan hom skielik binnegeval: hy moet ’n boek skryf. Dringend. Woord vir woord. Soos om jou blyplek aankant te maak voordat jy wegtrek. ’n Boek wat nuuskieriges moet keer om deur skrewe te kom loer en leuens te versin wat van hom ’n snaaksheid sal maak.

Probleem is, hoe skryf ’n mens ’n boek?

Begin by die begin – al het jy nie ’n begin nie. Al het die twee vreemdes reeds gekom om teen die duin te kom snuffel waar jy veronderstel was om jare gelede begrawe te gewees het.

Val in die pad, loop seelangs Agulhas toe en koop potlode en skryfpapier. Kyk sommer of die tobie se twee eiers al uitgebroei is sodat hy vir Lord kan sê.

Lord mag ’n hoë man wees, maar hy kan soms skoon kind raak oor wildegoed. Soos die keer toe die tobies onderkant sy seehuis by Die Walle tussen die seepampoene in die sandholtetjie gebroei het en dit tyd was dat die kleintjies moes uitkom. Behaaglik gelag toe die grysswart bondeltjies uit die holtetjie kom …

Skielik in teleurstelling uitgeroep dat dit die verkeerde kuikens was! Hulle bekkies en beentjies was dan nie rooi nie! En waar’s die rooi kringetjies om die oë?

Dit kos hom mooi verduidelik dat hulle nog te klein was om Lord

weer tevrede te kry.

"Los nou die kuikens, Lord, ons moet huis toe gaan," het hy vir Lord gesê. "Cornelius was al gister hier, hy't gesê hy sal vandag weer kom."

Cornelius is Lord se drywer – chauffeur; kom altyd met die Jeep van Springfield af om hulle by die see te kom haal. Lord dryf nie self nie. Dit was al laatjaar, maar die luggie was nog koud; as die son sak, het Lord klaar begin rittel en moes hy wat Moses is, ekstra komberse in die ander kamers gaan haal om hom met stoel en al toe te woel. Slaaptyd van voor af sukkel om Lord warm te kry vir die nag.

"Solank Cornelius nie seelangs kom nie."

"Hy sal nie."

Lord het Cornelius belet om seelangs te kom as die tobies broei. Dan was dit sandpad, slegpad oor die duine Springfield toe. Skud-skud. Uitkyk vir skilpaaie sodat geen wiel per ongeluk 'n poot raak nie, of 'n skerpsnoetveldmuis platry nie. Amper tien myl. Oor Renosterkop se werf en 'n wyle stilhou om Bettie Swart te groet. As Lady die dag by is, is dit 'n lang groet, want dan word daar eers naaldwerk gepraat omdat Bettie al vrou in die Strandveld is wat vir Lady aan 'n naald mag vat.

Lord en Lady. Twee vreemde siele wat hier op die suidste punt van Afrika kom uitspoel het om suutjies klaar te leef. Eindpunt van Afrika waar honderde skepe met kapteins in misgisting nie ver genoeg verbygehou het nie, waar hoë branders jou tussen rotsriwwe kom induiwel en net die dood jou kan uithaal en laat begraaf. Of die son jou gebeentes kom wit bak.

Maar Lord en Lady het immers gekies om hier te kom uitspoel. Lord om vir vyf jaar nog te bly asem – dis die tyd wat die dokters hom gegee het – sodat die sterftaks in Engeland hom nie uitkalwer en al sy goed opeet nie.

Dit was jare gelede. Lord leef nog altyd.

Hy, Moses Swart, is die een wat regtig in Rietfontein se baai uitgespoel het. Daar waar 'n mirakel hom kom optel het en 'n flentertjie onthou diep in hom agtergelaat het. 'n Snaakse onthou wat

nie weggegaan het nie, maar altyd in hom bly knaag het soos ’n droom wat hy nie onthou kan kry nie. Altyd in hom gespook het, al verjaag hy dit hoe. Wat hom op die vreemdste oomblikke bekruip en bespring het.

“Lord,” vra hy eendag, “kan jy onthou toe jy gebore is?”

“Waarom so ’n vreemde vraag, Moses?”

“Kan jy?”



“Nie my geboorte nie. Ek onthou wel die kinderkamer waar ek op ’n dag my gehate klere in die vuur gegooi het.”

“Hoekom?”

“Dit was te fancy, blou fluweel met ’n groot kantkraag om die nek. Ek het dit gehaat.”

“Ek hoop Lord se ma het jou goed gelooi.”

“Nee, Moses. Ons mense slaan nie sommer aan kinders nie. Jy sal nie verstaan nie.”

Dis reg, mens verstaan nie. Of jy verstaan en hou jou aspris dom.

Nie lank gelede nie vra Lord die dag: “Moses, weet jy iets van dertien grafte by Rietfontein se baai?”

Waar sou Lord hoor van die grafte?

Hy moes vinnig uitswenk, die vraag was onverwags. “Daar’s heelwat grafte oral op die duine, daar’s baie Strandlopers begraaf. Die potskerwe wat ons by die see opgetel het en wat nou op die rakke in Springfield se buitekamer lê, is alles Hottentotgoed.”

“Wat is Hottentotte?”

“Lord sal nie verstaan nie. Uil Kamas is ’n amper-een, maar nie volbloed nie.”

“En Elim se mense?”

“Hulle is basters. Meeste meer wit as bruin. Die ou sendelinge van oor die see het voorjare goed gewoel onder die Elim-meide. Dis tyd dat Lord vir Hanna Hans op haar plek sit, sy speel glad te veel baas op die werf.”

Hanna is ook van Elim af. Soos al sewe of agt die bediendes op Springfield.

Mens moet jou woorde reg slyp as jy Lord antwoord. Hy praat nie Afrikaans nie, of verstaan dit nie. Lady ook nie.

Van hy ’n langbeenklong was, van hy kan onthou, was daar altyd iewers in hom ’n ontevredenheid wat hy nie verstaan het nie. Iewers in sy kop en deur sy hele lyf. Diep. Selfs as hy slaap. Hy was nie honger nie, hy was nie koud nie, dit was eerder asof ’n pad skielik voor hom weggeraak het en die vreeslikste alleen om hom toevou. Soos wanneer die dik-dik mis Ratelrivier en die hele Strandveld soms kom toevou het.

Miskien was dit omdat hy ’n oumenskind was. Sy ma was oud. Sy pa was oud.

Die gevoel was al daar toe hy nog in Ratelrivier se skool was en sy ma hom elke oggend geskrop en aangejaag het om daar te kom. Juffrou Cornelia se skool onderkant die hoofhuis, goeie vrou wat smiddae vir sy ma kom vertel het hoe oulik hy in die skool is. Slim. Nie lank nie, toe besluit sy ma dat hy ’n geleerde sal word, nie skaapwagter soos sy pa nie.

Sy pa het net gesê skape oppas leer jou wat geen boeke jou kan leer nie.

Toe hy klaar was met plaasskool, moes hy oorskuif dorpskool toe, koshuis toe. Afskuwelike plekke vol vrot lug. ’n Week en ’n half, toe loop hy die hele ent pad terug huis toe. Sy ma huil, juffrou Cornelia

huil, die predikant kom bid.

Sy pa skel en sê hy's nou op gesukkel met 'n ondankbare maaksel, God sal maar self met hom moet kom afreken. Loop haal aan die skape in die onderste kamp, vat die hond saam, hy't meer in die kop as jy.

Hy het die skape loop aanhaal, in die veld vir die eerste keer 'n soort tevredenheid gevoel. As die seewind oor die duine kom, is daar 'n vrolikheid oor die aarde van al die duisende en duisende sewejaartjies wat wieg en dans. Te mooi. Geles, wittes, pienkes. Plate en plate. Wat die Elimmers kom afpluk en in sakke prop en opstapel op die waens en donkiekarre en op die dorp gaan verkoop. Meeste vir matrasse se stopsels. Party in bossies gebind om na anderland gestuur te word waar mense nie sewejaartjies ken nie.

Sewejaartjies gaan nie dood nie.

Toe gaan sy ma dood. Die volk het kranse van sewejaartjies vir die graf gemaak. Sy pa het gehuil. Hy het gehuil. Die volk het gehuil. Miss Sanna was 'n goeie vrou.

Nie lank daarna nie moes hy eendag op die dorp die perde vashou terwyl sy pa met die man van die bank gaan praat.

"Die bankman sal kyk dat jy die geld kry wat daar is as ek iets oorkom," sê sy pa toe hy uit die bank kom.

"Hoekom wil Pa iets oorkom?"

"Ons is almal sterflik, Moses, ek is amper tagtig. Bly by Mister Corder as ek iets oorkom, vat die skape oor. Onthou, jy hoef nooit voor iemand jou kop te laat sak omdat jou pa 'n Swart was wat skaap opgepas het nie. Jou oom Johannes Swart was die groot lord van die Strandveld, Michiel van Breda van Soetendalsvlei, se regterhand. Vir jare. Wat ek van skaap weet, het ek by Mister Van Breda geleer. Slim man, was nie bang om teen te skop toe die Engelse ons onder hulle troon wou inkrap nie. Prontweg gesê dis 'n skande om Kaapse wette in Londen te wil maak. Roep my eendag, wys my die Groot Boek wat hy besig was om vir skape te skryf. Skaapwette. Die dag as jy by my oorvat by die skape, moet jy heel eerste daardie boek gaan deurlees

en geleerd kom."

"Ek wil nie skape oppas nie."

Dit het verkeerd uitgekom en 'n ergerlikheid uit sy pa laat stoot.

"Hoekom nie? Dis 'n edele werk, dis 'n Bybelse werk!"

"Ek weet, dis net dat ek nie van skape hou nie, hulle is onnosel."

"Nee, jý's die onnosel een. 'n Man moet vashou aan die werk wat hy het, die Woord sê wie nie werk nie, sal nie eet nie. Onthou, die ramme moet op 15 September by die ooie kom. Dit staan so in Mister Van Breda se Groot Boek. En as 'n skaap die lamte kry, kyk eerste vir bosluise ..."

Hy was nie 'n skaapwagter nie.

Amper twee jaar later is sy pa dood en het Mister Corder kom vra of hy sal oorneem by die skape. Hy vra eers tyd om te dink. Gaan soek raad by ant Bettie Swart op Renosterkop; sy was nog altyd vir hom 'n aanspraak na sy ma se dood.

"Hoe gaan dit, Moses?" Duidelik bly om hom te sien.

"Goed, ant Bettie."

"Ai, dit kon seker nie maklik gewees het om jou pa ook te verloor nie. Gaan jy aanbly op Ratelrivier?"

"Ek weet nie, ant Bettie, ek is nie rêrig 'n skaapwagter soos my pa nie."

"Ek verstaan. Wat van gaan visvang?"

"Ek is ook nie 'n visserman nie."

"Hulle soek nog manne om te help robbe doodslaan op Dyereiland. Vry inwoning, kos, tiekie 'n rob."

"Ek was laas jaar daar. Hoofman Andrews het laat verneem of ek nie as onderbaas wou kom werk nie. Hy was dringend op soek na verantwoordelike manne wat nie gedurig wou uitkom wal toe om te gaan suip nie. Toe laat weet ek hom ek sal kom kyk. Toe gaan kyk ek. Drie dae lank op die eiland gebly. Nou kan ek met 'n rein hart sê ek hoop nie ek hoef ooit te gaan robbe doodslaan vir 'n lewe nie."

"Ek verstaan, Moses, al verstaan ek jou nie altyd nie. Jy's anders as

ons hier in die Strandveld. Maar jy ken die veld, jy’s lief vir die veld. Dalk moet jy vir iemand gaan boer. Ek meen.”

Sy’t nie regtig gesê wat sy wou sê nie.

Sy’t nie geweet van die dag by Rietfontein se baai nie, toe almal gaan kyk het na die baggerboot wat in stormsee agter die sleepboot losgekom en uitgespoel het. ’n Man van Bredasdorp het die kontrak gekry om die skip op te breek en die ysters en goed weg te ry met sy vragmotor. Nuuskieriges het in hordes gaan kyk, oopmond gestaan toe hulle ’n porseleintoilet wal toe bring, niemand het nog ooit so ’n ding gesien nie.

“Kompleet jy skyt in ’n blompot,” het een ou oom gekommentaar.

Almal staan hulle en verkyk aan die skip se opbreek. Niemand kom agter daar’s iets met hóm verkeerd nie. Daar was die snaaksste bewing in sy bene. Hy sweer. Hy het eenkant gestaan, want hy moes vir Rietfontein se baas die perde vashou, daar was niemand vir wie hy kon sê daar skort iets met hom nie. Dat sy knieë wou knak nie. Dat hy gif moes ingekry het nie. Die mense staan rond, hulle gesels. Oom Piet Rietfontein kyk om, hy sien hom staan met die perde en word skielik onstuimig, hy skree: “Vat weg die perde daar, Moses, jy staan op graftes.”

Hy skrik en staan weg. Die volgende oomblik is die bewe weg uit sy bene.

Hy was al halfpad huis toe, toe skrik hy weer … Graftes? Was die hopetjies seeklippe die graftes? Hopetjie hier, hopetjie daar. Watse graftes? Waarom wou hy omdraai en die geraamtes onder die sand gaan uitgrou omdat iets vir hom gesê het hy ken hulle? Dat hy oor hulle wou huil en huil totdat hulle weer lewend was!

En hom kom haal.

Dit was voor hy vermoed het – diep in hom geweet het – dat iewers ’n stroom onsienbare dinge oor die aarde lê. Soos lig. Nee, nie lig nie. Opgebondelde spookgoed wat soms stukkies afsplits en jou onverwags kom tref.

Toe hy klein was en bang was in die nag, het sy pa altyd gesê dis sy verbeel.

Wat's verbeel?

Iets wat nie regtig is nie en sommer uit jou kop val. Slaap!

Nee, dit val nie uit jou kop nie. Dis iets wat jy soms per ongeluk raak trap – asof jy vir 'n oomblik deur 'n skrefie loer in 'n plek in waar geheimgoed gebêre word. As jy sou ingaan en begin snuffel, sou jy allerhande goed kry, dis net dat jy te bang was om te gaan krap. Bang vir dit waarop jy kon afkom – al die goed onder die stof.

Jou taak is om net te leef. Nee. Hoe is leef eintlik?

Hy het een hele dag dié vraag agter hom aan gesleep toe hy die wegdwaalskaap teen Soetanys se bergkoppe moes gaan soek. Leef, het hy uiteindelik besluit, is 'n versie wat jy oor en oor moet leer totdat jy die woorde ken en begin verstaan. Tot dan moet jy maar net aanhou loop.

'n Versie met duisende woorde. Wat jou uiteindelik bang maak en laat omdraai en laat leer om te luister na wat ander sê.

Dis makliker.

Nee, hy wou nie skape oppas vir die res van sy lewe nie. Hy het nie die waarheid oor skape gesoek nie, al staan dit klipgooi ver in Soetendalsvlei se Groot Boek neergeskryf deur die grootman Michiel van Breda. Wat lankal ook onder die grond is.

Immers het Breda skape en hulle oppassers vry gemaak deur 'n streep te trek deur die gebruik om skape kraal toe te jaag saans terwyl jou grond vol slote getrap word. Man wat 'n nuwe wet vir skape gemaak het wat sê skape kan maar los loop in die nag, solank die kampe net groot genoeg is.

Mens kry vandag nog respekte vir die drie myl lange klipmuur wat Michiel van Breda van die see af tot by Soetendal se beroemde varswatermeer laat pak het vir sy meer as drieduisend lammerooie. Selfs die Kaapse Parlement het dit te hore gekom en 'n Kampwet gemaak wat te veel vee in 'n kamp belet en die toestand van die kampe voorgeskryf het.

Skielik kyk jou oë anders na Soetendalsvlei se eeue oue woning. Onwetend trap jy op ’n stukkie bêregoed wat jou botstil op jou voete laat gaan staan. Jou oë sien skielik anders. Meeste van die hout in daardie huis is uit die see gesleep met osse nadat ’n Hollandse skip op pad terug Holland toe naby Agulhas op die rotse geloop het. Baie het verdrink. Die oorlewendes loop Kaap toe, weke lank; klim oor die helse Hottentots-Hollandberge en doop die plek agter hulle met die naam van die vergane skip: Zoetendal. Dit word Soetendal, die vlei word Soetendalsvlei.

Die Strandveld het nie bome nie, net mooie melkhoute waarvan die blare nie vir sout seewind skrik nie. Verder is die Strandveld heuwels op heuwels, oorgroei met dwergbossies en sandduine seekant toe. Hout vir huisgebruik het van die skeepswrakke gekom. Die waters om Agulhas is later die begraafplaas van skepe genoem en die boere het van heinde en ver met osse en waens gekom om te oes.

Totdat die Goewerment nog nuwe wette moes skryf om hulle te belet: oortreders sou swaar gestraf word, skeepswrakke behoort aan die Goewerment!

Nie dat die boere hulle veel gesteur het nie; Goewerment se oë is nie orals nie. Die see om Afrika se suidste punt het hom ook nie gesteur nie; skepe het steeds teen die rotse kom vergaan. Wrakhout is steeds hewig vertimmer vir huisgoed, balke, vloere, deure.

Toe besluit ’n dom-slimme eendag om Soetendal se varswatermeer na te maak. Dit was nie reg dat een stuk grond al die geluk van soveel vars water het nie, Renosterfontein sou ook ’n meer kry. Die dom-slimme sal ’n wal oor die Slangrivier gooi waar dit in die vars water van die Breederivier inloop. Hoogwater sal vars water oor die wal stoot en die wonderwerk laat gebeur. Hy moes net wag.

Hy wag.

Toe reën dit agt dae lank en die Slangrivier kom vir die eerste keer in baie jare af en spoel die damwal weg. Die seewater stoot ’n skrikgety van soutwater in die Breederivier op, draai by die Slangrivier in en gooi ’n helse seewatermeer oor die veld.

Later is die damwal herbou, maar die water het sout gebly en die

aarde brak waar dit opgedroog het.

Soetendal se meer wou nie nagemaak wees nie, hy't sy plek op die landkaart gekry as die grootste varswatermeer in die suide van Afrika.

Nee, hy wou nie skaapwagter wees nie.

Alhoewel hy op Ratelrivier moes uithou omdat hy nêrens anders had om heen te gaan nie.

Ergste was die gevoel van leegheid in homself; jy's iemand, maar jy's niemand nie. Die vrae wat hom agter die skape teen die berghange kom koggel het: Wie is jy? Wie wil jy éintlik wees? Die antwoord wat kom saamkoggel het: Ek weet nie.

Wees dan wie jy is: Moses Swart.

Nee, hy was nie Moses Swart nie.

Iewers het 'n pad onder hom weggeraak en hom menige dag soos 'n verdwaalde laat struikel, hom laat hunker na iewers waar hy kon tuishoort.

Mister Corder het soms iets agtergekom, hom vreemd aangekyk en gevra of hy ongelukkig is.

"Ek kla nie, Mister Corder."

"Ek weet, Moses. Dis net dat dit lyk of jou hart nie regtig by die skape is soos jou pa s'n was nie."

"Ek dink darem nie die skape het klagte oor my nie, Mister Corder, dis net dat ek nie my pa is nie. Hy het skape verstaan."

"Dis waar. Maar laat my sommer reguit sê: Ek kry meermale die gevoel dat jy gedurig op die uitkyk is om net te verdwyn. Hoekom, Moses? Jy's in hierdie wêreld gebore en het hier grootgeword. Wat is dit wat jou so pla?"

Ek sukkel om te verstaan van leef, Mister Corder, ek sukkel om terug te kom op die regte pad, ek weet nie waar die regte pad is nie. Ekskuus, Mister Corder sal nie verstaan nie. Ek verstaan self nie, hoewel iets soms in die nag vir my sê dat ek net moet uithou, daar sal iewers 'n hek vir my oopgaan …

Jaar in en jaar uit. Hy wil nie op Ratelrivier wees nie, maar hy bly

op Ratelrivier.

Die dag het hom stadig bekruip wat hy nie langer die onderste voetpad op Ratelrivier kon vermy nie. Die dag wat ’n spook hom in die kloof afgejaag het tot waar Katoeka vir haar ’n slimme boskaia tussen drie inmekaargestrengelde melkhoute gemaak het. As jy nie geweet het nie, sou jy nooit geraai het daar bly ’n mens daar binne nie.

Kruip tussen die buitetakke deur, roep vooruit sodat sy jou kan hoor en uitkom – of bly wegkruip. Oud en verrimpel, kaalvoet. Glasoë wat jou fyn uitkyk. Hulle sê sy het die ander kyk ook – vorentoe en agtertoe – sien jou hele lewe deur. Hang af of sy in die luim is.

“Môre, Katoeka.”

“Môre, Moses. Wat soek jy?”

“Waarheid.”

“Wat waar is?” Kortaf en uitdagend terwyl sy al dieper in jou in kyk.

“Ek kom soek waarheid by jou, Katoeka. Jy weet die meeste van almal, jy sal nie fluister soos die ander nie.”

“Suutjies praat is stront praat. Sit.”

Op ’n stuk boomstomp. “Jarrie sou jou gesê het.”

“Hy het.”

“Wat het hy gesê?”

Sy probeer wegkom. “Dis lang jare se goed, Moses. Jarrie is lankal dood en begraaf.”

“Wat het Jarrie gesê, Katoeka?”

Sy kyk skerp op, sien in sy oë daar’s nie uitkomkans nie.

“Hy’t daai tyd by Rietfontein skaap opgepas vir oorle’ Koos Nigrini, Jarrie kom die hele dag nie uit nie. Toe hy donkeraand by die huis kom, toe’s hy stom. Kan nie praat nie. Sit net die ding in sy arms neer, ek dog dis ’n dooie lam. Dit was mooi jy. Eers die volgende oggend sê hy van die skip wat by Rietfontein se baai vergaan het. Die verdrinkte mense wat oral so lê. Hy’t gehardloop en vir Koos gaan sê. Koos sê hy

bel dadelik die veldkornet, Lourens was sy naam, nou ook al dood. Jarrie hardloop terug baai toe, mens weet nooit wat tussen die drifsels uitspoel om opgetel te word nie. As die veldkornet eers kom, moet jou hande in jou sakke bly. Wet. Jarrie snuffel en snuffel, dit begin reën. Hard. Hy snuffel, maar als is nat, kry nie juis iets nie. Toe sien hy dit."

"Wat?"

"Wat jy gekom soek het."

"Wat, Katoeka?"

"Moses, as jy 'n kombers oplig, moet jy nie kla as jy 'n adder kry nie. As jy doodstil bly lê, seil hy dalk weg."

"Ek bang nie 'n adder nie."

"Nie?" Soos 'n waarskuwing.

"Nee. Ek loop hulle verby."

"Hierdie een is klaar besig om agter jou aan te sleep. Ek sien dit."

"Wat het Jarrie gesien?"

"Dat een van die bondels tussen die rotse 'n roering maak. Jarrie skrik, hy loop nader. Dis 'n dikke jas. Hy lig dit op, hy sien daar's 'n lewende onder die ding. Opgeskote kind. Nat en blou geverkluim. Hy trek sy baadjie uit, draai dit om die kind, maak hom met sy lyf warm en begin hardloop. Sleep die jasding saam. Bring die kind vir my, sit hom by die stoof, ek voer hom warm sop. Te aardig. Ek sê vir Jarrie: die kind gaan dit nie maak nie. Jarrie sê hy kon hom nie daar by die see gelos het nie, dit sou moord gewees het. Ek trek die kind warmgoed aan, ek voer hom lou melk met suiker in. Lourens kom die volgende oggend te voet aan, daardie tyd bly ons in die kleihuis op Ratelrivier se werf. Ek sê vir Jarrie om die jasding te gaan wegsteek, ons sal hom in die son gooi as die reën verby is. Daar's twee man by Lourens, hulle moes die ryding op Elim los, die reën was te kwaai, hulle kon nie deur nie. Hulle sien die kind. Lourens sê die kind lyk sleg, hy gaan dit nie maak nie. Die een man, Willem Swart, tel die kind op en hou hom teen sy lyf, hy vryf en vryf die koppie en die armpies en die ruggie. Mooie kind. So vier of vyf. Lourens se oë word

leperig. Hy sê vir die man: God het vreemde weë, Willem. Daar's die kind waarvoor jy en Sanna soveel jaar al bid."

"En toe?"

"Toe's hy hier weg met jou. 'n Jaar later, toe Sanna jou kom wys, toe's jy netjies aangetrek, opgeskoot, keppie op die kop, mooi geaard en jaag my hoenders oor die werf. Sanna sê hulle het pampiere op Swellendam gekry, jy's nou wettig; die magistraat was haar ma se eie broer en goed geleerd. Kompleet soos 'n ou kloekhen met 'n kuiken onder die vlerk. Ek sê: Pas hom mooi op, Sanna, God het hom vir jou laat uitspoel. Wat's sy naam? Moses, sê sy. Ek vra: Vir wat so 'n simpel naam? Hy't uit die water gekom, sê sy."

"Dankie, Katoeka."

Dan is al die jare se fluisterstories waar. Stories waaroor hy niks uit sy ma of pa kon kry nie.

Daar was nog iets wat hy moes weet.

"Kan jy onthou wanneer dit was? Die jaar."

"Dit kon 1905 of miskien 1904 gewees het. Jy kan by die kerk op Elim gaan uitvind, want ek onthou dit was die jaar toe hulle met die spaarbesigheid begin het. Almal moes 'n tiekie of 'n sikspens kerk toe vat om te spaar vir die armes. Jarrie sê: Gee vir hulle die jas, want die's toe al mooi droog. Ek loop steek die jas weg, daar was 'n geheim in die jas, ek sê dit nie vir Jarrie nie. Gee ook nie die jas vir die klomp daar op Elim nie; dink mos hulle is beter as ander."

"Katoeka, kan jy dalk sien waar ek vandaan gekom het? Weet jy wat die skip se naam was?"

"Nee. As jy vergaan is, is jou naam ook vergaan."

"Hoe gaan ek ooit weet?"

"Vir wat wil jy weet? Jy's nie van hier nie, jy's van ver gespoel, dis genoeg weet. Jy is Moses Swart. Sit dit in jou kop en hou dit in jou kop. Moenie probeer om iemand anders te wees nie. Sorg net dat jy nie 'n slegte word nie; dis al taak wat vir ons almal uitgesit is."

Jare later hoor hy van die vreemde man wat Springfield gekoop het,

dat hy glo baie ryk is en konings met die hand groet. ’n Lord de Saumarez van Engeland. As die mense van hom praat, is dit of hulle hoed afhaal.

Eendag sien hy hom self op die dorp. ’n Jeep hou oorkant die straat stil, ’n bruinman met ’n kep op en ’n witte baadjie aan is agter die wiel. Aan die passasierskant klim ’n deftige ouerige man met ’n wit snor uit. Duidelik nie ’n Strandveldse man nie. Nie ’n gewone man nie. ’n Man met net een arm; die tjeklap-baadjie het een slap mou. ’n Man met die gestalte van ’n waardige soldaat, al is ’n soldaat veronderstel om twee arms te hê.

By die sien van die vreemde man het ’n snaakse blyheid skielik in hom neergedaal. Soos koelte op ’n warm dag, koelte waarin jy wou gaan sit om skuilplek te kry.

By ant Bettie Swart op Renosterkop hoor hy dat daar ’n Lady ook op Springfield is. Die Lord se vrou. ’n Regte lady, Gunhild is haar naam. Sy, ant Bettie, is juis besig om vir Lady ’n skirt en ’n baadjie te maak van mooie lap, dure lap. By Stuttafords in die Kaap gekoop, waar die Lady en al die vernames koop, nie sommer by gewone dorpswinkels nie.

Dis nou behalwe die dure lap waarmee sy vir hulle gordyne maak en behalwe die dikke, dure lap waarmee sy Springfield se stoele oortrek en Lady in verstomming laat uitroep dat Bettie Swart ’n mirakel is! Daar’t laas week nog weer ’n vrag huisgoed van Engeland af gekom met die skip, vertel ant Bettie. Van die Kaap af met twee helse meubelwaens tot op Springfield.

“Jy’t in jou lewe nog nie soveel weelde gesien nie, Moses.”

“Ek glo ant Bettie.”

Toe hy weer eendag op Renosterkop kuier, sê ant Bettie die arme ou Koos Kok was die vorige week by haar, hy staan nou alleen in Springfield se tuine, Lord de Saumarez het die ander man in die pad gesteek.

Hy ken vir Koos Kok, het hom jare lank nie gesien nie. Kort mannetjie met ’n bleskop wat altyd haastig is. “Gaat jou pa weer

vrouvat?” het Koos altyd gevra as hy hom langs die pad of by die winkel kry.

“Nee, Pa is te oud.” Dit was nie lank voor sy pa se dood nie.

“Watwou, man is nooit te oud nie, hy moet sorg hê.”

“Hoe ’n soort mens is die Lord?” vra hy vir ant Bettie.

“Soos ’n mens.”

Sy voete het self die volgende dag Springfield toe geloop. Hy het nie gaan klop om werk te vra nie.

Eerste een wat kom bek rek het, was Hanna Hans, die hoofbediende, toe sy ou Koos kom roep het om te eet.

“Wie’s jy?” vra sy.

“Moses Swart.”

“Wat soek jy hier?”

“Ek het verneem dat Koos Kok tuinhulp nodig het.”

“Weet Lord jy’s hier?”

“Nee.”

“Lord laat nie allerhande vreemdes op sy werf toe nie.”

“Ek’s nie ’n vreemde nie.”

“Lord en Cornelius is dorp toe, jy hoef nie te wag nie.”

Baasmeid.

Hy wag.

Ou Koos was besig om klipdamme te maak. Ponds, het hy hulle genoem. Ponds waardeur ’n stroompie water loop om hulle vol te maak. Ponds wat netjies en sekuur uitgevoer moes word met klip.

Harde werk. Lang werk. Twee ekstra hande het dit makliker gemaak.

“Ek moet erken, jy vat nie sleg nie. Daar moet nog ’n bruggie van klip ook gemaak word, daar waar die krismisrose ingesit is. Mister Lord wil dit so hê. En koffieklipmuurtjies langs die kante, hy’t allerhande idees. Dis net dat ek nie weet wat hy sal sê as hy jóú hier

kry nie."

Dit was 'n groot tuin, duidelik die begin van 'n mooi tuin, maar mens kon sien daar was nog baie om te doen en dat Koos Kok hulp nodig sou hê.

Nee, hy was nie bang oor wat Lord sou sê nie. Dit was 'n onverklaarbaarheid wat hy, Moses, moes raak trap om 'n deel van die versie se woorde te leer.

Middelmiddag het die groen Jeep op die werf ingedraai. Die Lord het uitgeklim en reguit tuin toe gekom, die baasmeid wat agter hom aangedraf het, afgeskud en bokant die eerste pond gaan staan.

Blou, skerpkyk-oë, dieselfde blou as dié van 'n galjoenblom as die vuur verby is.

"Wie's jy? Wat maak jy hier?"

"Ek help vir Koos Kok in die tuin."

"Ek praat nie Afrikaans nie."

Hy herhaal dit op Engels, al weet hy die woorde is nie almal op die regte plekke nie.

Lord vra wat sy naam is.

"Moses Swart van Ratelrivier."

Toe word hy Mouses.

"Moses, saved from the sea," sê die Lord.

Nee, Moses wat uit die water gehaal is.

"In Egipte sou jy uit die see gekom het." Sonder om sy oë 'n oomblik weg te draai. Nie gewone oë nie. Oë wat iets sien wat hulle nie verstaan nie.

Die baasmeid het weer Lord se aandag probeer trek, ewe met hom Engels gepraat, gesê hy moet inkom, dit word koud. Die Lord het net bly kyk en kyk … iets het hom gepla.

"Ratelrivier. Waarom is die plek so verwaarloos?" vra die Lord.

"Daar's 'n vloek oor die plek gespreek."

"Watse vloek?"

"Voorjare het die eienaar se dogter haar slaaf gestraf deur hom aan 'n paal vas te maak wat sy in dryfsand laat plant het. Die derde dag, toe hy al amper dood was, onthou sy eers weer van hom. Maar die vloek was klaar gespreek en dinge was nooit weer dieselfde op Ratelrivier nie. Swak boerplaas."

"Nogtans 'n fraaie plek; die ou huis moes ook eens mooi gewees het."

"Seker voor die vloek."

"Ons sal eendag daarheen ry. Intussen kan jy Mister Kok help."

Kort en kragtig. Sonder omhaal. Soos 'n hek wat 'n bietjie oopgemaak word sodat jy kan inkom. Selfs ou Koos Kok se mond het oopgeval.

Daar is nie vir hom herberg aangebied nie, die baasmeid het wel teen die aand se kant kom vra of hy wou eet. Uit die hoogte en op Engels.

"Ja, ek is honger."

Hom nie genooi om saam met die ander werksmense te kom eet iewers in die groot ou dubbelverdieping-kliphuis nie, sy kos in 'n blikbord op die trappe voor die agterdeur neergesit. Hy't haar op Engels bedank.

Koos Kok het later kom sê daar's baie plek aan die agterkant van die huis, hy moes maar daar vir hom 'n lêplek gaan soek. "Hier's vir jou solank 'n kers."

"Wie bewoon die klein huis daar anderkant?"

"Sweetie en Johanna, hy's hoofman by die Soutpan."

Die Soutpan.

Plat, vlak meer. Drie of vier goeie klipgooie van Springfield se werf af, waar iemand 'n ry bloekombome tussen die opstal en die pan geplant het om hopelik vorentoe die pan te verdoesel.

Snaakse plek, die pan. Dooiwater. Vol brandertjies in die wind wat van die suidekant af waai.

Vir wat doen 'n ryk en vername man moeite om te laat sout

skraap? Simpel.

“Beste sout in die land,” sê Koos Kok. “Gansbaai se koöperasie koop al Lord se sout, die vissers wil nie met ander sout sout nie. Lord se sout laat nie die vis pienk word nie. Hoewel ek van vermoede is dat dit nie oor die sout is wat Lord die pan aanhou nie, dis eerder oor die pienk voëls. Baie seeduikers en kolganse ook, maar hy’t ’n ding oor die pienkes. Eienaardige man, dié Lord. Verstaan hom nie. Maar immers gee die pan ’n hele paar mense werk. ’n Goeie jaar se somer lewer maklik tot vyftigduisend sakke sout. Gansbaai kom by die veertig myl ver om dit te kom haal; rygoed is opgeroes van soutsakke laai. Wintertyd rus die pan.”

“Ek wil nie daar werk nie.”

“Oppas, verleë het nie uitsoek nie.”

Drie jaar van sy lewe het hy op Lord se soutpan gewerk. Sout geskraap, sout gewas. Gawie Willemse gehelp by die masjinerie wat moes maal en weer maal; ’n slim man wat eintlik ’n ingenieur sonder papiere was en langs Sweetie gesorg het dat die soutpan somertyd vak na vak geskraap word. Gehelp om die sout in die konkreetkuipe te was; gehelp om die gewaste sout oop te sprei om droog te word.

Party dae het hy opdrag gekry om vir Koos Kok in die tuin te gaan help. Dan kon hy ontsnap uit die amper-slaaplewe wat hy by die soutpan gevoer het terwyl hy diep in homself geweet het dat hy net moes uithou.

“Ek hoor Lord stel belang om Ratelrivier te koop,” sê hy eendag vir Koos Kok.

“Ek weet nie so mooi nie,” sê Koos Kok. “Mister Lord se kop is oor die see op die oomblik, Lady is al amper twee jaar weg. Hy’s besig om te kwyn van die verlang, ek kyk hom so.”

Lady was oor die see na haar mense toe. Sy was besig om ’n boek te skryf, oor haar mense wat uit Swede gekom het en oor Lord se mense in Engeland.

# TWEE

TOE KOM DIE dag dat Lord hom by die soutpan laat roep.

"Ek verneem by Mister Gawie Willemse dat jy raakvat daar by die Pan."

"Ek help waar ek kan, Lord."

"Volgens Mister Willemse het jy 'n beseerde kolgans in jou sorg geneem en gesond gemaak."

"Dit was 'n klein gansie, Lord, hy't seergekry toe ons oorkant geskraap het. Ek het hom kos gegee en sy vlerk gespalk sodat dit kan aangroei. Miskien was die vlerk nie eers rêrig af nie, nou loop hy agter my aan en kom as ek hom roep. Sy naam is Piet."

"Ek is bly dat jy na hom kyk. Springfield is besonder gelukkig om so 'n ryk voëllewe te hê."

"Die oumense het gesê mens moet respek hê vir voëls, Lord, hulle is die boodskappers tussen hemel en aarde."

"Dis 'n mooi gedagte, Moses." Die blou oë wat skerper kyk. "Glo jý dit?"

Ek weet nie wat ek glo nie. "Die kolgans verras my soms met die verstand in sy kop, Lord."

"Kom asseblief môreoggend werf toe. Ek wil hê jy moet saamry Ratelrivier toe."

Dis of ’n tronkdeur vir hom oopgaan – of hy iewers die uithou deurstaan het en uiteindelik raakgesien is, soos Josef in die Bybel.

Toe hy die volgende môre op Springfield gaan aanmeld, staan die Jeep klaar uitgetrek. Cornelius het sy stywe wit baadjie aan, pet op die kop en kerkskoene aan. Lord kom van die huis se kant af.

Op pad Ratelrivier toe kom hy te staan voor ’n ander Lord. Wat Cornelius van die pad laat aftrek om na ’n visarend te kyk wat al tjankend en tydsaam oor die geil begroeide duine sweef.

Lord gee ‘n laggie en sê: “Is hy nie pragtig nie, Moses? Mens wonder watse boodskap hy vir ons onder sy vlerk verberg.”

“Sê seker ons moet onthou hy’s ’n hoë voël, maar hy’s reg om af te duik as hy honger is.”

“Dan’s hy op pad na Die Walle toe …”

“Om wat te gaan maak?” vra hy, Moses, ewe.

“Om vir hom ’n lekker vet harder te gaan vang.” Tikkie guitigheid in Lord se stem.

“Visarend vang nie harder nie, vang nie in die see nie.”

Lord gee ’n beterweterige snorkie. “Wag totdat jy hom by Die Walle sien visvang en die swartrugmeeue hom begin verjaag. Vra maar vir Cornelius.”

“Dis waar,” sê Cornelius. “Visarend vang partykeer amper uit Boet en Dick se net.”

“Ek glo dit moeilik.”

Boet en Dick is twee rowwe Strandvelders, vissermanne van die ou soort. Kry ’n skool harders sommer gou in die net terwyl die twee donkies voor die karretjie geduldig bo die hoogwatermerk staan en wag. Boet besit ’n lappie grond teen Soetanysberg, maar hy stel eintlik net in die see belang.

Dick is getroud met ant Bettie Swart van Renosterkop. As Lady daar aankom vir naaldwerksake, verdwyn Dick vinnig. Sê eendag by die soutpan vir hom: “Dis annerster mense hierdie, Moses; Strandveld maak buiging as een van hulle verbykom, en buitendien dink Bettie mos Lady sit op ’n troon. Loop met ’n vernaamheid oor die gesig as

Lady die dag hier was, of as sy 'n dag of twee op Springfield gaan naai het. Het jy haar al gesien? Die Lady."

"Nee."

Hy het met opset weggesteek dat hy die Lady wel eendag, lank gelede, gesien het. 'n Vreemde soort sien: twee bote wat in die oop see by mekaar verbyvaar sonder groet, maar tog weet dat hulle op pad is na dieselfde hawe. Die fynste mens wat hy in sy lewe al gesien het. Kompleet van porselein wat sal breek as jy aan haar stamp. Strooihoed op die kop. Groot swart hond ewe manierlik om haar bene. Nie 'n blaf of 'n teken dat hy wou bespring nie.

"Dis 'n mooi hond," sê hy. Mens kon nie net verbyloop nie. Hy was op pad van Renosterkop af; ant Bettie het gesê sy was Lady de Saumarez te wagte, dat die chauffeur haar soms 'n entjie van die huis af aflaai sodat sy die laaste ent deur die veld kan stap met die hond.

Hy't in sy lewe nog nooit so 'n mooi hond gesien nie, ook nie so 'n vrou nie.

Hy moes iets sê, hy't nie geweet wat nie. Toe vra hy: "Watse hond is dit dié?"

Sy antwoord op Engels, in woorde wat klink asof hulle ook van ver af kom. "Dis 'n jaghond, hy het van Engeland af gekom met die skip. Sy naam is Maxim."

Daar was iets verkeerd met die hond. Gebreklik of iets.

"Sy been is seer," sê hy sonder om sy oë uit die vrou se mooi blou oë te haal. Lobelia-oë.

Sy staan. Hy staan. Hulle ken mekaar. Hulle ken nie mekaar nie.

"Ja, hy het seergekry toe hy in 'n gat agter 'n rooikat aan is. Hy moet gereeld oefening kry. Ek is op pad na mevrou Swart van Renosterkop. Ken jy haar?"

"Ja. U moet die hond rou vis gee, dit sal hom sterk maak."

"Hy is sterk."

Die ongelooflikste vrou wat nie in die Strandveld gepas het nie. Hoe't Dick Swart gesê?

"Wag totdat jy haar sien, Moses. Nie meer jonk nie, maar in die

Strandveld sal jy haar maklik misgis vir ’n engel wat verbyvlieg. Ek het eendag ’n skoenlapper uit ’n kokonaffêre sien kom en vlerkrek voor hy wegvlieg. Lady kort net die kokon. Bettie sê haar trourok, toe sy met Lord getrou het, was oor die see in Parys gemaak. Hang op Springfield met spesiale lap om in ’n kas; Bettie sê jou oë glo nie wat hulle sien nie. Agt strooimeisies, agt strooijonkers … sy en Lady kan mos daglank gesels, Bettie sukkel nie met die Engels nie.”

Ja, hy het eendag die Lady gesien, maar hy wou dit nie sê nie. Toe gooi hy maar ’n ander draai. “Hoe gaan dit met die seebamboes se bymekaarmaak, oom Dick?”

“Lord wil ons party dae wegjaag. Dan maak ons of ons nie so lekker verstaan nie.”

Hy kan dit glo. Lord het op ’n dag seebamboes in die kop gekry, gesê dis in groot aanvraag vir allerhande goed soos grondkos en dinge. ’n Trekker en ’n sleepwa gekoop, permit van die afdelingsraad gekry en Dick en Boet aangestel om al langs die see af te gaan bamboes en seegras hoopsleep en laai. Dan word dit gemaal en Kaap toe gestuur. Goeie geld. Nie dat dit gelyk het of Lord geld nodig had nie.

Uit die bamboesinkomste het hy darem vir Boet en Dick goed betaal, hoewel dit sommige dae net die trekker was wat gestaan en werk het langs die strand: poef-poef-poef. Boet en Dick aan’t galjoen vang. As Lord vir Cornelius of Gawie Willemse stuur om te gaan kyk hoe die werk vorder, sê hulle hulle kan nie nou seegras optel nie, seegras loop nie weg nie, net vis loop weg. Die galjoen byt – môre is nog ’n dag.

Toe bring Hanna eendag die waarheid uit. Sy en Nellie maak vir Lord jellie van die bamboes sodat hy ook iets lekkers kan hê om te eet. Eers moet hulle die bamboes was en was tot dit spierwit en na Lord se sin is. Dan word dit gekook, dan laat mens dit koud word, word dik soos gelatien. Dan smelt jy dit met ’n bietjie water en voeg lemoensap by en laat dit weer koud word. Dan’s dit jellie en ’n vreugde om Lord dit te sien eet.

Toe hulle op Ratelrivier stilhou, kom Mister Corder dadelik nader. Staan 'n oomblik in verbasing toe hy sien Moses Swart klim ook uit die Jeep.

"Ratelrivier mis jou nog steeds, Moses," sê hy ewe vriendelik toe hy vir Lord en Cornelius klaar gegroet het.

Ek mis nie vir Ratelrivier nie, sê hy in sy binneste. Uit die hoek van sy oog sien hy Gawie Lourens om die hoek van die huis talm. Gawie is die jakkalsjagter wat oor Ratelrivier se honde aangestel is. Honde bly in die hokke by die ingang na die werf toe, met mure van klip wat hoër gemaak is met pale en sifdraad, vloere van sement en klip sodat dit afgespuit kan word. Nie 'n hondedrol wat rondlê nie.

Maar steeds 'n stink plek wat hy altyd vermy het omdat hy nie die jakkalskoppe en rooikatkoppe wat by die hek opgespyker was wou sien nie. So goed al die dooies in die begraafplaas se kopbene word by die ingang opgespyker. Rumoerige plek. Blaffende honde. Geleerde honde – Gawie Lourens se jaghonde.

Gawie is 'n man met 'n swiep aan die lyf, man wat op 'n perd sit met 'n deftigheid wat vroumense skaamteloos laat omkyk.

"Moses was net so goed soos sy oorlede vader met die skape," voeg Mister Corder by.

Ek is nie 'n skaapwagter nie.

Lord is besig om ver en aandagtig om hom rond te kyk; kompleet asof hy besig is om met sy oë te dink. "Ek sien julle flaminke is reeds terug," sê hy. "Hulle is vanjaar besonder laat op Springfield. Op die soutpan." Met 'n onmiskenbare sweempie onrus in sy stem.

Koos Kok sê Lord kan siek word van gemoed as die flaminke die jaar nie terugkom nie; dat hy eintlik heimlik die tyd van soutraap haat omdat dit die pienk voëls verjaag.

Die flaminke kom gereeld aan die oorkant van Ratelrivier in die moerasveld waad; snater soos 'n klomp ganse, skep-skep met hulle agterstevoor koppe die hele dag – lyk altyd of iemand die koppe verkeerd aangesit het.

"Ratelrivier s'n is al meer as 'n maand terug," sê Mister Corder.

“Die Strandveld se voëllewe is voorwaar ryk en gesond,” sê Lord.

Vra later: “Hoe ver stoot hierdie rivier op, Mister Corder?”

“Ver. Oor Dirkuyskraal tot bo waar dit by die Koksrivier in twee splits.”

“Volgens die kaarte is Dirkuyskraal eintlik die boonste deel van Ratelrivier?”

Lord is nie stupid nie; sy galjoenblomogies vertoon skielik blouer.

“Ja,” sê Mister Corder.

Sonder die vloek, sê hy by homself.

“Met ander woorde,” sê Lord, “ek lei dan af dat die rivier eers heelwat nader aan die opstal verbygevloei het?”

“Ja,” beaam Corder. “Fletcher, die man by wie ek destyds die grond gekoop het, het die rivier verlê omdat die grond hier om die opstal so nat was. Amper soos ’n moeras in wintertyd gewees, baie koud.”

Hy, Moses, het dikwels sy pa hoor praat van die rivier wat Fletcher verlê het. ’n Diep sloot meer ooswaarts laat grou om die water verder verby te laat vloei en ’n nuwe uitloop onder by die see te gaan uitkalf.

Riviere, het sy pa dan gewaarsku, is die aarde se are, hulle het hulle lope. So goed jy vat God se werk oor en verlê die are in jou lyf. Maar as Fletcher dom wil wees, is dit sy saak …

Miskien was Fletcher nie regtig so dom nie; die rivier lyk heel gelukkig in sy nuwe loop en Ratelrivier se werf is minder nat. Behalwe as dit die jaar baie reën en die rivier nog water byskep uit die bergaflope. Hulle sê dit was juis in so ’n nat jaar wat die meisiekind die slaaf aan die paal begraaf en vergeet het. Toe hy die vloek uitgespreek het.

Toe Lord sy kyke klaar gekyk en gegroet het, sê hy vir Cornelius hulle moet seelangs terug Springfield toe, hy wil graag by Die Walle by sy seehuis langs.

Vir wat? vra hy in sy hart; om oor Ratelrivier te gaan nadink? Los die plek, daar’s ’n vloek oor die plaas, daar is tot ’n moord in daardie

opstal gepleeg.

Lord sal nie verstaan van spoke nie. Dat ’n spook, as dit loop gekry het, aanhou loop.

By die hondehokke moet Cornelius eers stop sodat Lord na die honde kan kyk en met Gawie Lourens handskud. Die kopbene bewonder.

Toe hulle by Die Walle kom, maak Cornelius die vensters oop en dra vir Lord ’n stoel uit buitentoe. Lekker in die son. Die see is rustig, breek witbrander van wes na oos so ver jou oë sien; spetter speels en lui teen die klippe en rotse. Niemand sal kan raai hoe deurmekaar hierdie einste see kan raak as die wind hom deurmekaarwoel nie.

Drie tobies soek mik-mik kos aan die kant.

En Lord kyk ver voor hom uit soos ’n mens wat diep dink.

Los Ratelrivier!

“Hierdie plek herinner my altyd aan die jare van my jeug, aan die skool wat my vader op die Eiland gestig het sodat ek kon skoolgaan.”

“Watse eiland, Lord?”

“Guernsey, een van die Kanaal-eilande tussen Engeland en Frankryk. Ek sal dit vir jou by die huis op die atlas wys.”

As sy kop op ’n eiland is, is dit immers weg van Ratelrivier af.

Cornelius bring vir Lord tee, sê daar’s klaar suiker in en begin ’n kol brakslaai voor die deur uittrek. Lord roer en roer die tee tydsaam. Mens sien hom nooit eet nie; die baasmeid bedien glo middae vir hom ’n stukkie gestoomde hoender of vis en ’n skorsie of iets. Kan nie eet nie, hulle het hom flenters geskiet in die oorlog. Sy maag, sy longe, sy arm af – nee, nie heeltemal af nie, soms sien ’n mens daar’s nog ’n stompie in die baadjie se mou.

“Toe dit tyd was dat ek moes skool toe gaan, het my vader ’n ou kliphuis op die rotse teenaan die see omskep in ’n skool en ’n onderwyser uit Engeland laat kom. Tussen die ander seuns wat kom inskryf het by die skool was een wat my beste vriend sou word: Lothair Blücher, seun van die beroemde prins Blücher wat op die ouderdom van 71 nog teen Napoleon by Waterloo geveg het. Lothair

se weduwee en sy enigste oorlewende seun is baie besondere vriende van Springfield, Moses. Jy sal hulle nog ontmoet, hulle boer by Botrivier op pad Hermanus toe."

Iets is vreemd. Die feit dat Lord skielik begin het om met hom te gesels. Nie praat soos met 'n arbeider nie, gesels soos met 'n vertroueling. Hoekom? Omdat hy 'n kolgans met 'n af vlerk mak gemaak het?

"Die seun is graaf Alec Blücher en sy ma is gravin Blücher – eintlik prinses Louise Radziwill, maar ons noem haar Loulou. Een van die slimste vroue wat ek ken."

Lord is nou genadiglik ver van Ratelrivier af.

"Waar het jý skoolgegaan, Moses?"

"Die plaasskooltjie op Ratelrivier se werf, 'n entjie onderkant Mister Fletcher se perdestalle."

"Waar kom die naam Ratelrivier vandaan? Was dit iemand se naam?"

"Nee. Daar was voortyd baie ratels. Rattles. Ek dink dis die regte woord."

"Rattles? Rattle-snakes?" Met 'n tikkie onrus.

"Nee. 'n Wilde dier so groot soos 'n jakkals. Pikswart met 'n wit streep van die oë tot by die stert. Ongeskikte ding. Slim ding. Loop met sy kop laag op die grond, grom diep in sy keel asof hy kwaad is vir iets. Sal jou sommer stormloop net omdat jy daar is. My pa het my geleer jy klim op 'n rots of in 'n boom as jy 'n ratel teëkom."

"Is dit 'n mooi dier?"

"Nogal. Besteel graag heuningneste, want hy's lief vir heuning. Spits gedurig sy ore om te hoor waar die heuningvoëltjie roep, volg die heuningvoëltjie se *viektirr, viektirr*. Ratel bang nie 'n by nie. Is vandag nog 'n pes by Hangnes, die plaas anderkant Bergplaas waar die bye al vir jare onder die kranse nes maak. Beste is om hom in 'n slagyster te vang en dan te skiet. Byt skape dood en geen hond kry hom doodgebyt nie, hy's te taai van vel."

"Mooi trop honde wat Mister Lourens daar op Ratelrivier aanhou."

Vergeet van Ratelrivier. Springfield het mooier honde.

“Watse motor het jou vader besit?”

“Hy’t nie ’n motor besit nie, net ’n perdekar.”

Ek weet nie wie my pa was nie, ek weet nie wie ek is nie. Al plek waar ek voel ek hoort, is by Rietfontein se baai … en op Springfield.

“Jy’s ’n vreemde man, Moses.”

“Ja, Lord. Waar, sou Lord sê, is die mooiste plek op die aarde?” Koos Kok sê Lord was al in baie lande, op baie vreemde plekke.

“Egipte. Jy sal ook van Egipte hou – Moses saved from the sea,” voeg hy met ’n fyn laggie by. “Ek het al talle besoeke aan daardie besondere land gebring. In 1912 was ek saam met die Scots Guards daar vir ’n jaar – perde was goedkoop, staljonge was goedkoop, die woestyn het ’n mens met sy geheimsinnigheid betower. Ek en Lady het eenmaal twee maande lank in die magtige Nyl opgevaar aan boord van ’n pragtige huisboot. Gaste van gravin Blücher en haar oorlede man, my vriend, Lothair. Ratelrivier is ’n erdwurmpie teen daardie slang van ’n rivier.”

“Wie’t geroei?”

“Ek kry soms die idee dat jy jou opsetlik dom hou, Moses! Twee motorbote het ons in die rivier op getrek.”

“Ek dink dis tyd dat ons begin huiswaarts keer, Lord.”

“Ja,” sê Lord, maar sy oë bly nog uitstaar oor die see.

Hulle ry seelangs huis toe, Agulhas om.

Toe eers by die soutpan langs.

Nee, tot amper by die soutpan, want skielik sê Lord vir Cornelius om te stop.

“Moses,” sê hy toe hulle langs die Jeep staan, “ek wil hê jy moet vir my ’n sekere plantjie aan die groei maak om in Springfield se tuin te plant.”

“Watse plantjie?” Dis geilveld, bossieveld aan weerskante van die pad, hy kan nie dink dat hier iets snaaks kan wees nie.

“Ek het eendag meneer Kok hierheen gebring, maar toe ken hy dit

nie. Goed, dit was nie in die blom nie. Nou is dit amper afgeblom."

"Praat Lord nou van hierdie piepgat-proteatjie?" vra hy toe hy tussen die groeigoed inloop.

"Ja. Jy ken hom dus?"

"Dis maar soos die wêreld is, Lord. Party is te klein om raakgesien te word, ander is te groot om misgekyk te word. Dis kompleet 'n piepgat-bergroos daardie. Lyk presies soos die grote – die King Protea. Kan sy kleintjie wees."

"Ek sal baie graag van hulle in my tuin wil hê."

"Ek kan nie belowe nie, maar ek sal kyk wat ek kan doen, Lord."

Hulle ry tot by die soutpan. Waar die werkers skielik lewe kry toe hulle die Jeep sien stilhou en Lord sien uitklim.

"Lord spiet verniet, die flaminke is nog nie terug nie," sê Cornelius. Vra met 'n sweempie spot: "Was dit vir jou lekker om op die soutpan te werk?"

"Nee, dit was nie lekker nie."

"O, ek het baie dae gesien jy werk nie lekker nie."

Lord kom terug: stadig, regop en waardig. As jy hom van die linkerkant af kyk, sal jy nooit weet hy het net een arm nie. Saam met hom is twee van die soutpanwerkers.

"Daar moet klippe aangedra word," sê hy vir Cornelius toe hy inklim en die twee werkers agter op die Jeep spring. "Ek het meneer Kok belowe ek sal ekstra hande bring."

Hy draai hom om na agter toe. "Daar moet meer klipwerk in die onderste hoek van die tuin kom, Moses. Daar waar ek reeds proteas laat plant het. Dit sal 'n goeie plek vir die miniatuur-proteatjie wees. Jy weet nie miskien wat sy botaniese naam is nie?"

"Nee, Lord. Ek twyfel of hy een het. Ek het hulle nog nêrens anders in die Strandveld gesien nie."

"Ek sal gravin Blücher vra wanneer sy weer op Springfield kom, sy ken al die proteas … Watse rook slaan daar oorkant na Soutbos se kant toe uit?"

"Seker Soon Soutbos wat begin veldbrand," sê Cornelius en draai

by Springfield se werf in.

In sy hart het hy geweet sy soutpantyd was verby.

Toe Lord ’n rukkie later kom kyk hoe vorder hulle met die klippe aan die onderkant van die tuin, bol die rook hoog uit oor Soutbos. Lord word onrustig.

“Sal ons nie iemand stuur om te gaan kyk nie?” vra hy vir Cornelius wat besig is om die Jeep te was.

“Dalk is dit nie eers op Soutbos nie, Lord.”

Mens kan jou maklik misgis, Soutbos lê ’n taamlike entjie agter die soutpan, na die oostekant toe.

“David!” roep Lord een van die manne wat saamgekom het van die soutpan af. “Vat die perd en ry daar na Soutbos se kant toe. Mens weet nooit of daar dalk hulp nodig is nie.”

“Ek maak so, Lord,” sê David.

Koos Kok is doenig by een van die ponds, hy hou David dop toe hy die perd opsaal. “Sies tog,” sê hy, “eintlik begeer Lord om self op daardie perd te klim. Kon op sy dag deeglik en behoorlik in ’n saal sit, af arm ofte nie. Toe gooi ’n perd hom eendag langs die huis af. Die volk moes hom indra en in die kooi gaan sit, hulle sê hy was wit van pyn. Sy rug had seergekry. Maar hy skop teë, wou nie laat dokter haal nie, wou nie dokter toe gevat word nie. Weet nie of dit ’n taaiheid of ’n koppigheid is wat soms in hom is nie. Beste deel van ’n volle jaar met die rug gesukkel.”

Kort na die middag kom David die werf ingejaag. Strak van gesig, oë verskrik.

“Lord! Lord!” roep hy benoud en teuel die perd voor die agterdeur in. “Soutbos is in vlamme!”

“Wat het gebeur?” vra Lord oor die onderdeur.

“ ’n … ’n … ’n Stinkmouse, Lord. ’n Stinkmouse het die brand gestig. Die hele skuur, al die voer, die nuwe trekker. Dis vreeslike skade. Miss Nonnie huil, Mister Soon vloek die verskriklikste vloeke …” Toe’s sy asem op.

Cornelius gaan haal die Jeep en hy, Moses, en Lord is saam om die pan Soutbos toe.

Heelpad sê Lord: “Stinkmouse. Stinkmouse. Watse ding is dit?”

“Ek is nie seker nie, Lord.”

“Klink na ’n woord wat David opgemaak het, hy ken nie baie Engels nie,” sê Cornelius.

Soutbos se skuur smeul nog onder die puin. Ant Nonnie huil ’n skrikhuil in haar voorskoot.

“Ek het vir Soon gesê hy kan dit nie doen nie, God sal hom straf. Maar hy luister nie. God straf gewoonlik langsaam, sê ek vir hom, maar soms straf God vinnig. Jy moet oppas.”

Toe kom die vinnige straf.

Die hele ding het gebeur as gevolg van ’n muishond wat al weke lank besig was om snags Soon se hoenderhok te plunder. Maak vanaand se gat toe en hy graaf môreaand ’n nuwe een. Vang hoenders, vreet eiers. Soon stel uiteindelik ’n yster en vang die muishond aan die agterpoot. Muishond spartel, muishond skree. Soon sê: Loop haal die bottel met die petrol in die skuur, Nonnie. In die kas. Wat wil jy maak? vra ant Nonnie. Ek wil ’n verdomde muishond ’n les leer wat hy nooit sal vergeet nie. Sy bring die halfbottel petrol. Soon gooi die petrol oor die muishond uit. Ant Nonnie sê: Soon, jy kan dit nie doen nie. Soon maak die yster om die dier se poot los, trek ’n vuurhoutjie, muishond vlam. Muishond hol al brandend reguit skuur toe.

Lord is ongeduldig, hy bly vra wat ’n *muishond* is.

Cornelius skud sy kop, hy sê dit kan nie ’n mousedog wees nie.

“Dis ’n skunk.” Die woord val in sy, Moses, se kop in.

Hy trek terug na sy ou kamer aan die agterkant van die huis. Vroeg die Maandagmôre toe hy tuin toe loop, sien hy die garage staan oop en die Jeep is uit. Koos Kok pak saam met die volk koffieklip onder in die hoek van die tuin.

“Môre.”

"Môre, Moses."

"Wie't die katel en die kas in my kamer gesit?"

"Cornelius en een van die bediendes het dit ingedra. Lord het gesê hulle moet."

Waskom en beker ook. Beddegoed. Gordyne voor die venster.

"Waar's Lord?"

"Hy en Cornelius is vroeg weg Kaap toe. Lady kom môre aan met die skip."

"Wanneer kom hulle terug?"

"Bly altyd 'n paar dae oor in die Kaap. In 'n hotel. Die plek het bediendekamers ook, rykes gaan nie sonder bediendes nie, buk mos nie self nie. Hanna gaan gewoonlik saam, pak die kyste in, pak die kyste uit, hang die goed op. Hoogmense leef anders as ons, Moses."

"So sien ek. Kan nie altyd uitmaak wat die verskil is nie."

"Geld en grond. En bediendes. Hanna vertel Mister Lord en Missies Lady het tot 'n meisiekind, 'n wit meid, saam op hulle honeymoon gehad om in te pak en uit te pak. Sweedse meisie. Wragtig, as jy grand is, is jy grand, Moses."

"Watse proteatjie groei langs die pad van die soutpan af?"

"Het Lord jou gaan wys?"

"Ja. Ek het hom nog nooit op 'n ander plek sien groei nie, kompleet 'n King Protea in die kleine."



"Hy't 'n ding oor daai blommetjie."

“Hy wil een aan die groei gemaak hê vir Springfield se tuin.”

“Ek eet my hoed op as hy dit regkry. Het jy al die Lady gesien?”

“Nie regtig nie …”

Hy het by die kombuis ’n stukkie wit lap gaan vra.

“Om wat mee te maak?” vra die baasmeid in Hanna Hans se plek ewe ongeduldig. Alles is van die rakke afgepak, party binnegoed staan buite. Die mooiste goed. Almal is bedrywig; dis afstof, olie aan die houtgoed smeer, matte uitklop …

Nellie, die kok, bring vir hom ’n stuk wit lap. Hy wil van die proteatjie se saad daarop gaan uitskud, wie weet, dalk kry hy dit aan die groei. Dis ten minste iets wat hy vir Lord kan doen in ruil vir die verlossing van die soutpan.

“Het jy nie ander klere nie, Moses Swart?” vra die baasmeid toe sy weer verbykom. “Lady is op pad huis toe, alles moet reg en netjies wees.”

“Nee, ek het nie ander klere nie.”

“Op Elim is ’n winkel wat vir jou iets sal hê.”

“Ek wil nie ander klere hê nie.”

“Lady gaan jou jaag, hoor wat ek sê.”

“Sy sal my nie jaag nie.”

Die week daarna – die Dinsdagmiddag – het sy gekom. Die Lady. Dick sou gesê het: toe het ’n engel op Springfield kom neerdaal. Een oomblik was hy, Moses, en Koos Kok nog onder in die tuin by die nuwe klipringe doenig, die volgende oomblik begin die honde soos mal goed in die hondehok blaf en probeer om oor die klipmuur te spring.

Toe draai die Jeep in.

Cornelius klim uit, maak vir haar die deur oop, maak vir Lord die deur oop. Sy begin stadig deur die tuin te loop, knik haar kop, huiwer hier, talm daar. Asof sy elke nuwe aanplantsel deeglik groet en bekyk.

Lady Gunhild.

Die fynste, mooiste vrou. Terwyl Lord soos ’n poumannetjie agterna pronk. Regop en trots. Twee wesens wat iewers aan mekaar vas is, in ’n wêreld wat vir ander onsigbaar is.

Daarna het die swetterjoel bediendes nader gekom om laag te kom buig voor Lady. Die kok, vet Nellie, om ’n traan af te vee.

Eenkant in die koelte staan die kassie met die fynsand en grond gemeng, die kleine saadjies van die proteatjie versigtig daarin toegegooi.

“Het jy miskien gewaar of die flaminke al gekom het?” vra Lord toe hy by Koos Kok kom.

“Nee, Mister Lord. Lyk my hulle het verdwaal.”

Lady kom nader en nader – tot ’n paar treë van hom af.

“En wie is hierdie nuwe gesig?” vra sy ewe vriendelik. Die volgende oomblik herken sy hom. “Is jy nie die man wat ek eendag op Renosterkop teëgekom het nie?”

“Ja, Lady. Ek is Moses Swart.”

Toe kry sy weer daardie vreemde kyk in haar oë. ’n Raaikyk. Twee bote wat per ongeluk weer by mekaar verbyvaar op dieselfde water.

En hy’t op daardie oomblik geweet hy wil nêrens anders op aarde wees nie.

Die volgende dag het die man met die kleinerige tas gekom. Die manier waarop hy ontvang is, het getuig dat hy te wagte was.

Dit was die man van die dorp af wat met die papiere gekom het wat Lord moes teken om Ratelrivier te koop. Mister Villet, het Koos Kok gesê, Lord se hoofman oor al sy papiergoed.

Later het Lord tuin toe gekom en gesê: “Moses, ek het Ratelrivier gekoop.”

Hy, Moses, het niks gesê nie. Net gestaan en gehoop sy gesig verklap nie wat sy hart sê nie: Ratelrivier, of Ratelrivier se flaminke?

Dié nag het hy skielik gewonder of Katoeka nog leef. Of dit nie tyd was dat hy ’n slag gaan kyk hoe dit met haar gaan nie.

Sy leef nog. Steeds in haar boskaia tussen die melkhoute, lyk niks ouer nie, nog dieselfde skerpkyk-glasoë wat jou kan bangmaak as jy nie keer nie.

"Moses?" Blye verbasing wat sy nie gou genoeg weggesteek kry nie. "Ek dog jy's afgesterwe, mens sien jou nooit meer nie. Laas wat ek gehoor het, was jy op die soutpan."

"Naand, Katoeka."

"Dis amper donker. Wat jaag jou?"

"Niks. Behalwe dat die lewe my moontlik kan terugjaag Ratelrivier toe."

"Ek dog jy's op Springfield, by die rykman."

"Ek is. Hy't gister vir Ratelrivier gekoop."

"Bliksem. As jy het, kry jy nog."

Hy't die oggend vir Lord gesê hy wil 'n dag of twee uit die werk bly. Om watter rede, Moses? het Lord gevra. Om Ratelrivier toe te gaan, daar bly 'n ou vrou wat ek graag weer wil sien. Hoekom? Omdat ek haar as kind geken het. Vra vir Cornelius om jou met die Jeep te neem. Dit sal nie nodig wees nie, Lord, daar's net 'n voetpad tot by haar huis, onder naby die see.

"Katoeka, ek wil nie weer op Ratelrivier gaan bly nie."

"Weet die rykman van die vloek?"

"Ek het hom gesê."

"Nie dat hy hom sal steur nie. Ek sien hom selde daar gaan bly, dis die vrou wat daar gaan bly."

"Die vrou?" Hy wil nie glo wat hy hoor nie. Katoeka kan nie alles weet nie. Lady op Ratelrivier? Nooit.

"Ja. Die een wat op jou rug klim."

"Moenie simpel wees nie, Katoeka, geen vrou wil op my rug klim nie!"

"Jy's 'n mooie man, Moses, baie vroue sal op jou rug wil klim. Maar dis nie hoekom hierdie een op jou rug wil klim nie."

"Hoekom wil sy op my rug klim?"

"Jy't die diepsien en sy weet dit."

"Ek twyfel of 'n mens in háár kan insien."

"Sy's nie gewoon nie, jy's nie gewoon nie. Sy's sterk, jy's sterk – ek sien twee dikke bome wat mekaar stut as die wind te sterk waai. Die wind het haar al 'n paar keer amper omgewaai."

"Die Lord het net een arm."

"Dis niks. Man se krag lê nie in sy arm nie. Hy't ander krag."

"Watse krag?"

"Kopkrag. Hy dink padlangs."

"Ek weet nie wat jy sê nie, Katoeka."

"Dis nie nodig dat jy weet nie."

Toe loop hy in die donker terug Springfield toe.

Ou spoke kom loop saam met hom.

Ja, hy het rondgekyk vir 'n vrou toe hy jonger was. 'n Vrou om te trou. Selfs 'n klompie kere by 'n Van Breda-meisiekind gaan kuier. Ja, sy was verlangs familie van die moordenaar, maar sy was 'n gawe en aansienlike meisie. Toe vra haar pa hom eendag voor die agterdeur wie sy mense is. Hy wil sê hy weet nie. Willem en Susan Swart se seun. Die kêrel wat skaapwagter op Ratelrivier is? Ja, oom. Is jy geleerd? Nee, oom. Jammer, my dogter soek 'n geleerde man.

Toe sê hy in sy hart: Loop skyt, oom.

Toe was daar weer 'n ander meisiekind. Sy sê sowaar een aand – ewe opgeruk – sy dink hy moet vir hom 'n meid op Elim gaan soek, dié sal daarvan hou om seep en 'n waslap vir haar verjaardag te kry. Sy soek diamonds.

Toe sê hy in sy hart vir haar: Loop skyt jy ook.

Eendag pas hy saam met sy pa skape op. Hy vra vir sy pa waar 'n man 'n goeie vrou kry. Sy pa sê: Moses, vroukoop is nie skaapkoop nie en die goeies is dun geteel. Man vat maar op die ou end wat jy kan kry en doen jou beste.

Lank daarna sê ant Bettie Swart van Renosterkop eendag: "Wanneer vat jy vrou, Moses? Jy's 'n aantreklike man en lankal

troubaar – jou pa het jou mos goed agtergelaat, al was hy net ’n skaapwagter. Hy’t goed gemaak uit sy eie skape uit.”

“Ek soek nog, ant Bettie,” sê hy.

Hy gaan sit ’n dag lank op die klippe by Rietfontein se baai om te dink. Rietfontein was nog altyd sy beste dinkplek.

Dis nie ’n vrou wat jy soek nie, sê iets vir hom. Wat soek ek dan? ’n Maat. Sodat jy nie so alleen hoef te leef nie. Waar kry ’n mens ’n maat? vra hy. Sy sal na jou toe kom, jy moet net wag.

Toe’t hy gewag. En gewag. Maar sy’t nie gekom nie.

“Was jy toe op Ratelrivier?” vra Lord die volgende môre.

“Ek was, Lord.”

“Het jy die ou dame gesien vir wie jy wou gaan kuier?”

“Ja, Lord.” Sy weet van die vloek, sy sê Lord gaan nie op Ratelrivier bly nie. Sy sê Lord sal jou nie van ’n vloek laat versteur nie.

“Ek sal ’n plaasbestuurder op Ratelrivier moet aanstel, Moses. Ek verwag juis besoek van ’n man wat in die pos belang stel.”

“Lord het mos vir Gawie Willemse.”

“Gawie is ’n knap man, maar hy verstaan nie my soort van manier nie. Die Engelse manier, as jy my sal verskoon dat ek dit sê. Ons dink anders, ons uitkyk is anders. Jy behoort te verstaan, jy’s ook anders. Anders as die gewone Strandvelder.”

“Seker.”

“Verder is dit my begeerte om Ratelrivier vir Lady te gaan wys.”

“Hoe’s ek anders, Lord?”

“Ek kan nie my vinger daarop lê nie, maar ek dink jy weet wat ek bedoel. Jy’s net anders.”

Ek is ’n uitgespoelde.

“Daar’s baie werk op Ratelrivier, Lord. Om daardie huis weer bewoonbaar te kry, sal ’n groot taak wees.” Dis behalwe die probleem om van die spook ontslae te kom.

“Dis die man wat ek as plaasbestuurder wil aanstel se taak om toesig te hou oor die verbouings en aanbouings. Ek is reeds besig om met ’n bouer op Elim te onderhandel. Die man wat my strandhuis by Die Walle gebou het, is reeds oorlede. Ek sal bly wees as jy môre sal saamgaan Ratelrivier toe.”

“Seelangs of padlangs?”

“Goeie vraag. Miskien padlangs daarheen en seelangs terug. Ek sal vra dat die kok vir ons ’n goeie piekniek inpak.”

Padlangs. Hy en Cornelius voor, Lord en Lady agter. Cornelius plegtig en vernaam in sy wit baadjie, swart broek en kep. Lord in sy kakiebroek, bruin baadjie en hemp met ’n das. Piekniekmandjie. Verby Bergplaas, Hangnes … sewe keer uitswaai om ’n skilpad te mis, stilhou om ’n waardige bruin jakkalsvoël op ’n dooie boomstomp te beskou. Oor Rietfontein se plaas … nog twee skilpaaie. Skud-skud, die pad is sleg. Toe draai hulle by Ratelrivier in. Waar daar versigtig getrap moet word om oor die klippe en gemors by die voordeur uit te kom.

Lady kyk en kyk om haar rond. Sê nie ’n woord nie.

Cornelius sluit oop.

Hy, Moses, loop alleen agter die spook aan na die kantvertrek. Dis glo die moordenaar wat die letters op die glas van een van die sesraam-vensters daar uitgekrap het. In hoofletters, met ’n diamant. Mens moet mooi kyk om dit te sien.1871 HARD YEAR CAN MAN LIE FOR EVER. D. BREDA. Mens moet met skreefoë kyk, jy sien dit nie sommer nie …

Toe hy omdraai, staan Lady agter hom. Sy sien nie die letters nie, sy kyk net in stille verbasing na alles om haar, die dak, die vloer – nie ’n teken van die ontnugtering wat hy gemeen het haar moes tref nie.

Moenie my vra wat Lord makeer het om hierdie plek te koop nie, sê hy in sy hart.

Die takke van die groot ou moerbeiboom aan die sykant van die huis girts-girts teen ’n venster. Ver verby die vuilgoed-oorgroeide tuin, aan die kant van die rivier, waad ’n trop flaminke tydsaam en

pienk op hulle lang dun bene. ’n Hele plaat melkhoutbome staan tussen die huis en die rivier – blinkgroen en vet van blaar.

“Watse bome is dit daardie?” vra Lady.

“Melkhoute.”

“Dis die mooiste bome, lyk soos reuse- donkergroen sambrele. Mens kan skaars glo dat daar sulke besonderse bome in die Strandveld groei.”

“Ja. Hulle skrik nie vir see of sand nie, Lady.”

“Op Lord se erfgrond in Engeland, in Suffolk, groei bome wat meer as 800 jaar oud is. Die landgoed se naam is Shrubland – vernoem na die kalkagtige heuwel wat eens oorgroei was van klein struike. Ons het twintig jaar van ons beste jare in daardie mooi huis gewoon. ’n Huis waarin Springfield se huis maklik twintig keer sal pas.”

“Dan moet dit groot wees.”

“Ja. Vyf ou Romeinse weë loop oor die landgoed en muntstukke uit die tyd van keiser Konstantyn is al daar gevind.” Lady se oë staar in die verte; lyk of hulle nie meer die melkhoute sien nie.

“Shrubland se tuine is gereken as een van die mees klassieke tuine in Engeland. So groot soos ’n klein plasie, omring met ’n park van bome aan die westekant van die herehuis.”

“Dit klink wonderlik.”

“Dit is.”

En Lady sien kans vir Ratelrivier? Hy’t dit amper hardop gevra.

Die huis is donker, die huis voel klam. ’n Bang huis, wat jou bly maak om weer buite te kom waar jy regte asem kan haal.

Tussen al die bossiegoed en onkruid op die werf blom ’n kol uintjies moedig en mooi: ligpers met wit vlekkies – blom wat jou verbaas hoe lekker hy eintlik ruik.

Cornelius gooi die deken oop op die stuk wilde kweek langs die Jeep en haal die piekniekmandjie uit. Ook ’n dik serp vir Lord om om sy nek te knoop.

Saam met Lord loop hulle ’n ent nader na die kant waar die flaminke waad.

Lady kyk en kyk om haar rond.

Hy kan sien iets pla haar. Hy is bly. Hy hoop sy sê vir Lord om die plek te loop teruggee vir Corder.

"Watter berg is dit daardie, Moses?" vra sy en wys na die westekant toe.

"Buffeljagsberg – wat afloop tot by Quin Point."

Sy probeer om die woord te sê – probeer weer – maar kry dit nie reg nie.

"Ek wil nie swakmoedig klink nie, Lady, maar ek dink nie Lord besef hoeveel werk en geduld en kostes dit gaan vra om van Ratelrivier 'n ordentlike blyplek te maak nie."

"Lord sien dit nie as 'n probleem nie, Moses. Julle mense besef nie hoe 'n wonderbaarlike mens Lord in werklikheid is nie. Hoe braaf en innerlik sterk hy is nie. Vreemdes kyk dikwels net teen sy gebrek vas, besef nie die geniale man daaragter nie. Baron Trenchard, die opperste van Engeland se Lugmag, het eendag vir my gesê Vincent de Saumarez is die dapperste man wat hy ken. Hardwerkend en vol durf daarby. Een van sy makkers was prins Albert, die man wat koning George VI van Engeland sou word."

Vir 'n oomblik kom die versoeking in hom op om te vra wat van Lord se arm geword het, maar iets keer hom. Dis nie die regte tyd nie.

"Ratelrivier sal 'n man van durf nodig hê, Lady."

"Daardie lang grasdakgebou daar anderkant, dit moet baie oud wees."

"Dit was Mister Fletcher se perdestalle, toe hy nog Ratelrivier besit het. Hy was 'n ryk man."

"Het hy in Ratelrivier se huis gewoon?"

"Ja. Eintlik was ek nog klein toe die Fletchers hier gebly het."

"Was die Fletchers gelukkige mense?"

"Hoekom?"

"My vriendin Loulou sê altyd die goed of die sleg van mense trek in die mure om hulle in."

“Daar’t ander mense ook voor die Fletchers in die huis gebly. ’n Breda-man.” Oppas! “Ná Fletcher was dit die Corders … Daar kom Lord en Cornelius nou terug.”

“Dis goed om Lord weer so gelukkig en gesond te sien. Die Strandveld doen hom goed, Moses.”

“Verlang Lord nie terug Engeland toe nie, Lady?”

“Nee.”

“Victor. Ons jongste seun.” Toe kyk sy ver voor haar uit, soos een wat ver dink.

Sý gedagtes loop terug na Ratelrivier se huis. As mense se goed en kwaad in die mure intrek, gaan hulle moeilik van die spook ontslae raak. Die vloek mag ná al die jare buite iewers hang, maar die spook weet nie die plek is verkoop nie. Sy pa het altyd gesê hy glo nie aan spoke nie, maar ’n ongelukkige spook kry nie rus nie. Ratelrivier se spook was ’n ongelukkige spook. Miskien, as hulle eers daardie venster uitgebreek het, die glasskerwe weggesmyt het …

# DRIE

CORNELIUS RY SEELANGS terug Springfield toe.

Kort voor Die Walle moet hy eers stilhou sodat Lady kan water drink. Nee, nie uit die bekertjie wat Cornelius uit die mandjie haal nie. Water wat sy bakhand en versigtig self wil skep. Vars water wat wonderbaarlik onder uit ’n sandduin sypel en voortjies spoel tot in die see.

Die mooiste klein handjies. Wat die water met genot skep en skep, amper soos speel. Dan slurp en slurp.

“Is daar nie ’n bottel in die Jeep nie, Cornelius?”

“Nee, Lady, maar daar is leë bottels by die huis, ek kan gou vir Lady ’n bottel gaan haal.” Dis nie ver na die seehuis toe nie.

“Dit sal baie gaaf wees, Cornelius. Ek wil vir Maggie van die water neem, ek dink sy is verwagtend.”

Maggie is een van die honde wat van Engeland af met die skip gekom het. Lord praat van haar as *Maxim’s wife*. As een van die bediendes na haar verwys as die bitch, maak Lord onmiddellik beswaar.

Springfield se honde word met respek behandel. Maxim word daagliks uit die hok gelaat vir oefening, dikwels gepamperlang met ’n ekstratjie uit die kombuis. Soms sal daar selfs vir hom lekkers saamkom van die dorp af.

Eendag sê hy vir Lord: "Lord bederf die hond, sy tande gaan vrot en uitval."

Lord lag, hy sê: "Dan stel ek voor dat jy van nou af sy tande elke dag borsel."

Dalk is dit nie heeltemal 'n grap nie, Lord het glo eendag vir oom Nick aangesê om Maxim se tande te borsel. Toe sê oom Nick hy's bereid om baie te doen vir Lord, maar hy borsel nie die hond se blessitse tande nie, die ding praat nie eers Afrikaans nie, net Engels. Oom Nick is werfhand op Springfield, familie van Johanna van Sweetie.

Toe hy vir Lord vra of hy ernstig is dat die hond se tande geborsel moet word, lag Lord weer. "Nee," sê hy en haal vir hom, Moses, ook 'n handvol lekkers uit sy sak. "Daar's nie kieme aan nie," sê hy. So 'n snaakse manier van sê.

"Ek is nie bang vir kieme nie, Lord."

"Dis goed. Toe ek 'n kind was, is ek nooit toegelaat om kinderpartytjies by te woon nie, my moeder was altyd bang ek kon 'n kiem optel. As iemand vir my lekkers in 'n Krismispakkie gesit het, moes ek dit vir die tuinier gaan gee om vir sy kinders te neem. My moeder was oortuig daar's kieme aan."

G'n wonder Lord het jou klere in die vuur gegooi nie, sê hy in sy hart. Kind is 'n snaakse ding. Terwyl Cornelius die bottel gaan haal, bly Lord in die Jeep sit. Hy en Lady is alleen by die water.

"Ek het eendag my vriendin Loulou – gravin Blücher – by hierdie water gehad. Ons het by Die Walle oorgebly. Sy sê water wat so onder die grond uit kom, is sterk water. Mens moet gereeld daarvan drink om krag te behou. Onthou om gereeld daarvan te drink, Moses."

"Springfield se water is ook sterk water, Lady, dit kom nie verniet uit 'n fontein in die berg nie. Ek dink dis hoekom Lord so sterk is."

"Hy was altyd sterk. Sy spiere is vandag nog ystersterk en taai. Ná elke operasie wat hy in sy lewe gehad het, het die dokters en verpleegsters verstom gestaan oor sy herstel."

Vra na die arm. Nee.

Cornelius kom terug met twee bottels en laat hulle versigtig vol loop met water vir die hond.

Hulle is seker al ’n uur by Die Walle se huis toe Lady sê sy wou eintlik ’n bietjie gaan swem het. Swem? Ja, sê sy, in een van daardie heerlike sloepe tussen die rotse.

Dis nie ’n swemsee nie, Lady, sê hy. Dis gevaarlike see.

Ek swem altyd daar, Moses, sê sy. Maar miskien sal ek dan vandag net ’n rukkie langs die kant af gaan waad.



Lord sê niks. Hy sit net behaaglik in die son en bak. Eers toe sy terugkom uit die huis, plat slapskoentjies en ’n soort oorjassie aan, sê hy: “Loop saam met Lady, Moses.”

Weswaarts. Stadig. Sonder praat. Ver. Omdat Lady nie regtig daar is nie. Hy weet nie waar sy is nie, hy weet net sy is nie langs hom nie. Sy is iewers ver.

Hulle is weer verby die duin waar die water uitkom, maar sy’t nie gestop om water te drink nie, net stadig deur die spoelwater bly loop met haar slapskoen-voete.

Geen teken gegee dat sy wou omdraai nie.

Ver.

Stadig.

Amper by die duinepad wat uitswaai Brandrivier toe, is hý die een wat vra of Lord nie onrustig sal raak nie.

Sy gaan staan stil en kyk hom verbaas aan. “Moses,” sê sy, “ek en Lord is nooit ver van mekaar af nie – nie eens al is ek aan die ander kant van die aarde nie. Leer dit. Weet dit.”

Soos een wat ’n kind wou leer om iets deeglik te hoor en te verstaan.

Hy’t verstaan, maar nie heeltemal nie. Volgens Koos Kok bly sy soms vir tot twee jaar weg as sy oorsee gaan. En Lord? Nee, hy bly in tevredenheid agter. Net soms kan ’n mens agterkom hy word rusteloos van verlang. Veral middae na ete, die tyd wanneer Lady altyd vir hom voorlees uit die dikke boeke.

“Kom ons sit ’n oomblik hier, Moses.”

“Ja, Lady.”

Sy trek die nat skoentjies uit. Die mooiste, witste voete. Voete wat gemaak is om op dik matte te loop, nie vir seerkry op klippe en om rotse sukkel nie.

“Ek wil jou iets vra, Moses.”

“Vra maar, Lady.”

“Het jy al ooit ’n spook gesien?”

“Nee, Lady.” Het sy dalk iets in Ratelrivier se huis gewaar? “Het Lady al ’n spook gesien?”

“Ja.”

“Werklik?”

“Ja. Lank gelede. En ’n oomblik van die ergste vrees in my lewe beleef.”

“Waar het Lady die spook gesien?” Sy gaan nie by hóm hoor van die spook in Ratelrivier se huis nie.

“In Egipte. By ’n plek langs die oewer van die Nyl, ’n plek met die naam Komombo wat opgedra is aan die krokodilgod. Dis toe ons by Lothair-hulle gekuier het. Hy sowel as Loulou het my gewaarsku, gesê

dis ’n bose plek waar mense in die ou tyd in ’n diep poel vol krokodille gegooi is. Daar was voorjare ’n tempel ook. Nou is net die poel nog daar, omring van hoë mure. Die plek trek my aan, ek wou sien hoe dit lyk. Ek wag een middag tot almal rus, toe loop ek daarheen, af en af en af met trappe wat onder na die poel lei. Toe, halfpad ondertoe, vlieg daar skielik ’n groot swart voël – groot, baie groot – uit die donker diepte op. Vlieg rakelings by my verby, ek skrik so groot, ek draai om en besef skielik daar’s nie ’n reling om aan vas te hou nie, dat dit my gedoem was om ook daar af te stort. Toe ek bo kom, was ek papnat van angssweet. Ek was in my lewe nog nooit weer só bang nie.”

“ ’n Voël?”

“Die grootste, aakligste voël. Asof hy al die vrees van die verdoemdes wat daar afgegooi is in hom gehad het.”

Hy weet nie wat om te sê nie. Inmekaargebondelde vrees wat ’n voël geword het …

“Jy sal nie verstaan nie, Moses. Die Strandveld is net ’n veilige spikkeltjie iewers op die aarde.”

“Ja, Lady.”

“Wat het op Ratelrivier gebeur?”

Hy skrik, staan op. “Lord sal begin koud kry, die son is amper onder.”

“Antwoord my, Moses.”

“Ek weet nie.”

’n Spook gemaak van opgebondelde vrees en hartseer, sê hy in sy hart.

“Jy jok vir my, Moses.”

“Ja, Lady. Dis ’n vrou wat jare gelede deur haar man daar in die huis vermoor is.”

“Hoe aaklig.”

“Hy was ’n Van Breda.”

“Aller aakligs.”

“Miskien sal die vrou nou tot ruste kom.”

“Ek hoop so. Altans, ek glo so.”

Kort nadat hulle terug was op Springfield, het ’n ander spook daar kom peuter.

Hy en Koos Kok is besig om plantjies om een van die ponds te plant toe die twee vreemdes van die suidekant af aangestap kom. Twee deftiges. Donker pakke, stewelskoene, die een met ’n das om die nek, die ander met ’n swierige, bollende krawat.

“Was al vroeër ook hier,” sê Koos Kok onderlangs. “Soek iets. Lang storie. Wil eintlik vir jou sien om te ondervra.”

Deftige gesigte. Grysblou oë wat hoopvol en ondersoekend na hom kyk. “Goeiedag, Meneer.”

“Goeiedag,” sê hy en buk om nog ’n plantjie te plant. Pansies. Vreemde goed wat in kissies saamgekom het van die Kaap af. Engeland se goed, omdat Lord dit so wil hê. Lord sê hy beplan om die tuin helfte Strandveld en helfte Engeland te maak.

“Weet u iets van die twee werkers wat tussen hier en die see gedros het?”

“Nee,” sê Koos Kok. “Dis nie van onse mense nie.”

“Die een se naam is Skilpad en die ander een is Wilson.”

“Ken hulle nie. Gee daar vir my ’n plantjie aan, Moses. Mister Lord sê hulle moet in sagte grond kom.” Party blom al in die kissies.

“Die werkers wat besig was om ’n put langs die pad te graaf,” sê die man. “Toe skielik net grawe neergegooi en weggehardloop. Nou verneem ons dat hulle bang was vir die spoke van die mense wat jare gelede daar begraaf is. Drenkelinge van ’n skip.”

“Watse skip?” vra Koos Kok. “Baie skippe het al by onse see vergaan. Baie drenkelinge is oral op die duine begrawe. Dis nou behalwe al die Hottentotte oor die eeue heen. Kry gebeentes amper oral waar jy graaf. As jy jou sou steur, sal jy aan die hardloop bly.”

“Hierdie is ’n heeltemal ander saak, Meneer. Ons soek na die oorledenes van die Engelse skip *Torando* wat in 1905 by ’n plek

genaamd Rietbaai gestrand het. Daar was ook vier Oostenrykers op die skip. Die plek waar die twee werkers weggehardloop het, is nie ver van waar die skip gestrand het nie."

Hy, Moses, buk laag en plant nog 'n plantjie. Hoe't Lady gesê? Toe sy bo kom, toe slaan die angssweet op haar uit. Toe hy orent kom, rol 'n druppel sweet tussen sy blaaie af. En die twee vreemdes bly na hom kyk, asof hulle wag dat hy iets moet sê.

"Rietbaai? Hier's nie so 'n plek nie," sê hy.

"Nee," beaam Koos Kok verder om die pond.

"Ons verneem van 'n man wat in hierdie omgewing bly wat destyds moontlik tussen die drenkelinge gevind is."

"Klop by die huis, dalk weet Lord iets, hy's baie ingelig," stel Koos Kok voor.

"Ons was al by hom, hy sê hy woon maar hier van 1950 af, hy kan ons nie help nie. U moes tog al die gerug gehoor het wat in die Strandveld rondlê, van die kind wat deur mense aangeneem is, die kind wat eintlik een van die drenkelinge was? Hy moet vandag 'n man van diep in die vyftig wees."

"Meneer praat darem nou van moeilike somme, dis baie jare gelede," sê Koos Kok.

"Die kind waarna ons soek se ouers was die baron en barones Von Lichtenhoven van Oostenryk. In die grafte kan daar dalk bewyse van hulle identiteit wees. En bewys of die kind regtig dood is."

'n Plantjie val uit sy hand, 'n suising slaan in sy ore uit. Die man praat 'n boekstorie, hy wil dit nie hoor nie. Die sweet loop in strale onder sy hemp af.

"Geraamtes het nie bewyse nie," sê Koos Kok. Die ou man is nie dom nie.

"U sal verbaas wees, Meneer. Enige iets, 'n ring of oorbelle of 'n hangertjie of so iets, sal ons help om die ondersoek in die regte rigting te stuur."

"Watse ondersoek?" Hy vra dit sonder om op te kyk, plant 'n

volgende plantjie.

“As die kind die tragedie oorleef het en nog steeds leef, en as dit bewys kan word, is hy vandag wetlik die nuwe baron Von Lichtenhoven op wie ’n enorme erfskat in Oostenryk wag.”

Mens kan flou word van skrik. Hy buk en plant nog ’n pansy, stadig en met sorg sodat die man nie moet sien hoe sy hande begin bewe het nie. Hulle moet asseblief net loop – nie ’n stukkie van ’n droom voor hom kom neergooi ná al die jare nie. Hy is Moses Swart wat op die verkeerde plek uitgespoel het en opgetel is. En nooit ’n skaapwagter wou wees nie, omdat hy altyd gevoel het hy loop op die verkeerde pad. Eers toe hy die pad Springfield toe gekry het, het dit beter geword.

Mens kan flou raak van skrik. Veral as daar nie ’n reling is om aan vas te hou nie.

Toe al die plantjies in die grond is, is Lord tevrede.

“Het jy al probeer om een van die klein proteatjies aan die groei te kry, Moses?”

“Ja, Lord. Ek het van die saadjies in ’n kissie gelê. Nou hoop ons maar dit groei.”

“Ek sien die twee mans wat op die duine rondgesnuffel het, was hier ook gewees. Ek het gedink hulle is lankal weg.”

“Ja, hulle het gehoor Wilson en Skilpad het glo weggehardloop oor ’n spokery op die duine.”

“Dit was seker nie spoke wat hulle oorval het nie, eerder ’n aanval van luiheid. Ek ken hulle, hulle het by die pan ook eendag net weggeraak.”

“Katoeka sou gesê het: leen jou ore uit en stront val vinnig by die gate in.” Lord verstaan gelukkig nie die woord nie; hy is terug by die tuingoed.

“Ons behoort weldra uit te vind wat die proteatjie se naam is,” sê hy. “Ons het skrywe van gravin Blücher gehad, sy’s enige dag te wagte.”

‘n Dag of wat later is daar ’n ander vreemde bedrywigheid op die werf aan die gang. Van die trappe voor die kombuisdeur af tot op die hoek van die een voorste muur. Twee van die bediendes is aan’t oefen om agteruit te loop. Hanna Hans in bevel soos ’n soldatedrywer. Skinkborde met koppies sonder pierings word hoog in die hand gehou. ’n Oomblik laag buig. Weer orent kom. Dan ’n paar treë agteruit loop.

Hy kom verby na die ronde bedding toe in die binneplaas. “Oefen julle nou om soos flaminke te loop?”

“Nee,” kap Hanna hom vinnig met die tong, “flaminke loop nie so nie, net huishelpers wat van die regte soort maniere weet.”

“O.”

“Ja, Moses Swart, en jy kan maar vir jou ordentlik aantrek. Ons is hoë gaste te wagte, soos dikwels die geval op Springfield is. Gravin Blücher en haar seun, graaf Alec Blücher.”

“Hoekom oefen julle om agterstevoor te loop?”

“Moses, kom ek vertel jou iets,” sê Hanna ewe hovaardig. “Gravin Blücher is aan net die beste gewoond. In werklikheid is sy ’n prinses. ’n Poolse prinses. Prinses Louise Radziwell, wat al in baie lande gewoon het en wie se oorlede man, Lothair, Lord se oudste en beste vriend was.”

“Waarom moet julle agteruit kan loop?”

“Dis hoe ’n mens maak. Die gravin se huishoudster, wat baie jare lank haar kasteel oorsee behartig het, het elke oggend vir die gravin die dag se spyskaart geneem sodat sy dit kon goedkeur en sê hoeveel gaste daar vir ete sal wees. Ons praat van hoog-hoës, Moses, nie van die Strandveld se lae-hoës nie. Vra maar vir Lady, sy’t my self vertel, sy en Lord het dikwels by die Blüchers in Poland gekuier. Dan kom die huishoudster, buig voor die gravin, soen haar ring, en as sy die kamer verlaat, doen sy dit agterstevoor sodat sy nie haar rug op die gravin draai nie. Uit respekte.”

“Sê nou sy struikel?”

“Moenie simpel wees nie! Dis hoekom ek Springfield se mense laat

oefen. Want dis hoe ons die werklike hoës van nou af gaan bedien. Lord verwag ten alle tye die beste van almal. Lady ook. Lord leer waar hy kan, soos hy almal geleer het om altyd op te staan as hy of Lady ’n vertrek binnekom. Soos hy opstaan as Lady soggens uit haar kamer kom. Kyk dat jy jou netjies aantrek wanneer gravin Blücher kom, ek wil my nie vir jou skaam nie. Lord het mos vir jou klere in jou kamer laat sit.”

“Ek het gesien.” Twee hemde, ’n broek en ’n baadjie. Hy dink nie dit was vir die gravin se koms nie. Dit was van gewone goedheid.

“Moses,” sê Koos Kok later die dag, “hulle moenie dink ons is stupid nie, dis nie sommer vir gaan grou in graftes nie, daar’s wette.” Die ou man se gedagtes is nog steeds by die twee vreemdes. “Graftes staan onder beskerming. Hulle kan jou in die tronk smyt as hulle jou vang dat jy ’n graf beskaad.”

“Ek hoor.”

“Nog minder gaan ek hulle sê om by die Vermeulens te gaan verneem na die versuipte kind. Dis voorjare se goed wat hulle nou in krap. Die man is in elk geval die jaar voor laas geskiet toe hulle gaan rooikat jag het. Vreemde bloed wat vir jare in daardie familie geloop het.”

“O.”

“Het jy gehoor van die man wat Lord op Ratelrivier as bestuurder aangestel het?”

“Nee.”

“Al wat ek kan sê, is dat daar dinge te wagte kan wees. Lyk na ’n deeglike Engelsman. Van die soldaatsoort, ’n Major Ted Lee. Hy gaan dinge laat march, sê ek jou. Hulle het glo klaar begin verbreek en verbou, gaan glo ’n hele paar badkamers aanbou, *gekleurde* badkamers. Maar Lady mag nie weet nie, Lord wil haar verras as alles eers klaar is.”

Hy hoop maar hulle sal die spook ook verjaag kry.

Iewers in die week daarna kom ’n ou antietjie skielik een oggend van

die huis af onder na die tuin toe. ’n Vreemde een. Hare in baie krullerige slierte, vasgebondel op die kop. Miskien een van Gansbaai se vroue.

“Wie is Moses?”

Toe kyk hy haar vir ’n tweede keer aan … ’n derde keer. Nee, dis nie ’n Gansbaai-vrou nie. Daar is ’n ring aan haar vinger waaroor ’n onderdaan sou kon buig. En die ordentlikste loopskoene aan haar voete. ’n Wyse kyk in die oë, krom koningsneus …

Gravin Blücher.

“Ek is Moses. U is gravin Blücher.”

“Jy is ingelig. Kom wys my die protea waaroor Vincent so gaande is.”

“Dis ’n hele entjie se stap, Gravin.”

“Ek mag vir jou oud lyk, maak ek kan nog goed stap. Noem my Loulou, dis soos Springfield my ken.”

Soos aangename kennis sonder fieterjasies. Mond vol sterk wit tande, almal gekrom in die kaste.

Toe sy agter hom inval na die oostekant toe, is dit nie mik-mik en versigtig deur die ruie veld nie, maar elke tree word getrap asof dit bedoel word.

“Die veld is ongelooflik,” sê sy. “So goed soos ’n godstuin reg op jou drumpel. Julle is bevoorregtes.”

“Ja.” Hy is te terughoudend om haar op haar naam te noem.

“Vincent sê jy is hier in die Strandveld gebore.”

Nie Lord de Saumarez nie. Vincent. ’n Naam soos van ’n gewone mens.

“Ja, ek is hier gebore.” Ek weet nie waar ek gebore is nie.

“Hoe oud is jy?”

“Ek het pas sestig geword.” Ek dink so.

“Jy lyk jonger.”

“Hulle sê so.”

“My seun, Alec, is saam met my hier. Bietjie jonger as jy, maar nie

in so ’n goeie toestand nie. Ek sal hom aan jou kom voorstel, hy is saam met Cornelius dorp toe. Nie dat ek dit vertrou nie, Cornelius hou nie altyd genoeg oog oor hom nie. Alec raak ’n bietjie deurmekaar. Verdwaal maklik, veral as hy in julle mooie veld in stap. Ek sê maar net, hou ’n oog oor hom.”

“Ek sal dophou.” ’n Man wat deurmekaar is in sy kop, raak maklik deurmekaar van voete ook. “Ek sal dophou.”

“Hy kan Afrikaans praat ook, ek leer nog hierdie vreemde taal van julle. Dit sal my sewende wees.”

“Sewende wat?”

“Taal wat ek kan praat. Al die werkers op ons plaas praat Afrikaans, ons het nie die geluk van Vincent en Gunhild om werkers te hê wat Engels praat en verstaan nie.”

“Hulle kom van Elim af, Mission Station.”

Die soutpan steek voor hulle uit.

“Ek let op die flaminke is weg.”

“Die flaminke het nie vanjaar gekom nie.”

Hulle kom by die deel waar die protea meeste afgeblom staan. Sy kyk aandagtig, buk laag. Kyk en kyk.

“Protea minor compton,” sê sy toe sy orent kom. “Protea minores. Dit sal nie maklik wees om hom aan die groei te kry nie.”

“Ek het van die saadjies …”

Die volgende oomblik kom ’n vreemde ryding van Springfield se kant af aangery. Vreemdeling klim uit, vra ongeskik en kortweg waar Cornelius is. Praat Engels.

“Hy’s dorp toe.”

“Wanneer kom hy terug? Die verf is op, hy moet nog gaan haal. Die pienk verf waarmee ons die gange verf.”

So, dís dan Major Ted Lee. Effe geset, pet vas oor die pankop getrek. Haastig van gebaar, openlik grimmig soos een wat klaar vererg is.

Die gravin staan eenkant, sy kyk hom rustig aan. “Lord de

Saumarez sal weet wat om te doen," sê sy. "Maar hy lê vanoggend 'n bietjie laat."

"Luister, dame, ek soek nie vir Lord nie, ek soek verf. Ek soek ook geen verdere inmenging nie, ek het al die nodige instruksies reeds van Lord ontvang en so ook die bouer. Maar toe kom daar vanoggend 'n bliksemse heks op Ratelrivier aangedros met die grootste *shit* storie wat ek in my lewe nog gehoor het!"

Katoeka. "Is haar naam miskien Katoeka, Meneer?"

"Jy ken haar dus. Ja. Nou sit sy daar langs die huis tussen die rommel. Cornelius moet haar kom verwilder, sy maak of sy my nie verstaan nie."

Laat die middag val hy in die pad, seelangs, na Katoeka toe. Toe die son agter Soetanysberg wegsak en die volmaan oor die see begin uitsteek, is hy net mooi by Rietfontein se baai.

Cornelius het kort na die middagete opgedaag, graaf Alec agter in die Jeep soos 'n vername. Mooierige man, lank. Snor. Gekrulde kuif. Maar hy't iewers 'n haakspeld los. Toe Cornelius moes teruggaan dorp toe om die ekstra verf te gaan koop, is hy weer saam. Weer agter in die Jeep.

Toe hy, Moses, vir die gravin – vir Loulou – sê dat hy 'n rukkie weg gaan wees, sien sy sowaar kans om saam te loop. Sy't die hele dag saam met hom en Koos Kok in die tuin gewerk. Deeglik. Nie bang om haar hande vuil te maak nie, ring en al. Draai Koos Kok om haar vinger, oortuig hom dat die nuwe *bulbs* nie wil staan waar hy hulle wil insit nie, dat hulle ongelukkig daar gaan wees. Koos Kok probeer nog ewe stry. Hoe weet sy dit? Hulle *sê* so, Mister Kok. Jy luister nie, daarom hoor jy dit nie. Toe plant hy hulle waar sy sê hy moet.

"Ek moet Ratelrivier toe gaan, seelangs. Dis ver, u kan nie saamstap nie, gravin."

"Loulou."

"Dis 'n kwaai stap. Loulou. Op plekke vat ek vreemde kortpaaie oor die duine."

"Dis volmaan. Jy sal goed kan sien."

“Ek weet.”

“Ek het verlede keer hiervandaan tot by Die Walle gestap. Dis toe Victor hier was, Vincent se seun wat eers in Rhodesia geboer het voordat hy die De Saumarez-landgoed in Engeland oorgeneem het. Hy’t saamgeloop en dit baie geniet. Hoe gaan dit met mevrou Swart op Renosterkop?”

“Goed.”

“Sal ’n mens walvisse in die maanlig kan sien? Hulle behoort hier te wees?”

“Hulle is. Kalf reeds agter die sloepe, jy sien en hoor hulle slaan en bulk soos goed in plesierigheid.”

“Wonderbaarlike diere.”

Toe het Hanna tot sy redding gekom en die gravin kom roep. Lord was van begeerte om met haar konversasie te voer.

Deftig. Buig. Gee ’n paar treë agteruit, versigtig om nie in die pond te beland nie. Gee hom onderlangs ’n liederlike kyk toe hy grinnik.

Mens kry mense en *mense*. Lord het gesê gravin Blücher is die slimste vrou wat hy ken.

Nee, sy’s ver verby slim, het hy, Moses, besluit. Sy is vreemd. ’n Rotskrans waarteen die branders eeue al breek sonder om haar stukkend geslaan te kry. Krans met ’n vreemde krag in haar, ’n krag waarvan sy deeglik bewus is.

Dis net daardie vername seun van haar wat ’n bietjie uitgehaak is. Sy weet dit, kyk na hom met ’n diepe soort verdriet in haar.

Toe graaf Alec saam met Cornelius terugkom van Ratelrivier af nadat hulle die verf gaan aflaai het, is hy steeds agter in die Jeep, deftig en hoogregop. Maar toe hy uitklim, moet Cornelius hom aan die arm vat.

Hy’t na drank geruik toe hy tuin toe kom. Gee hom, Moses, hand, maar met ’n lang arm, soos vir ’n lae onderdaan sodat jy nie te na aan hom moet kom nie. Loulou sien dit.

Hy vra vir sy ma wat Lord makeer om dáárdie plaas ook te koop.

Ratelrivier. "*What a dump!*"

Loulou het by hom ingehaak en saam met hom begin huis toe loop.

"Shame," sê Koos, "dis maar soos die lewe is, Moses. Sy had drie seuns, twee is dood. Dis nou al wat sy oor het. Boer mos op oorle' SP le Roux se spogplaas by Botrivier. Lord het haar gehelp om die plek te bekom. Gedink dit sal graaf Alec aan die werk kry, man kan nie sonder werk deur die lewe drentel nie, maak nie saak hoe ryk en belangrik jy uit jou grootmaaktyd kom nie. Onthou, gravin Blücher het die wêreld en al sy onheil beleef. Die Russe het al hulle grond in Pole gevat toe die oorlog gekom het. Nou sit sy hier in die vreemde met drie ander ou vroumense vir wie sy moet sorg, twee susters en een se dogter. Hanna vertel my, sy weet mos van als. Lyk my graaf Alec is lief vir suip. Hy moet oppas, voor jy weet, is jy versuip. Gelukkig dat hulle goeie voormanne op die plaas het."

Toe die maan hoog geklim sit, kruip hy onder Katoeka se kaia se takke deur.

"Katoeka!"

Sy gee iewers agter hom antwoord. Hy moes in die donker by haar verbygeloop het.

"Ja, Moses?"

"Magtig, hoe laat jy my skrik! G'n wonder Ratelrivier se voorman dink jy's 'n heks nie."

"Sy gat."

"Vir wat het jy op Ratelrivier gaan moleste maak?"

"Toemaar, hulle sukkel lê nog voor. Het Cornelius toe die verf gaan haal?" Die maan val in 'n streep oor haar gesig, sy lag 'n sluwe laggie.

"Ja."

"Afgegee?"

"Ja."

"Hulle kan maar weer verf, ek kan nie wag nie, môre loop ek weer. Daai Major gaat hom nog goed erg vir my. Ek laaik dit."

"Katoeka, hou op om moeilikheid te maak. Wat is aan die gang?"

“Moses, jy weet mos van die Breda wat die nag sy vrou in daai einste Ratelrivier se gang geskiet het? Dirk Gysbert Breda. Regte moord gewees. Sy lewe nog tot die volgende oggend toe, maar hy roer nie ’n vinger nie. Mooie vrou gewees, lê geskiet in die gang, probeer om regop te kom, druk teen die muur met haar hand. Dirk Gysbert sit, doen niks. Sy stut haarself teen die muur, Dirk Gysbert sit. En die bloedhand sit vandag nog teen die muur. Fletcher het later ’n rak voorgeskuif, maar die hand sit. Spookhand los nie.”

“Katoeka, dis dooityd se goed waarvan jy praat. Los dit!”

“Nooit. Ek laaik dit. Volgende oggend laat haal Dirk Gysbert die dokter op Bredasdorp, dokter kry haar dood. Dirk Gysbert sê dit was ’n ongeluk, Jacoba het hom getempteer, toe klap sy die rewolwer uit sy hand uit, toe gaan die skoot af. Dokter skryf op die doodspampier dit was ’n ongeluk. Dirk Gysbert is mos beskermde wild, hy’s mos ’n Van Breda. Maar die bloedhand sit, die bloedhand sit. Ek sê vir daai soldaatman wat nou op Ratelrivier baasspeel: jy kan maar verf, jy gaat hom nie wegkry nie. Dis ’n spookhand.”

“Katoeka, jy torring aan die verkeerde goed! Bly weg daar. Ratelrivier behoort nou aan Lord, hy glo nie aan spookgoed nie. Dis net jy wat dink dis ’n hand se vlek wat daar sit. Dit kan ’n gewone klamkol wees wat daar uitslaan.”

“Moses, moenie my kom onnooslik verklaar as dit jý is wat onnooslik is nie!”

“Bly weg daar, Katoeka. Ek vra jou mooi. Dis nie jou plek nie.”

“Ek weet waar my plek is, my plek is hier tussen die melkhoute, dis nie vir jou om my te kom sê nie. Maar sê jy vir Cornelius sy natkol gaan ook teen daai muur sit as hy my weer kom wegjaag.”

“Dit word laat, Katoeka, gaan kruip in jou lêplek in en kom tot rus. Ek moet by die huis kom.”

“Maan is lig. Loop maak ’n draai bo by die huis, jy sal nie glo voor jy nie gesien het nie. Omgedolwe. Die hele aarde. Wragtig, een ding is seker, hulle moet vuile mense wees, hierdie vernames. Die volk sê daar word nie minder as drie badkamers ingebou nie!”

“Jy sal nie verstaan nie, Katoeka. Moet net nie verder gaan

moeilikheid maak daar nie."

"Jou gat, Moses Swart, ek het niemand se verlof nodig om te loop waar ek wil nie!"

"Katoeka …"

"Kry jou loop! Ek gewaar 'n nuwe sleepsel agter jou aan. Vreemde een, nie heeltemal van hierdie aarde nie."

# VIER

DIE VOLGENDE MÔRE het hy en Koos Kok nog twee hande in die tuin wat help plant en skoffel en onkruid uittrek. Nee, vier ekstra hande, want teen elfuur het Lady ook kom inval. Strooihoed op die kop, handskoentjies aan. Oorjassie.

Later het van die soutpan se manne bygekom en onder Gawie Willemse se oog die hothouse kom klaartimmer. Nog rakke ingesit. Vreemde klippe en goed onder Lord se toesig in rye gepak. Die fuschia house langsaan se draaddak nog digter gestop met riete; Lord se heen en weer lopery tussen die hothouse en die fuschia house geduldig verdra. Die fuschias sorgvuldig op die stellasies gepak van groot tot klein. Allerhande kleure. Lord se groot liefde.

Terug na die hothouse.

Terug na die fuschia house om ‘n oog te hou oor die werkers wat nog van die sagte mos oor die vloer moet rangskik.

Terug na die hothouse.

Springfield is gelukkig, Springfield is vol lewe.

Net graaf Alec makeer.

“Die Strandveld is vol geheime,” sê Lord waar hy met sy vingers oor ’n skerppuntklip staan en streel by ’n hothouse-rak. “Om te dink dat hierdie klip eens ’n implement in ’n oermens se hande was; die potskerwe daar anderkant was iemand se houer vir kos of water. Dis

ongelooflik."

As Dick van Bettie Swart kaalgat uit die see kom, al swoegend en beurend om die vol geskepte hardernet oor sy skouer uitgetrek te kry, sê hy graag: Wit is ons wit, maar stukkie goeie Hottentot het ons ook nog oor. Strandlopers. Noem onsselwers net vandag Strandvelders. Selle ding. Lord verstaan nie, hy stuur ou Gawie om te kom spaai of ons seegras en bamboes werk, verstaan nie dat die seewater deur ons lywe loop nie. As die see roep, moet ons luister.

"Besef julle," sê Lord, "dat vreemdes eendag met ons implemente ook sal staan en hulle weer dááraan sal verwonder?"

"Nee, Vincent," lag Loulou, "ons s'n sal nie so interessant wees nie. Hulle was slim mense, ons is dom mense. Verskil is, hulle het geweet hulle is slim, ons weet nie ons is dom nie."

"Jy laat 'n mens altyd nuut dink, Loulou," sê Lord. Na 'n rukkie voeg hy by: " 'n Kundige vertel my nou onlangs die opgrawings wat in die kalkgrotte onder langs die see, wes van Die Walle, gedoen is, toon dat die implemente en oorblyfsels van kos wat gevind is minstens 80 000 jaar oud is."

"Werklik?" sê Loulou.

David en Cornelius begin die kleipotte met die varings in aandra. Die mooiste, fynste varings. Grootblaar-varings, kleinblaar-varings. Donkergroen, ligte groen, party amper blougroen. Ander potte waarin die mooiste bolblomme besig is om uit te stoot soos goed wat angstig is om te begin spog.

Party varings moet na die fuschia house gaan om oral tussen die klokkiesblomme te kom. Vir hom, Moses, is hulle goedjies met rokkies aan. Stokstywe voetjies wat onder die rokkies uitsteek. Soms, as Lord dink niemand sien hom nie, roer sy lippe as hy met hulle praat. Steek sy hand uit en streel saggies oor hulle … buk af en sit sy mond amper teen die groot een met die pienk en pers blomme.

Dan lyk dit of Lord in 'n ander wêreld is.

Toe alles so te sê klaar is, klim Cornelius op 'n trapleertjie en hang bossies sewejaartjies onderstebo aan hulle stokkiesbeentjies bo van die sparre in die hothouse af. Rooi sewejaartjies, wit matras-

sewejaartjies, geel sewejaartjies. Loulou ken elkeen se onsêbare slimnaam en noem dit op.

Toe is die hothouse en die fuschia house baie mooi.

En Lord tevrede.

Laataand klop iemand aan sy deur.

Graaf Alec.

“Ja?”

“Ek sien jy’s tuis. Slaap jy al?” Hy het iets in ‘n bruin papiersak in sy hand.

“Nog nie. Iets waarmee ek kan help?” Wynasem het ’n nare stink.

“Is dít waar jy woon?”

“Ja.”

“Wel, jy kan seker ook nie beter verwag nie, Lord moet vir baie sorg. Maar ek moet sê: Springfield se bediendes het beter kamers as jy. Is hierdie al jou besittings?”

“Ja.” Die man staan skaamteloos daar en neus optrek vir sy kamer.

“Gelukkig dat julle mense in hierdie land gewoond daaraan is om klaar te kom met min en steeds te bly glo julle is iéts. Sit by die hekke van die vernames en verbeel julle julle is ook vernaam, roem in julle onkunde, roem op julle baasskap oor julle minderes wat met nog minder tevrede moet wees omdat hulle nie witmense is nie. Julle weet nie hoe hard julle julle nog gaan vasloop nie.”

“Is daar iets wat ek vir jou kan doen, Alec?”

“Graaf Alec.”

“Is daar iets wat ek vir jou kan doen, graaf Alec?”

“As jy ’n skoon glas het, sal ek bly wees; ek drink nie uit ’n beker soos my plaasvolk nie.”

“Ek verstaan jy het ’n baie mooi plaas, graaf Alec.” Hy spoel ’n waterglas uit en sit dit op die tafeltjie neer.

“Gaan maak stil daardie verdomde hond!”

“Dis Maxim, hy blaf maar soms ’n bietjie aanhoudend. Bederf. Lady

het nie vanmiddag met hom gaan stap nie, ons het die hothouse en die fuschia house klaargemaak."

"Die De Saumarez-honde is altyd bedorwe, word mos soos konings behandel. Ek sien daar's 'n hok vol hounds op Ratelrivier."

"Hounds?"

"Jaghonde. Is dit die enigste glas wat jy het?"

"Ja."

"Ek is gewoond om uit kristalglas te drink."

"Ratelrivier se honde is Gawie Lourens se jaghonde."

"Ek verstaan julle het baie las van rooikatte en jakkalse, dat daar selfs nog tiere hier bo in die berge is. Veral na Ratelrivier se kant toe. Cornelius sê Major Lee gaan Dirkuyskraal toe skuif en begin met skape en beeste."

"Rooikat- en jakkalskos."

"Behoort gewild te wees om gejag te word."

"Lord laat nie sommer op sy grond skiet nie. Nooi net soms 'n paar dorpsmanne om te kom voëls skiet."

Daar is iets aan die man wat 'n jammerte in jou wil laat roer. Iets wat daar is, maar wat nie regtig is nie. 'n Verlamde wat op 'n kierie van belangrikheid stut sodat hy nie moet omval nie. Hy laat mens op 'n manier aan 'n rooikat dink: wild en waardig – terwyl jy wens hy was mak sodat jy sy kop kon krap.

"Mister Moses, ek kan jou verseker dat Lord de Saumarez nie beswaar sal hê om ongediertes te laat uitroei wat uitgeroei moet word nie. Julle ken nie hierdie man nie; julle eet van sy tafel, slaap onder sy dak, maar julle het nie werklik 'n idee van hom nie. Hy het van die deftigste hunts op sy landgoed in Suffolk gehou. Nie dat jy sal verstaan waarvan ek praat nie. Fox hunts. Jakkalsjagte. Nie julle barbaarse gewoonte om bokkies in die veld van julle onderdane te laat opjaag sodat julle hulle kan skiet en biltong van maak nie."

"Jy praat goed Afrikaans, graaf Alec."

"Het ek 'n keuse? Meeste van die werkers op my plaas praat slegs julle taal."

“Ons eet darem nie jakkalsbiltong nie.”

“Ek twyfel of julle die verskil tussen ’n jakkals en ’n rooikat sal ken, Mister Moses.”

“Moenie ’n Strandvelder onderskat nie, graaf Alec.”

“Het jy nog ’n glas? Dan skink ek vir jou ook.”

“Ek drink nie.”

“Ek ook nie, hierdie goedkoop dorpswyn is ’n belediging vir my palaat, maar Cornelius sê dis die beste wat by daardie bottelstoortjie op die dorp beskikbaar is.” Hy hou die glas met ’n deftigheid van hand vas en gaan sit met ’n hoogheid van kop op die rand van die bed. “Cheers! Immers help dit darem om ’n bietjie lewe in jou lyf te kry.”

“Lord drink ook nie eintlik nie. Hanna sê miskien saans ’n bietjie whiskey met van daardie fynsuiker in.”

“Shame, hy word oud. Hulle sê hy kon op sy dag die wildste perd beheer, het polo soos ’n meester gespeel. Julle ken nie vir Lord de Saumarez nie, ek belowe jou. Met daardie een arm skiet hy nog maklik ’n gans uit die lug uit.”

Vir ’n oomblik is daar weer die versoeking om te vra hoe dit gekom het dat Lord sy arm verloor het, maar iets keer hom. Dit sal soos afloer wees.

“Ek het by hom geleer hoe om ’n geweer te hanteer. Gee kans, ek sal eendag spesiaal vir jou ’n jakkals gaan skiet om jou te wys hoe ’n mens dit regtig doen.”

“Jy’s dronk.”

“Met wie dink jy praat jy? Ken jou plek, Mister Moses! Volgens Hanna het jy nie eens mense nie. Jou pa was ’n arm veewagter op Ratelrivier. Nou’s jy een van Lord se opgeteldes. Soos hierdie spul bediendes op Springfield wat hulle verbeel hulle is beter as ander omdat hulle onder Lord se vlerk skuil. Hoe tragies.”

“Lê, dan gooi ek jou toe.”

“Ek wil nie lê nie. Ek het onder Lord grootgeword, hy was my oorlede vader se beste vriend; sy kinders en ek en my broers het saam

grootgeword."

"Hoeveel kinders het Lord?"

"Vier. Een is dood. Ken jy vir Teeny?"

"Is sy van Elim se meide?" Hy sê dit aspris.

"Moenie beledigend wees nie! Dis Lord en Lady se dogter, die een wat met daardie windgat Harry Llewellyn getroud is. Beroemde fox hunter. Pragtige klein lady, bang vir niks. Kon die grootste vragmotor gedurende die oorlog deur die donkerste strate bestuur."

"Kom, ek help jou na jou kamer toe." Dan sien hy sommer uiteindelik hoe lyk dit in die huis …

"Wil nie kamer toe nie. Dan's daar nog Vicky ook. Nie 'n plek waar sy nog nie was nie, die polisie het voor haar uitgery om haar weg te baan toe sy in Peking was. Weet jy waar Peking is?"

"Nee."

Dit was 'n lang nag. Die bottel in die bruinpapiersak het stadig gesak. Lank na middernag het die dronk graaf uiteindelik op die bed omgekantel en geslaap. Skemermôre het Hanna Hans hom kom help om die graaf terug huis toe te vat.

Drie dae later hou Major Lee weer langs die huis stil. Klaar vererg toe hy uitklim.

Lord en Cornelius is dorp toe en Lady en Loulou drink saam met 'n vername vrou van die Strandveld tee in een van die sitkamers van die groot huis. Hanna en haar span onderdane doen die bediening soos skimme op hul tone, kom af en toe by die agterdeur uit soos goed wat bietjie lug moet skep.

"Loop julle vandag vorentoe of agtertoe?" vra hy met opset.

"Moses Swart," skel die baasmeid, "jy soek my en jy gaan my kry."

"Is daar nie vir my ook 'n bietjie van die tee nie?"

"Ekskuus?" vra sy ewe verontwaardig. "Ken jou plek, of ek sal dat Nellie jou met die besem kom vee tot waar jy hoort. Wie't langs die huis stilgehou?"

"Ek dink dis Major Lee."

“Loop sê hom Lord is nie hier nie. Sê hom hy kan nie nou in die huis inkom met sy buitevoete en die matte kom vuiltrap nie. Hy was gisteraand hier gewees.”

Major Lee staan langs die bakkie.

“Waar’s Lord de Saumarez?” ‘n Kortaf eis. Die man is klaar besweet.

“Lord is dorp toe. Vir besigheid.”

“Hy beter vinnig op Ratelrivier kom en daardie meid kom verwilder voordat daar regtig ’n moord plaasvind. Van die werkers dreig om te loop, sy voer ’n skrikbewind onder hulle.”

“Ek is jammer, ek het met haar gaan praat, maar sy’s ’n ander een.”

“Ek gee nie ’n hel om wie of wat sy is nie, ek soek haar nie op Ratelrivier se werf nie. Klaar! Ek dink ook nie Lord sal haar verder daar duld nie.”

“Het u toe die bloedhand doodgeverf gekry?” Hy moes dit nie gevra het nie, die man snork soos ’n bees en gee die bakkie ’n klap met die plathand.

“Begin jý nou ook met dié snert? Dis ’n gewone klamkol wat daar uitslaan, maar wat daardie agterlike vrou tot ’n spookhand kom verklaar het! Die werkers begin haar glo, as ons ligdag gaan inval, sit sy klaar langs die huis en kekkel soos ’n kraai.”

“Het u al die vensters begin uitbreek?”

“Nee. En moenie jy ook aan my geduld begin torring nie! Waar bly daardie vrou … hoe’t jy gesê is haar naam?”

“Katoeka. Sy bly na die seekant toe van die opstal af.”

“Een van die werkers sê sy bly in die bosse. Het sy reg om daar te bly?”

“Sy vra nie reg nie, sy vat reg. Ek sal weer met haar gaan praat.”

“Los dit. Waar’s Lady?”

“Sy drink tee, Major.”

“Loop roep haar!”

“Sy kan nie nou kom nie, mevrou Van der Byl kuier by haar.

Majoor Van der Byl se vrou."

"Dan was ek my hande in skuldloosheid as ek daardie Katoeka te lyf gaan! Wie dink sy is sy?"

"Ek sal sê Major was hier."

Toe klim die Major in sy bakkie en klap die deur hard agter hom toe.

Hy het geweet hy sou weer Ratelrivier toe moes loop om met Katoeka te gaan praat, haar te gaan dreig, haar te gaan kortvat – enige iets. Major Lee sou haar nie bang kry nie.

Kort voor halfdag die volgende dag val hy in die pad, Loulou agter hom aan. Want sy is ook nie bang nie. Sy wou haar ook nie laat oorhaal om by die huis te bly nie, sy wóú saamgaan na die *strange woman* toe wat Major Lee 'n tweede keer Springfield toe gejaag het om te kom kla. Sy wóú deur die bossierante loop, sy wóú oor die seerotse klouter.

Stadig, maar sterk.

Sy mond wil aanmekaar oopgaan om te vra of sy seker is sy sal kan byhou, of sy nie te oud is om tot by Ratelrivier te loop nie.

Toe hulle bo die eerste bosrant uitkom, fluit haar bors, maar sy wil van omdraai nie hoor nie. "Moenie my onderskat nie, Moses."

"Nee, Loulou. Dis net dat dit nie reg voel om jou so te laat loop nie."

"Die krag waarmee 'n mens loop, die krag waarmee jy jou loop deurstaan, is groter as wat jy vermoed, Moses."

Sy ken die voëls, ken die plante, voer hardop gesprekke met alles: Julle is die mooiste, die beste, die ongeloofликste …

Praat met elke voël: Waar steek jy jou nessie weg? Waar's jou maat? Smaak daardie blomstroop lekker?

Flous 'n streepkopsysie deur doodstil te staan terwyl hy klaar by 'n vuurpyl oes.

Stop by 'n witvlerksysie wat saad soek in 'n afgeblomde proteabos.



Stop by elke skilpad om na sy welstand te verneem. Party tel sy op om te kyk of dit ’n mannetjie of ’n wyfie is, sit hom saggies neer en sê watter kant toe sy by die laaste skilpadbessiebos verby is.

Wuif laggend vir die visarend wat hoog bo hulle sweef.

Elke keer as hy omkyk, is haar rok se onderkant meer vol afskuursel, die skrape aan haar bene, tussen haar roksoom en sokkies, rooier en meer. Haar gelaat al meer stralend.

“Kom, jy raak agter!” moet hy kort-kort roep.

“Ek sal inhaal!” roep sy terug.

Suikerbekkies met lang sterte, kort sterte, rooibors-suiker-bekkies, swart suikerbekkies oral oor die proteas …

Uiteindelik begin hulle afsak na Rietfontein se baai toe, waar sy by elke stukkende seekatskulp in verwondering buk.

“Waarom is hulle so stukkend?” kerm sy.

“Loulou, los die goed!”

“Waarom is hulle so gebreek?”

“Omdat die meeue hulle soggens vroeg kom stukkend pik vir die peuseltjie kos daarin.”

“Waar kan ek ’n heel een kry?” Soek-soek spore oor die sand, spoelbranders vee hulle agter haar dood. “Hier is dan nie ander skulpe nie.”

“Kom, Loulou! Hierdie stuk see is te rof, als kom klaar stukkend geslaan uit.”

“Hoekom maal die see dan nie die seekatskulpe stukkend nie? Hulle is papierdun.”

“Hulle dryf op die water. Die wind waai hulle aan en laat hulle uitspoel op die sand. As jy vroeg kom seekatskulp soek, voor die meeue kom pik, kry jy die heles.”

“Dis goddelike handtekeninge van goddelike skeppings. Ek wil een na my huis op Botrivier neem en dit op my kaggel sit om na te kyk.”

Die volgende oomblik is dit of haar oë iewers op die see verstar.

Toe hy kyk, sien hy dit ook: die groot swart walvis agter die laaste ry rotse, stadig bewegend in die diep sloep. Sy pa het altyd gesê: as jy hom in drie deel, sal jy baie ossewaens en baie osse nodig hê om hom weg te ry.

Toe duik die walvis en laat sy enorme swart stert in die lug bo die water uitsteek. Stert slaan die water en laat ’n wit kol in die see skuim. Die volgende oomblik duik die walvis weer die diepte in … swem terug boontoe. Duik. Stert omhoog. Stert slaan met ’n slag op die water wat jy tot op die wal hoor.

Loulou staan in verwondering.

Walvis duik, walvis steek stert in die lug, die water skuim en kolk …

“Ons moet loop,” sê hy.

“Ons moet loop,” sê Loulou, maar bly staan waar sy staan.

“Kom, Loulou.”

“Ek kom.”

‘n Entjie verder moet hulle ’n bietjie uitswaai om tussen die klipriwwe deur te kom. Sy buk en tel ’n langwerpige klip op. “Ek dink hierdie is ’n implement wat by Vincent se versameling sal pas.”

“Ja. As jy ’n bietjie vinniger stap, kan ons met die terugkom

uitswaai na een van die miedens toe."

"Watse miedens?"

"Ek weet nie wat dit in Engels is nie. Dis skulphope. Perlemoenskulp wat in groot hope gepak is, oopkante na bo – skulphope waarin die Strandlopers vir hulle reënwater laat opgaar het om in droogtetyd te drink. Van die stukkendes het hulle kraletjies gemaak. As jy fyn soek, kry jy volstruiseierkraletjies ook. Baie kreefdoppe. Een ding is seker, hulle het nie sommer neergegooi as hulle klaar geëet het nie. Hulle het alles op die miedens gaan weggooi; jy kan maar sê dit was hulle vullishope."

"Verstommend. En Vincent sê dit was 80 000 jaar van toe af tot nou? Dit voel my ons weet niks, Moses, voel my baie ons sukkel om deur kinderskool te kom."

"Ek en Cornelius het eendag drie volstruiseiers anderkant Die Walle uitgegraaf. Bruinerig van ouderdom, gaatjies aan die bopunte, toegestop met grasproppe. Wegsteekwater."

Haar skoene is nat, helfte van haar rok is nat; alles is vol sand. Drie pikswart duikers sit 'n ent see-in met oopgespreide vlerke op 'n rots om droog te word. Daar is nie tyd om Loulou te laat gaan sit om droog te word nie.

By Ratelrivier se mond waad sy sonder om te huiwer kniediep deur na die oorkant toe. Kla nie toe hy haar aan die hand vat en deurhelp nie.

"Kom! Dis nou nie meer ver nie. As sy nie by die huis is nie, sal ons tot bo by die opstal moet loop."

"Waar's haar huis?"

"Dis nie huis nie."

Katoeka sit voor haar boskaia op 'n klip, besig om 'n vis te krap. 'n Mooi blink rooiroman. Blikskotteltjie staan langs die klip, haar vislyn om 'n stukkie uitspoelplank gedraai langsaan.

"Middag, Katoeka."

"Ek was jou gister al te wagte. Wie's hierdie?"

“Dis gravin Blücher.”

“Wie’s sy?”

“’n Vriendin van Lord en Lady de Saumarez. Sy kuier op Springfield.”

“Ken haar nie, lyk my sy hoort meer op ’n stoel as op die voete. Wat soek sy?”

“Vir jou.”

“Ek soek nie vir haar nie.”

“Major Lee het weer op Springfield kom kla oor jou.”

“Sy gat.”

“Hy sê jy versteur die werksmense.”

Sy gee ’n kraailaggie. “Hulle het weer geverf, die hand slaan nog altyd deur.”

“Hy sê dis ’n natkol wat bly deurslaan.”

“Gaan kyk. Duidelik ‘n bloedhand, vingers en al.”

Loulou het op die klip ’n entjie van Katoeka af gaan sit. Daar is iets onwerkliks aan die oomblik. Twee mense, die een van vis, die een van vlees. Soet en sout in een skottel. Een hoog, een laag. Dis of ’n hand ’n onsigbare kring om hulle trek.

“Waar kom jy vandaan?” vra Katoeka.

“Aangename kennis,” sê Loulou.

“Jy’s nie van die Strandveld nie, ek sien jy kom van ver af.”

“Waar is jou huis?” Loulou.

Hy sien hoe trek Katoeka sku vir die Engels, draai terug na hom.

“Major Lee dink verniet die spook sal weggaan as hy my weggejaag kry. Hulle sê Jacoba was ’n mooie vrou, hare in die middel van die kop gekloof, altyd oorbelletjies gedra. Dirk Gysbert was erg oor haar en jaloers soos die duiwel.”

“Is jy hier gebore, Katoeka?” Loulou.

“Ek het brood in die pot. As jy vuur aan die gang kry, braai ek vir julle vis om te eet. Brood en vis, godskos. Is daai ring aan haar vinger van regte goud?”

“Dis mooi en besonders hier.” Loulou.

“Daar’s al drie skippe vroegmôre agter op die see verby,” sê Katoeka. “Trek nie harders nie, dis vir seker. Lê te diep.”

Loulou sit net, kyk en kyk in verbasing na die ratsheid van Katoeka se hande soos sy met die vis woel. “Waar het jy die vis gekoop?” vra sy.

“Wat vra sy?”

“Sy vra waar jy die vis gekoop het.”

“Is sy simpel van kop? Vis bly in die see, nie in die winkel nie.”

“Sy kom van ’n ander land, van ver oor die see, sy sal nie verstaan nie. Sy’s ’n baie hoë vrou.”

“Ek ook.”

“Major Lee sê daar’s van die werksmanne wat dreig om te loop oor jou storie van die spook.”

“Koos Vinger is met die helmet gebore, hy sê hy’t die spook gesien. Helder. Van Elim se Vingers.”

“Waar woon jy, Katoeka?” Loulou.

“Wat sê sy?”

“Sy vra waar jy bly.”

“Sê haar ek bly waar die wind my waai. Kan sy nie reg praat nie?”

“Sy praat nie Afrikaans nie, net Engels.”

“Sê haar ek kan nie met haar praat nie, sê sy moet daardie skoene en sokkies uittrek en die sand uitskud. Ek gaan dit nie vir haar doen nie, ek is nie haar meid nie.”

“Katoeka …” Loulou haal die klip wat sy by Rietfontein se baai opgetel het tussen haar roksvoue uit en hou dit na Katoeka toe uit. “Wat sê hierdie klip vir jou?” vra sy stadig op Afrikaans.

“Waar kry jy dit?” sê Katoeka verbaas. “Dit was die oumense se slagklip. Bok se vel netjies daarmee afgeslag.”

“Katoeka, die gravin wil weet wat die klip praat.”

“Hy praat nie. Sy praat is op; die een waarop sy sit, praat.”

“Wat sê hy?”

“Hy sê haar boude is te hard, sy’t nie vet aan haar nie. Maak vir ons ’n vuur, Moses, die vis moet gaar.”

“Los, Katoeka, ek dink nie sy sal eet nie.”

“Vra haar hoe groot die see is.”

“Hy’s groot, Katoeka.” Sê hy.

“Hoe diep?”

“Hy’s diep, Katoeka.” Sê hy.

“Weet sy jy’s ‘n uitgespoelde?”

“Nee. As Major Lee die dag by Lord kom kla oor jou inmengery, gaan jy afgesmyt word van Ratelrivier se grond.”

“Hulle sal my nie kry om my af te gooi nie. Jy sê die see is groot? Ek wonder hoe ver die rooikat al geswem het, of hy al anderkant aangekom het.”

“Watse rooikat?”

“Rooikat wat een môre hier onder by Rietfontein die see in is. Corder stuur Gawie Lourens met die honde om die kat te gaan soek wat sy lammers so vang en opvreet. Hy vermoed dis ’n rooikat. Gawie kom te perd hier aan, honde draf sterte in die lug. Bont honde. Ewe ’n fênsie meisiekind ook by. Te perd. Van Springfield se rykes, Teeny is haar naam. Sit soos ’n mannetjiesmens op die perd. Ek vra vir Gawie: Wat kom soek jy hier met ’n meisiekind? Hy sê sy’t van Die Walle af gekom, seelangs. Jy ken mos vir Gawie, altyd ’n vrouding wat agter hom aan foeter. Moenie my vra waar sy die nag geslaap het nie, of waar Gawie gelê het nie. Gawie sê sy kom van oor die see af en bang nie ’n perd nie, nog minder ’n kat. Ek sê: Wag tot daai kat uit die bos spring, dan sien jy hoe donner sy van daai perd af. Dis nie plek vir ’n meisiekind nie, jaag haar terug. Gawie sê: Sy’s nie haastig nie. Hy begin seekant toe werk agter die honde aan, son begin opkom, die blindevlieë begin pla, die meisiekind klap en waai na die goed. Ek sê vir haar: Toemaar, dis maar die begin, hulle vreet jou nog op vandag, want wat soek jy hier? Sy trek haar gesig, sy sê iets, maar ek verstaan haar nie. Ek begin agterna draf. Draf, draf. Daardie dae draf ek nog ’n perd flou. Die meisiekind klap en waai na die vlieë, hulle koek tot in

haar ooghare. Die voorhond gewaar iets, die ander tjank agterna. Onder by Die Dam kry hulle die rooikat se spoor. Rooikat spring uit ’n bietoubos, honde raak mal, honde keer kat teen die see vas, ou Gawie skree en skree, kat grom verskrik, honde tjank-blaf soos goed wat hulle wil beskyt, maar waag dit nie tot by die kat nie. Blaf en tjank net. Kat skrik ’n regte katskrik, trek sy rug krom en blaas van die woede. Gawie kom nader … die volgende oomblik foeter die kat so waar as wragtig die see in. Ek sien dit met my eie oë. Honde gaan tekere. Kat swem deur die eerste sloep na die naaste rotsbank toe. Gawie spring van sy perd af, begin sy broek losmaak, begin sy klere uittrek. Vat die karwats en loop kaalgat die water in. Probeer toehou met sy hand, maar swingel laat hom nie toehou nie. Ek skree vir die meisiekind: Kyk anderpad, die man is kaal! Meisiekind lag. Ou Gawie is by die kat, hy slaan na die sissende, blasende ding, maar plaas kat omdraai en terugswem land toe, foeter hy wragtig die branders in diepsee toe. Laaste sien ek net die kop hobbel. Kat swem. Gawie kom uit die water, swingel opgefrommel van die koue. Die meisiekind lag.”

Loulou het aandagtig gesit en luister. Kyk met ’n vreemde soort bewondering na Katoeka; vra kort-kort wat Katoeka sê. Dan sê hy hy sal haar later sê.

Toe staan Loulou op en begin stadig in die rigting van Katoeka se boskaia loop. Draai om en kom vra of sy maar kan ingaan. Hy vra namens Loulou vir Katoeka; sy gee verlof met ’n ongeërgde swaai van die arm.

“Katoeka, ek vra jou mooi, los uit die werksmense bo by die huis. Hou op om Major Lee te treiter. Ek wil nie aanmekaar tussen jou en hom moet toutrek nie. Onthou, ek en jy leef albei uit Lord se hand.”

“Ek leef uit my eie hand.”

“Asseblief, Katoeka, ek vra vir die laaste maal …”

Die volgende oomblik kom Loulou onder die melkhoute uitgekruip, loop na Katoeka toe en sit haar hand vir ’n oomblik op die maer skouer.

“You’re incredible.”

“Wat sê sy?”

“Sy sê jy’s snaaks.”

“Haar gat.”

Dit het hom tot amper by Hangnes gevat om ’n Afrikaanse woord vir *incredible* te soek.

Ongelooflik.

Ja, Katoeka kan seker ongelooflik genoem word. Ongelooflik beduiweld ook as sy die dag lus is.

Loulou sê dis die mooiste huis. Sy’t nie gedink daar bestaan so ’n plek nie; stoel en ’n tafeltjie ook, kassie met ’n kleedjie oor. Ou Bybelprent in ’n raam aan ’n spyker teen een van die takke.

# VYF

ALTYD AS IETS gebeur, het sy pa gesê: Oppas, as een ding verbyrol, rol sy maat op sy spoor agter hom aan.

Toe hy en Loulou die middag Springfield se werf inloop, toe rol die volgende rooikat onder hulle voete in.

Lord staan tussen die hothouse en die huis, Lady kom handewringend nader. Cornelius vee sweet af, Koos Kok trap rond. Simon, die swart hond wat laaste saam met Lady uit Engeland gekom het, blaf harder as Maxim.

Lady begin huil toe sy na Loulou toe aankom.

Graaf Alec is weg. Vermis. Hy't voor die middag die veld in geloop met een van Lord se gewere. Plus 'n vol bottel soetwyn. David het te perd gaan soek. Cornelius en Koos Kok het met die Jeep gaan soek. Teruggekom en weer gaan soek. Niks.

Koos Kok sê graaf Alec is vroeër in die tuin by hom verby, toe hy hom vra waarheen hy gaan, het hy gesê hy gaan 'n rooikat skiet. Miskien 'n jakkals, dalk 'n tier. Toe sê Koos Kok vir hom dan sal hy ver moet soek, die laaste tier is teen Soetanys se berg geskiet, Gawie Lourens het hom nog geskiet. Toe sê graaf Alec hy twyfel of hulle die verskil tussen 'n jakkals en 'n rooikat ken. Of 'n tier. Toe sê Koos Kok Strandvelders mog dom wees, maar hulle is nie onnoosklik nie.

Toe't graaf Alec westekant toe begin loop, Soetanysberg se kant

toe.

Lord stel voor dat hy, Moses,'n perd opsaal en gaan soek. Lady stel voor dat Cornelius hom en Lord met die Jeep dorp toe vat, polisie toe.

Nee, hy sal Simon uit die hok laat kom. As hy sy skipgeld werd is, sal hy die spoor kry.

Almal staan grootoog en kyk toe hy die hond uit die hok laat kom en aan 'n paar stewels van graaf Alec laat ruik en vir hom sê: "Soek-soek, Simon, sa-sa." Hy het jare gelede eendag 'n speurder dit op Ratelrivier sien doen agter 'n skaapdief aan.

Loulou huil, Lady huil. Lord se gesig is vertrek soos een wat pyn het.

Die baasmeid praat skielik weer Afrikaans. "Ek het geweet iets gaan gebeur, Moses. Die uil het heelnag geroep. Dis 'n voorspooksel."

"Klink of jy van Katoeka familie is."

"Moenie daai malmeid van Ratelrivier op my kom afdruk nie!"

Die eerste voetspoor kry hy teen die duin bokant Bergplaas. Ook rooikatspore en grysbokmis. Kort-kort skilpadspore, kompleet soos patroontjiepaadjies in die sand. Lord het 'n ding oor skilpaaie; het 'n hok vir die vyf groot bergskilpaaie op Springfield se werf laat bou; ordentlike hok, half in die veld. Kry oral by mense skilpaaie present. Een se naam is Oupa. Vreet soos konings: wortels, kool, blaarslaai.

Wintertyd slaap hulle diep onder die bossies, dan raak Lord bekommerd dat hulle dalk doodgegaan het. Sê Hanna aan om Oupa te gaan roep en sê agterna: Wys julle, 'n skilpad het ook verstand. Want dan gaan roep Hanna, en wragtig, as jy weer sien, kom skilpad uit die bos gekruip sodat Lord kan sien hy leef nog.

Teen Soetanysberg se voetheuwels kry hy weer 'n spoor; sukkel om die hond tot bedaring gemaan te kry. Dis warm, bloedig warm. Die hond moet water kry. Dit kos hom uitswaai en terugloop tot by Bergplaas se watersloot sodat die hond kan suip. Suip en suip. Toe weer die duin uit. 'n Halfuur later beland hulle in 'n stuk veld wat afgebrand het. Die proteabosse staan houtskoolstokke en gooi geen skadu om in te skuil nie. Die hond draf en draf, neus kort bo die

grond.

Hy voel hoe die son hom brand. Sy hemp is later van sweet deurweek, maar die hond bly draf. Gee dan skielik ’n harde tjank. Nog ’n tjank. Tussen die brandstoppels lê ’n baadjie. Graaf Alec se baadjie. Hy por die hond, hond begin weer draf.

Daar’s geen twyfel nie, graaf Alec het in ’n stadium soos ’n verdwaalde geloop: uit die stoppelbosse probeer strompel na die suidekant toe, omgedraai en weer weswaarts geloop. Hond tjank by ’n hemp. Amper uit die stuk brandveld uit lê die haelgeweer. Die hond kry swaar, die sand is warm. Toe tjank die hond by die leë bottel. Onderbroek hang komieklik oor ’n tak. Hond gee kort tjankies. Genade is die bosruigte waar hulle inloop teen die duin. Genade is die skadukolle vir die hond se voete.

Hond gee weer ’n tjankie. Hond is moeg, hy sal hom moet dra …

Eers is hy nie seker nie. Die geluid het iewers uit die bosse gekom. Weer. Die hond blaf ’n harde blaf. Toe’s die geluid weer iewers. ’n Kermroep. Die hond verdwyn tjankend in die ruigtes in.

In ’n knoppiesbos.

‘n Lewendige lyk. Die hond gaan tekere, blaf en blaf. Die lyk braak ’n droë braak met die aakligste geluid. Die hond bly tjank en blaf en hy wat Moses is, som die saak in ’n oomblik op. Hoe gaan hy die man by die huis kry? Hoe gaan hy hom uit die bos kry?

Sleep.

“Kom!” Hy sleep die lyk uit die bos. Graaf Alec is gehawend, sy lyf is vol skrape, hy’s voos gebrand van die son. Hy’s vuil en nakend. Die vreeslikste swingel sonder skaamte. “Kom!” Hy’s swaar. Bliksems swaar. Maar hy kry hom op die voete en buk onder hom in sodat hy dwars oor sy rug lê.

Los die geweer en die baadjie en hemp.

Die aardigste dronkmansgeluide. “Hou jou in! Jy kots nie op my nie!”

Tree vir tree. Al teen die duin af, deur die stuk brandstoppels. Affer en affer teen die duin. Goddank dis nie opper en opper nie.

Iewers slaan daar stof uit. Onder in Bergplaas se pad. Dis die Jeep met Cornelius en Lord en Loulou. Wat die man van sy rug afhaal, hom agter op die Jeep help. Wat die hond op die Jeep tel.

By die huis is dit Loulou en Hanna wat die graaf was en vol rooigoed smeer totdat hy ’n rooi gedaante is.

Dis hy, Moses, wat agter die huis op sy hurke neersak. Jissis. Die bliksem.

Dis Hanna wat vir hom ’n bord kos op ’n skinkbord bring. Mes, vurk, servet.

“Gravin Blücher is baie dankbaar. Lord vra dat jy inkom sodra jy klaar gerus het.”

“Waar’s die hond?”

“In the house, lying on the French settee Miss Bettie had covered so beautifully with the red velvet cloth. Head on Lord’s lap. Lord sent David with the horse to go look for the rifle. It’s terrible. He could have been dead – Count Alec.”

Toe hy klaar sy kos geëet het, staan hy op en gaan na sy kamer toe en slaap.

Die volgende môre stuur Lord vir Hanna om hom te roep. Hy is al in die tuin by Koos Kok, die son sit al hoog.

“Vee af jou voete en loop deur die kombuis,” gee Hanna instruksies. “Moenie gaan sit voor Lord jou nie aansê om te sit nie, en onthou om op te staan as Lady binnekom. Of gravin Blücher.”

Die oomblik toe hy in die sitkamerdeur staan, trap hy ’n stukkie onthougoed raak wat diep in hom gebêre was en die vreemdste wrewel en verlange in hom losmaak. Dieselfde verlange wat hom vroeër jare so by Rietfontein se baai oorval het.



Hy staan daar in die deur van die mooiste, deftigste sitkamer soos op die rand van ’n ander wêreld. Waar jou oë nie net die swier raaksien nie, maar jou lyf ’n statigheid inasem van ’n reuk wat ook diep in jou lê. Oral is tafeltjies en kassies. Vertoonkaste met uitkerwings en ’n glans wat van ver af kom. Inlegwerk wat fyn patroontjies vorm. Gekrulde koperhandvatseltjies aan die laaitjies. Spieël omraam met trosse druiwe en druiweblare, engelkoppe. Lang, dieprooi gordyne wat in swierige bondels onder die kappe uithang. Groot diep stoele, oordek met dieselfde lap, wat trone word waarop konings sou kon sit of agteroor lê. Lampe met glaskappe en kopervoetstukke vir die wonderlig saans as die enjin poef-poef krag opwek totdat iemand dit vroegaand gaan afsit.

Boekrakke vol boeke.

Teen die mure is ’n ander wonder: prente. Nie prente soos daar teen Ratelrivier se skool se mure was nie, van Jesus aan die kruis en Daniël in die leeukuil. Prente van regte goed. Wat met ’n verfkwas geteken is, hoewel jou oë nie kan glo dat die hand wat die verfkwas vasgehou het só slim kon wees nie. ’n Boom só laat leef asof dit regtig groei nie. In ’n ander raam spoel die see, die branders skuim, ’n skip met bollende seile ploeg deur die water …

Lord staan uit ’n stoel op soos ’n spook wat skielik in die vertrek verrys.

“Môre, Moses.”

"Môre, Lord."

"Ek sien jy kyk na my skilderye."

"Ja. Ek het nog nooit sulke tekeninge gesien nie."

"Skilderye, Moses, nie tekeninge nie. Almal in hierdie vertrek het ek van my oupa aan moederskant geërf. Hy was Admiraal Sir George Broke-Middleton, bevelvoerder van die skip *Thunderbolt.* Hy't meer as 'n honderd jaar gelede die Kaap besoek en dit het hom die res van sy lewe hierheen laat terughunker. Die lewe, Moses, loop soms vreemde dubbelpaaie waarvan party vermoedelik reeds in jou bloed is as jy gebore word. Hier woon ek vandag op die drumpel van die Kaap, met 'n liefde vir dié plek wat diep in my geroer het toe ek amper dertig jaar gelede die eerste keer per skip in die Kaap aangekom het – asof dit so bestem was. Ek het later jare hierheen getrek, nie net omdat ek nie meer die klimaat in Engeland kon uitstaan nie, nie net om sterftaks te ontglip nie, maar omdat dit reeds in my bloed was."

"Waar het Lord se oupa die skilderye gekry?"

"Dis almal Bowlers, 'n kunstenaar wat in die Kaap gewoon het en my oupa se vriend geword het. 'n Man wat as 't ware die geskiedenis met waterverf en 'n kwas vir ons vasgelê en nagelaat het."

"Daardie een van die see is die mooiste."

"Bowler het twee jaar lank op Robbeneiland as onderwyser gewoon; die see het hom daagliks bekoor. Sit, Moses."

"Dankie, Lord."

"Een van my name is Broke."

Ek weet nie wat my naam is nie. "Hoeveel name het Lord?"

"James St Vincent Broke. Hoeveel name het jy?"

"Net Moses." Die vreemdeling van die grafte het gesê …

"Dankie dat jy gister graaf Alec gaan soek het. Hy kon dood gewees het."

"Hy trap nie die aarde raak soos 'n gewone mens nie."

"Jy stel dit reg."

"Iets pla hom, Lord, help nie mens gooi 'n kombers daaroor nie. Hy

loop tree na tree, maar in werklikheid is hy ’n verdwaalde.”

“Ek twyfel nie dat hy ’n groot gemis aan sy vader het nie; hy was ’n besonderse man. Sy moeder is ook besonders; ek is verstom dat sy gister saam met jou Ratelrivier toe geloop het. Sy is lank nie meer ’n kind nie.”

“Maar sy’s taai, Lord.”

Die skip op die getekende see dryf en dryf oor rollende golwe, jy hoor hulle suis.

Tweelingpaaie. Hoe weet ’n mens watter pad jy moet vat?

“Ek het jou laat roep omdat ek jou ’n groot guns wil vra, Moses.”

Ek gaan nie weer op die soutpan werk nie. Asseblief nie. “Wat, Lord?”

“Ek wil hê jy moet vir ’n week na Die Walle toe gaan – miskien sal dit net vir drie dae wees. Hang af.”

Hanna kom binne met ’n mooi gedekte skinkbord. Fyn koppies. Silwer teepot, silwer melkbeker, silwer suikerpot met spierwit blokkies suiker in, tangetjie van twee netjiese silwer handjies om dit mee te knypskep.

“Hoekom na Die Walle toe, Lord?” Vra my liewer om na Rietfontein se baai te gaan.

“’n Baie vername en bedrywige man soek afsondering, ek het voorgestel dat hy na my huis by die see kom. Hy soek afsondering omdat hy ’n baie belangrike toespraak moet skryf.”

“Sal nie beter afsondering kry as by Die Walle nie, Lord. Dis ’n alleenplek.”

“Beslis. As enige iemand jou na die man vra, hou jy jou dom – soos julle Strandvelders die kuns verstaan om te doen.”

“Ja, Lord. Wie’s die man?”

“Die Eerste Minister van Engeland.”

“O.”

“Ek sal die huis aan die kant laat maak; sorg dat alles daar is wat daar moet wees.”

Eerste Minister van Engeland.

"Reg, Lord."

"Dis 'n baie presiese man, wat onder geen omstandighede steurings verduur nie."

"Vang hy vis?"

"Moses!"

"Ek vra maar net, Lord." Hy't nie bedoel Lord moet hom só hewig erg nie.

"Jy sal oor die algemene take van die huis aangestel wees. Soos om die tafel te dek, saans die lampe op te steek, voor jy gaan slaap te kyk dat die badkamer aan die kant is. Toesien dat die toilet deeglik gediens is. Kyk dat die asbakke skoon is, die man rook. Daar kom nog 'n man saam met hom, sy sekretaris."

"Dis reg so, Lord, dis net dat ek nie goed is met kos maak nie."

"Nellie sal sorg dat al die kos hiervandaan saamgaan; sy sal jou wys hoe om behoorlike tee te maak en te bedien. Tafel te dek."

"Ek sal my beste doen, Lord."

"Die belangrikste is om toe te sien dat die man nie gesteur word nie. Sê hom beskaaf goeiemôre en goeienag. Dis al."

"Ek sal so maak, Lord."

"Dankie. Ek is hom teen Saterdag te wagte. Ek verneem by gravin Blücher dat jy weer met die vrou gepraat het waaroor Major Lee soveel klagte het."

"Dis reg, Lord."

"Dat gravin Blücher tot by haar huis saam met jou geloop het."

"Dis reg, Lord."

"Gravin Blücher sê dis 'n baie besonderse vrou."

"Ja, Lord. Maar sy voer 'n skrikbewind onder die bouwerkers oor 'n spokery op Ratelrivier."

"Hoe sotlik. Glo jý dat dit op Ratelrivier spook?"

"Nee, Lord." Maar dit sal my nie verbaas nie, voeg hy in sy hart by. "Het hulle al die hand … die kol in die gang doodgeverf gekry?"

“Volgens Major Lee bly die kol steeds deurslaan.”

Die Vrydag vat Cornelius hom na Die Walle toe, waar dit ’n aardige bedrywigheid is van Springfield-bediendes wat huis skoonmaak, gordyne was, ophang, stryk. Kussings en komberse uitskud. Matrasse omkeer. Kosgoed in die kombuiskas pak. Asbakke op die tafels sit.

“Waar is Hanna?” vra hy vir Nellie.

“Paar dae Elim toe, haar ma is siek. Kom, Lord het gesê ek moet jou leer om tafel te dek en tee te maak. Dis ’n hoogman, ’n Engelsman, hulle weet hoe alles gedoen moet word. Lord wil hom nie skaam nie.”

“Luister, Nellie, ek weet goed hoe om tafel te dek en tee te maak.”

“Ons praat nie van kombuistafel en tee in ’n beker nie.”

Dis duidelik dat ’n vername verwag word. Beste sal wees om hom die voorste slaapkamer te gee en die ander man in die kamer langs hom te sit. Die middelkamer vir ’n kantoor om die toespraak ongesteurd in te skryf. Vernames moet neerskryf wat hulle wil sê, praat nie sommer soos hulle wil nie …

Vir homself vat hy die agterste kamer sodat hy kan hoor as een van hulle roep.

Dis net die onrustigheid in sy hart oor die weer waaraan hy niks kan doen nie. Help nie jy’t al die plesier van ’n plek soos Die Walle om alleen te kom wees en ’n storm tref jou nie. Die donkervaal wolkbank wat laatmiddag agter op die see lê, lyk nie goed nie. Kompleet soos ’n reuse-ratel wat knorrend wag om jou storm te loop.

Toe Cornelius die klomp bediendes almal op die Jeep gelaai had, het hy self ’n oomblik oor die see uitgekyk en sy skouers opgetrek.

“Moses, ek hoop vir jou part die weer hou.”

“Ek ook, Cornelius.”

“Wil al vir my lyk of die seevoëls inlands begin vlieg.”

“Moenie voorspooksels maak nie, Cornelius. Voëls weet altyd eerste of daar ’n storm op pad is.”

“Miskien maar my verbeel.”

Voor skemer loop hy van kamer tot kamer om seker te maak dat al die vensters toe is. Dat daar nie iewers ’n kraan drup nie. Elke kamer het sy eie wasbak in ’n hoek. Vier slaapkamers, baie krane wat druppend water kan mors. Water uit die tenk agter die huis. Noodwater uit die varswaterfonteintjie regs van die huis.

Toe het hy ‘n lamp opgesteek en vir homself iets gemaak om te eet: brood, konfyt en koffie. Buite gaan kyk of die sterre iets sê. Ja. Hulle skitter meer as gewoonlik agter op die see.

Toe het hy gaan inkruip en gekeer dat hy nie te gou aan die slaap raak nie. Slaap by Die Walle, waar dit voel of jy binne-in die see lê, laat jou anders slaap. Dieper.

Iewers in die nanag het die wind die eerste ruk kom gee. Hy’t opgestaan en deur die voorste kamer se venster gaan loer. Niks. Nagswart. Nie ’n ster nie. Nie ’n lig iewers op die see nie.

Hulle sê daar’s ’n spookskip tussen Kaappunt en Agulhas. Die enigste spook waaraan sy pa geglo het, omdat hy hom self gesien het. ’n Skip wat op sy terugvaart na Amsterdam om die Kaap probeer vaar het en keer op keer moes terugval omdat ’n stormwind hom bly voorkeer het. Die kaptein het so kwaad geword, hy het op die dek gaan staan en hemel toe gevloek en gesweer dat hy om die punt sou vaar, al sukkel hy tot Oordeelsdag toe.

Sy pa sé: “Moses, moet nooit vloek of sweer nie, dis vreeslike sonde.”

“Ja, Pa. Hoe’t die skip gelyk wat Pa gesien het, Pa?”

“Dit was nie ’n mensding nie, ek wil nie daaroor praat nie.”

# SES

HALFDAG HOU DIE Jeep langs die huis stil.

Cornelius klim uit en maak die deur oop vir die man wat voor sit. ’n Mooi en aansienlike man, welige halfgrys hare, welige halfgrys snor. Lang man. Die wind waai sy hare orent, hy keer met sy hande, probeer hulle weer langs sy kop vasdruk, maar die wind bly hulle loswoel. Die agterste man het self deur oopgemaak en uitgeklim, hou ’n oog oor Cornelius terwyl hy die drie kyste uithaal. Harde kyste, dure kyste; staan nader toe Cornelius sukkel om die sware ding met die swart oortreksel ook uit te lig. Tikmasjien.

Die man se naam is My Friend. Dis hoe die hoofman hom aanspreek.

En die wind waai. En die see is vaalgrys; bo teen Soetanys se berg druk ’n miswolkie vas …

My Friend wat in die kombuis vir hom kom vra of die huis veilig is teen só ’n aanslag van wind?

Ja.

Of hy dit met oortuiging kan sê?

Ja.

Toe hoor hy My Friend sê vir die hoofman in die tikmasjienkamer dat die man in die kombuis possibly a little backward is.

Hy moet homself beteuel om nie in die man se tee te spoeg nie waar hy in die kombuis besig is om vir hulle tee te maak. Sit van Nellie se beskuit op ’n bord. Terwyl die wind al meer genadeloos waai; g’n mens kan ’n hand aan ’n venster waag om dit oop te maak nie. Nie eens op ’n skrefie nie. Die storm is uit die suide en tref die huis reg van voor.

Laatmiddag besef hy dat daar iewers ’n skrefie aan die agterkant sal móét oopkom. Die huis is aan’t versmoor van die bolle rook wat die hoofman uitblaas van die dikke sigare wat hy rook.

Hy vat weer vir hulle tee binnetoe.

Die hoofman kyk hom half verbaas aan, asof hy hom vir die eerste keer raaksien. Staan op en gee hom hand.

“Macmillan,” sê hy.

Hoe’t Lord gesê? Daar’s goed wat van geboorte af reeds in jou are loop. Dirk Gysbert het vir Jacoba geskiet omdat sy die hele aand met ’n Macmillan-kêrel gedans het en nou sit die bloedhand nog steeds teen die muur in die gang.

Buite waai die wind al hewiger.

En die hoofman, die Macmillan-man, bly puf-puf aan sy sigaar totdat die huis begin wolkerig raak van die rook. Die man is gespanne; mens kan dit sien. Solank Lord net nie hier aankom nie; sy een long is baie sleg, want hy is in die long ook geskiet. Sê Hanna. Kan nie benoude plekke verdra nie.

Dis duidelik dat die twee vreemdes nie met vakansie by Die Walle is nie. Stapels boeke en papiere op die een bed in die tikmasjienkamer uitgepak, tikmasjien op die tafel. Die Macmillan-man loop kort-kort op en af in die gang soos een wat hard aan die dink is.

Skemertyd steek hy die lampe op en dek tafel. Sit brood, botter en konfyt in die middel neer en gooi die net oor. Kastrol water op die paraffienstoof in die kombuis gesit. Nellie het opdrag gegee dat die kos warm *gestoom* moet word. Vis en gestoofde patats.

My Friend kom vra vir twee glase en gooi vir hulle whiskey in. Vra besorg hoe lank die wind nog gaan waai.

“Moeilik om te sê, Mister. Drie dae, vier dae …”

“Beteken dit ons moet drie, vier dae in die huis sit?”

“Ek is jammer, Mister.”

“Wat doen die mense van die omgewing as so ’n windstorm hulle tref? Ons verneem dis meesal vissermanne. Mens kan dit seker nie in sulke omstandighede op die see waag nie?”

“Nee, Mister. Dis sopkookdae. Dae wat hulle in die huis om die stoof sit en nette regmaak en grommel omdat hulle nie kan see toe gaan nie.”

“Dit moet ’n baie gevaarlike see wees.” Hy sê dit met openlike respekte. “Die feit dat twee groot seestrome hier bymekaar kom, moet ’n dramatiese ontmoeting wees. Sal ’n mens dit hiervandaan kan waarneem? Mister Macmillan sou dit graag wou sien.”

“Daar’s nie juis iets om te sien nie. Mens sien nie regtig waar hulle bymekaar kom nie, jy sien maar net die grote branders hier om Agulhas; hulle sê dis van die hoogste branders in die wêreld.”

“Hoër as dié om Cape Horn?” vra hy grootoog.

“Ek sal vir Lord vra, hy weet van sulke goed.”

Die water in die kastrol begin kook.

“Is L’Agulhas ver hiervandaan? Ek verstaan dat daar ’n baie besonderse vuurtoring is.”

“Ja, dis glo Egipties. Lord sal Mister kan sê. Dis nie ver hiervandaan nie, loopafstand.”

Die Macmillan-man het in die deur kom staan. Sy kaakbene onder sy wangvelle bly wikkel; iets is besig om aan hom te knaag.

“Wanneer gaan hierdie wind lê?” vra hy, half ongeduldig en ongeskik. Mens sou sweer dis sý skuld dat die wind so tekere gaan.

“Wind het sy tyd, Mister, wind het sy eie waai.” Hy verstaan die man se Engels swaar. “Die kos is gereed, ek sal dit op die tafel gaan sit.”

“Ek is nie honger nie,” sê die Macmillan-man. My Friend gooi vir hulle nog whiskey in.

Hy probeer om nie asem te haal nie, die blou bondels sigaarrook walm oral. Hy probeer deur die voorste vensters loer, maar die ruite is te vaal gewaai en dis besig om nag te word. Net die gebulder en gebreek van die branders is hoorbaar.

"How awesome," sê My Friend skielik agter hom. "Is jy seker hierdie huis se dak kan die aanslag deurstaan? Wat gebeur as die wind 'n venster uitruk?"

"Ons sal oorleef, Mister."

In sy binneste voeg hy by: immers sal die sigaarrook uitgewaai wees. Die huis sal staan; Lukas Weber het hom vir Lord gebou. Johanna van Sweetie se oorle' pa.

Uiteindelik kom vra My Friend of dit moontlik is dat die aandete bedien kan word. "Mister Macmillan het nog baie voorbereiding om te doen."

Hy het die kos op die tafel gesit en hulle het geëet. Gesê die vis is besonder lekker, die pampoen ook. Hy het hulle nie reggehelp nie, want hy kon nie vinnig genoeg onthou wat patat in Engels is nie.

Na die ete het hy die silwer klokkie in die tikmasjienkamer gaan sit sodat hulle hom kon ontbied as dit nodig was.

Vier of vyf keer moes hy opstaan om vir hulle te gaan tee maak.

My Friend het aangebied om self te gaan maak, as hy, Moses, hom net kon wys waar alles is. Hoe 'n mens die paraffienstofie opsteek …

"Nee, wat, Mister, dis nie moeite nie."

Iewers in die nag het hy die venster in die agterste kamer op 'n skrefie oopgemaak; binne 'n paar minute weer toegemaak omdat die Macmillan-man skielik begin kla het oor 'n trek wat hy voel.

Geslaap het hulle nie veel nie. Macmillan het heelnag in die gang ge-op en ge-af. My Friend het die tikmasjien bly slaan, stukke vir Macmillan voorgelees. Dan gaan loop Macmillan eers weer 'n rukkie. Praat hardop asof hy reeds die toespraak maak. Draai om, gaan stop My Friend met die tikkery. Tikmasjien girrts en girrts, tikmasjien begin weer tik. Macmillan terug gang toe om nog te loop.

Dit moet ’n belangrike toespraak wees.

Iewers in die nanag het die Macmillan-man se maag begin lol. Hy is ’n hele paar keer lewentrie toe. Lord het hom die woord belet, gesê dis ’n *toilet*, Moses! Macmillan is ’n hele paar keer toilet toe in die badkamer; die wind was te erg om buitentoe te gaan waar die lewentrie – die toilet – eintlik is. Slopemmer in die badkamer in geval van nood. Afvee-papier. Die huis ruik later na mensmis en sigaarrook deurmekaar. In sy hart vra hy: Here, laat die wind asseblief gaan lê.

Sy pa moes altyd sy pyp buite gaan rook het. Aan die kant waar die reën of die wind nie vasslaanplek gekry het nie. Dan sê hy vir sy ma: Arme Pa, Ma kan dit nie aan hom doen nie. Dan sê sy ma: Ek het nie sy pyp gestop nie.

Benoudstink is ’n nare stink.

En die wind waai, en die wind waai …

Toe hy die laaste tee van die nag na die tikmasjienkamer toe vat, sê Macmillan: “A storm, Mister Moses, demands courage of any man.”

“Yes, Mister.”

Toe die dag breek, maak hy vir homself koffie en eet van die beskuit. Die snorke uit die twee kamers getuig van moeë manne wat diep slaap. Hy maak die sitkamer aan die kant, trek die gordyne oop, maak die asbakke skoon, gaan gooi die slopemmer uit, maak die badkamer skoon.

Die Macmillan-man staan eerste op. Toegewoel in ’n dikke kamerjas en met lapslippers aan. Gekamde hare. ’n Mooie man.

Hy vra hoe lank hy, Moses, al vir Lord de Saumarez werk.

Amper vyf jaar, Mister.

Is jy van hierdie deel van die wêreld?

Ja, Mister. Eintlik weet ek nie waarvandaan ek kom nie, sê hy in sy hart. Kan ek Mister iets vra?

Seker.

Dans Mister?

Waarom so ’n vreemde vraag?

Mister is so goed van gestalte, lyk of Mister goed sal kan dans.

Jammer om jou teleur te stel. Ek hou niks van dans nie, nie eens van dansmusiek nie.

Ek het maar net gewonder.

Geen probleem nie. Terloops, Mister Moses, julle het ’n pragtige land.

Ek was nog nie eers in die Kaap nie, Mister. Ek ken maar net die Strandveld. Kan ek vir Mister ‘n bietjie koffie gaan maak?

Ek drink net tee.

Ek sal vir Mister gaan tee maak.

Dankie, maar smeer tog ’n bietjie botter op die beskuit, ek vind dit baie droog.

Ek sal so maak, Mister.

Hoe de duiwel smeer ’n mens botter op beskuit?

Hulle moet hard bly praat, die geraas van die wind en die see is yslik.

Hy smeer botter op twee stukkies van die beskuit en sit dit op ’n bordjie. Waarlik, Engelse is anderster mense. Veral regte Engelse.

Mister Macmillan staan deur die venster in die sitkamer en tuur. Nie dat hy iets sal kan sien nie, die vensters is te vaal gewaai van sand en seesog, maar die man staan nogtans soos ‘n blinde na buite en tuur. Diep ingedagte, sigaar in die hand.

“U tee, Mister.”

“Dankie.”

Hy wag totdat die man klaar suiker ingegooi en begin roer het voor hy vra: “Waar het Mister grootgeword?”

“In Engeland. Ons het elke somervakansie see toe gegaan – van Londen af. Nie ’n see soos hierdie nie, moet ek byvoeg, en erken dat een soos hierdie ons bang sou gemaak het.”

“Nie ver hiervandaan nie, op Ratelrivier – Lord se ander plaas – het jare gelede ook ’n Macmillan gewoon. ’n Gestrande skeepskaptein wie

se skip in hierdie einste see vergaan het."

"Ek betwyfel enige verbintenis."

"Hy was baie lief vir dans." Hele aand met Jacoba van Dirk Gysbert gedans, toe skiet Dirk Gysbert haar.

"My moeder het van Amerika af gekom, 'n land wat vandag vir ons – vir julle – 'n voorbeeld is van hoe 'n bevolking met groot verskille suksesvol kan saamleef."

"Dit wil gedoen wees, Mister."

"Hang baie van jou ingesteldheid af. Ek het grootgeword op eenvoudige leefwyse en hoë denke."

Mister lyk nie na 'n eenvoudige nie. "Nog tee, Mister?"

"Nee, dankie. My oupa, 'n besondere man, het altyd gesê enige mens moet die reg hê om homself op te hef. As al jou familie slawe was, is dit nie te sê jy moet ook 'n slaaf wees nie. Of gebonde voel om in uitgetrapte voetspore te wandel nie. Ten einde moet jy die geleentheid gegun word om jouself op te hef."

"Dis waar." Val of staan wag by dieselfde klip, maar hy het nie die regte Engelse woorde om dit mee te sê nie.

Daar is roering in die langsaanste kamer, My Friend is besig om op te staan. "Ek sal die ontbyt gaan gereed kry."

"Dankie. Daar lê baie werk vir ons voor. My reis deur sekere dele van Afrika – die eerste deur 'n Britse premier – is jammerlik amper ten einde. Ek wens ek kon langer gebly het, meer van julle pragtige land gesien het, meer van julle mense leer ken het."

"Hou Mister van jou eiers hard of sag?"

"Ek eet harde eiers."

U lyk na een wat lekker hardegat sal kan wees, ja. "Ek sal nou-nou die ontbyttafel kom dek."

"Ons Britte, Mister Moses, het 'n ingebore eerbaarheid, daarom skok enige vorm van wreedheid ons diep. Soos wat Hitler se wreedhede die hele Britse volk ontstel het."

Die man se kop is nie meer by Die Walle nie, hy is besig met die toespraak wat nog moet klaarkom. Buite waai die wind met nuwe

krag, die see woei hewiger. Here?

“Soos Mister sê.”

“Eintlik voel dit gepas om hier, waar twee magtige oseane ontmoet, gereed te maak om julle parlement toe te spreek. Die Kaap was vir soveel jare Europa se deurgang na die Indiese Oseaan en na die Ooste.”

“Soos Mister sê.”

Hulle eet, eiers en spek, brood en konfyt en tee.

Aan die einde staan My Friend self van die tafel af op om vir hom nog tee in die kombuis te gaan skink. Toe hy terugkom, is dit kompleet of hy in skok verkeer. “The strangest woman just knocked on the door,” sê hy met verbaasdheid.

Héigent, sê hy in sy hart, dit kan net Katoeka wees.

Dit is.

Katoeka, verwaai. In haar lang swart gewaad wat Bettie Swart die keer vir haar moes maak in ruil vir klippe aandra vir ’n paadjie om Renosterkop se huis.

Hy praat met haar oor die onderdeur, wegkant van die wind. “Wat soek jy hier? Hier’s baie hoë gaste van Lord, jy kan nie nou hier kom staan en foeter nie!”

“Jou gat.”

“Katoeka, luister vir my, dis geheimmense wat met groot sake besig is, dis die Eerste Minister van Engeland.”

“Ken hom nie. Ek het laas nag gevoel gekry hier’s mense, gesien daar’s lig toe ek kom kyk. Was amper van my voete af gewaai. Major Lee kry nie ’n moer die hand doodgeverf nie.”

“Katoeka, gaan huis toe.”

“Jaag jy my?”

“Ja.”

Toe vra die stem agter hom: “Problems?”

Dis grootman Macmillan. Sy hele gelaat besorg en in verwondering, sy oë vasgenael op Katoeka.

“Wat kyk jy my so?” vra Katoeka hom reguit in die gesig. “Het jy nog nooit ’n mens gesien nie?”

Hy, Moses, maak die onderdeur se grendel los en tree uit buitentoe. “Kry jou loop, Katoeka, en bly loop, ek wil nie moeilikheid hê nie.”

“Wie rook sterk twak? Ek ruik dit.”

“Asseblief. Loop.”

“Hou vir my die toppies.”

“Ja. Kry net asseblief jou loop!”

“Problems?”

“Nee, Mister.”

My Friend het ook weer kom loer, staar die meid aan of sy iets is wat uit die lug geval het. Die wind waai vlae om die hoeke van die huis.

“Wat bestaar hulle my so?” erg Katoeka haar opnuut. Ruk haarself om en begin wegloop.

Vaderdank.

Mister Macmillan wil weet wie die strange creature is. My Friend vra of hy, Moses, haar ken. Waar woon sy? Waar werk sy? Is sy nie bang om in hierdie stormweer te loop nie?

“Let’s get back to the office,” sê Macmillan kortaf.

Vaderdank.

Dit word ‘n lang dag.

Tee. Toilet. Op en af in die gang. Tik-tik-tik. Tee. Toilet. Praat in hoë woorde, klink partykeer amper soos stry. Dan’s dit weer tik-tik-tik. Toilet toe. Tee. Blou rookwolke bolling in die gang af agter die grootman aan wat loop-loop lang stukke opsê asof hy oefen.

Vaderdank vir die kere wat hy, Moses, kan uitkom vars lug toe om die slopemmer te gaan skoonmaak. Dit storm. Dit waai. Hy waag dit om om ’n hoek van die huis te gaan loer, maar dit voel of die wind sy asem uit sy neus waai. Die see breek ver agter op die rotsriwwe, jaag skuimende branders uit oor die sandstrand, die klipstrand – meeste tot oor die wal brakslaai en wildegras voor die huis. Net so goed die

vensters is toegewasem, My Friend sal bang word as hy dit moet sien.

Hy maak die beddens op, was die skottelgoed, was asbakke, vat die besem om ’n bietjie te vee …

Die volgende oomblik bulder die Macmillan-man: “Stop your pottering!”

Terug kombuis toe. Bly in die kombuis, steek solank die stoof op en sit die water op vir die kos wat moet warm word. Sit regop, moenie aan die slaap raak nie.

Tik-tik-tik.

Op en af in die gang. Woorde oor en oor. Omdraai. Die woorde anders inspan en weer begin opsê tot dit na sy sin is.

Totdat selfs hy, Moses, van die woorde kan begin opsê. *No one could fail to be impressed by the immense material progress which has been achieved. That all this has been achieved in so short a time is a striking testimony to the initiative, energy and skill of your people.*

Toilet. Tee. Toilet. Die grootman se blaas is aan’t ingee. My Friend staan min op van die tikkery af. Geduldige man, wat soms lang stukke moet oortik.

*Nearly two-thirds of the overseas investment outstanding in the Union at the end of 1959 was British. That is after two staggering wars which bled our economy white.*

En die arme Lord stukkend geskiet is. Dalk weet dié Macmillan hoe dit gebeur het …

*If you travel round this country by train, you will travel on South African rails made by ISCOR; but if you prefer to fly, you can do so in a British Viscount. Here is true partnership: living proof of the interdependence between nations.*

Op en af in die gang.

Lady ry met die skip na haar mense toe in Swede. Skip wat vrag vervoer en plek het vir iets soos twaalf passasiers ook. Koos Kok sê sy loop altyd weg in April of Mei as die Kaapse winter sy vat begin kry, na ’n plek met die naam Stockholm waar dit die ene sneeu is. Dit maak nie lekker sin nie. Dis soos koes vir ’n pofadder en oor ’n

geelslang struikel.

Uitgespoeldes is anderster mense as gewone mense. Soms twyfel hy of daar iets soos ’n gewone mens is …

Dankvader Katoeka is weg.

Op en af in die gang. *It is a special privilege for me to be here in 1960, when you are celebrating, what I might call, the golden wedding of the Union. At such a time it is natural and right that you should pause to take stock of your position – to look back at what you have achieved, and to look forward to what lies ahead.*

My Friend lui die klokkie. Hy wil nog tee hê; Macmillan sal ook nog ’n koppie drink. Hy is nog steeds in sy kamerjas en pantoffels, daar’s nie twyfel dat hy besig is om al meer gespanne te raak nie. Hap na My Friend as hy nie vinnig genoeg die veranderings tik nie; hap na hom, Moses, as hy nie vinnig genoeg met die tee maak nie. Kla oor die wasbak in sy kamer wat vuil is.

Vervloekste bosduiwe het inkomplek in die voorkamer gekry …

Hoe lank is ‘n goue bruilof?

Seker vyftig jaar.

Bettie Swart vertel tog te graag van Lady en Lord se Silwer Wedding, sy het die storie seker al honderd keer by Lady uitgevra.

*Look back at what you have achieved, look forward to what lies ahead.*

“Dis koningsmense, Moses. Hoor bietjie die rokke wat hulle twee dogters, Vicky en Teeny, vir die swiergeleentheid aanhad. Vicky had Lady se trourok aan, silwer brokaat, geborduurde sleep; Teeny had haar ouma Janey – Lord se moeder – se nog deftiger trourok aan: goudbrokaat, sluier geborduur met pêrels, sleep gemaak van myle Brusselse kant. Dan praat ek nie eens van die diamantborsspeld wat Lord vir Lady as ’n geskenk gegee het nie. Duisende ponde. Dis mense met groot geld, Moses.”

*Look back at what you have achieved, look forward to what lies ahead.*

*The most striking of all impressions I have formed since I left London a month ago is of the strength of the African national consciousness.*

*Different forms in different places. But it is happening everywhere. The wind of change is blowing through Africa.*

Nee. Tik oor. *Wind of change is blowing through the African Continent.*

Nee. Tik oor. *Wind of change is blowing through the Continent. Growth of national consciousness is a political fact. We must all accept it as a fact. Our national policies must take account of it.*

Die wind wil nie *change* nie, dit bly kom uit die suide asof daar iewers agter op die see 'n gat is waaruit dit ontsnap.

Hy begin die tafel dek; die middagkos is klaar op die kastrol met die kookwater. Viskoekies, soetwortels en gekookte groenbone in 'n suursous. Plat silwer bord met koeksisters al in die rondte gepak.

My Friend sien die kos, die man is honger en gedaan. Die Macmillan-man sien die kos, hy vererg hom en sê daar's nie tyd vir eet nie. Terug gang toe om te loop en te loop en oor en oor die woorde te oefen totdat hy tevrede is.

*This tide of national consciousness which is now rising in Africa is a fact for which you and we and other nations of the Western world are ultimately responsible. Western civilisations have pushed forward expanding food production, the means of communication and above all the spread of education.*

Mens ruik nie meer die sigaarrook nie; die huis is ingetrek daarvan.

Hy weet nie hoe laat dit is nie, die middag is al aan't oud word, toe My Friend kom sê hulle gaan eers iets eet en rus. Macmillan wil gaan bad en skeer; hy, Moses, moet gaan vuur maak in die kopergeyser.

"Thank God," sê die Macmillan-man toe hy terugkom, "we will have the comfort of a decent hotel again tomorrow."

Buite waai en waai die wind.

Die kos lyk nie meer lekker nie. Pap.

Toe hulle aan tafel sit, roep Macmillan hom en vra na die vrou wat die oggend voor die agterdeur was.

Haar naam is Katoeka, Mister.

Waar woon sy?

Op Ratelrivier, Lord se ander plaas.

Waarvan leef sy?

Kos uit die see, Mister.

Kan sy lees en skryf?

Nee, Mister, maar sy kan goed dink.

Was sy ooit die kans *gegee* om te leer lees en skryf?

Ek weet nie, Mister.

Dan is dit tyd dat jy, Mister Moses, ook die kans gegee word om ingelig te word. Die wêreld van vandag bestaan uit drie groepe mense: die mense van die Weste en die mense van die Ooste. Suid-Afrika en Brittanje is mense van die Weste – die vrye wêreld. Dan is daar die mense van die Ooste, die Kommuniste. Die derde groep is die mense wat nie kan besluit of hulle Wes of Oos is nie. Soos veral die mense van Afrika en Asië.

Ek hoor wat Mister sê.

Die stryd wat vir ons voorlê, is om te keer dat hierdie besluitloses na die Ooste toe swaai. Dat *Afrika* na die Ooste toe swaai. Die gety van liefde vir jou eie mense, jou eie volk, is die groot wapen waarmee ons Kommunisme kan stuit. Julle, die Afrikaner, is die eerste suksesvolle nuwe volk in Afrika, julle behoort beter as ander te verstaan wat nasionalisme beteken.

Nog ‘n bietjie tee, Mister?

Die man hoor nie. Sy oë is soos blinde oë wat voor hom uitstaar.

Die *pathetic creature* wat vanoggend voor die agterdeur gestaan het, moet ge-educate word, dan sal sy sien dat die beginsel van ’n vrye gemeenskap in gebiede waar verskillende rasse langs mekaar leef, veilig en vry is. Dat elke individu die kans kry om vooruit te gaan.

Katoeka is vry, Mister, sê hy in sy hart. Sy laat haar van niks stuit nie. Nie eers van Major Lee nie.

Het sy ’n huis wat bestand is teen hierdie storm?

Haar soort huis is anders as ander huise, Mister.

Besef jy hoeveel julle het om te leer, Mister Moses?

Ja, Mister.

Geen ras is bo ’n ander nie, geen mens is bo ’n ander nie.

Ja, Mister.

In sy hart sê hy: In die Strandveld werk dit ’n bietjie anders.

Die volgende oomblik kom My Friend van die kombuis se kant af ingestorm. Hy skree: “We’re in peril! We’re in peril! The sea is going to wash this house away!”

Die stomme man was buitentoe gewees en het ook om die hoek gaan loer. Gesien hoe hoog die see bo die hoogwatermerk stoot. Sy hare is verwaai, sy bril is bewaas, hy is sonder skaamte bevrees.

Macmillan maan hom tot kalmte, sê daar’s nog baie wat getik moet word, gelukkig is hierdie ordeal amper verby.

“Wanneer beplan Mister-hulle om te vertrek?”

“Môre.” Kortaf.

Dit was die langste dag van al die dae.

Met tye het daar harde woorde uit die tikmasjienkamer gekom.

Dan maak hy maar weer tee. My Friend wil weet of hy nie net ’n kolletjie kan gaan skoonvee op ’n ruit nie, dis terrible om so sonder enige sig na buite te funksioneer. Dan gaan gooi hy ’n slag weer die slopemmer uit, die Macmillan-man se senuwees is op.

Die hele dag.

’n Oomblik se genade hou laatmiddag langs die huis stil. Cornelius met die Jeep en ’n stew in ’n bak wat oor kookwater warm gestoom moet kom vir die aandkos. Lord wil weet hoe hulle die storm deurstaan? Gravin Blücher wil weet of daar skade is? Of die walvisse gevlug het? Ja. Hulle skuil iewers agter in die diepwater.

Hoe laat kom jy hulle môre haal, Cornelius?

Tienuur.

Gaan hulle Springfield langs?

Nee. Hulle moet Kaap toe.

‘n Lang dag wat uiteindelik nag geword het.

Wanneer die wind gaan lê het, weet hy nie. Dit moet iewers in die

voordag gewees het, want toe hy sy oë oopmaak, is dit lig. En stil. ’n Stilte wat jou laat skrik en vinnig uit die bed laat spring.

Toe hy in die gang kom, is die twee manne nog hewig aan’t snork.

Toe hy in die tikmasjienkamer kom, is die wêreld oop. Oop en helder. Dis tog onmoontlik …

Toe sien hy dit: Katoeka wat buite die ruite was met ’n besem wat in ’n lap gewikkel is, ’n blik met water langs haar.

Onderkant die huis, langs die waterkant, is Boet en Dick besig om ’n hardernet in die water te kry. Twee donkies staan voor die donkiekar bokant die hoogwatermerk. Boet en Dick kaalgat uitgetrek soos ’n hardertrekker se gewoonte is, behalwe vir die paphoed wat elkeen se hoof bedek. Man kan sonder ’n broek die water in, maar nooit sonder ’n hoed nie.

Boet is die een wat vooruit die sloep ingeloop het om die net in ’n sirkel om die skadukol te kry – skadukol wat ’n skool harders verklap. Dick hou die agterpunt van die net vas, vir ekstra sekerheid aan ’n sware seeklip vasgemaak.

Harders trek het sy eie manier. Macmillan en My Friend sal nie verstaan nie.

Maar eers moet hy buitentoe om van Katoeka ontslae te gaan raak.

Sy is agter die huis.

“Katoeka!”

“Môre, Moses. Toe die wind gaan lê, sê ek vir myself: kyk dat jy by Die Walle kom, die vensters sal vaal gewaai wees, die geheimmense sal nie ’n kriesel buite kan sien nie. Ek kom, ek sien almal slaap nog, ek begin van ’n kant af. Ek sê vir myself: vanaand rook jy sterk twak, Moses sal vir jou die toppies gehou het.”

“Moenie dat hulle jou hier kry as hulle opstaan nie, jy laat hulle skrik, hulle sê jy’s ’n pathetic creature.”

“Wat’s dit?”

“’n Heks.”

“Hulle gatte.”

“Ek gaan haal vir jou die toppies.”

Hy haal die blikkie waarin hy die toppies gebêre het uit die kombuiskas en gaan gee dit vir haar. Sien haar daaraan ruik en bly word.



"Wragtig! Laas van hierdie geruik toe Ratelrivier nog Fletcher s'n was. Dis rykes se rookgoed. Dankie."

"Dankie dat jy die vensters kom was het."

"Is goed so."

Hy maak die agterdeur suutjies agter hom toe en loop om die huis. Boet is tot onder sy ken die water in om die net om die skool vis te kry. Dick gooi klippe agter hom in die water om die vis te laat mas – op 'n hoop te laat swem sodat genoeg uiteindelik in die net kan beland. Dan begin hy voetjie vir voetjie terug kant toe werk sodat die punt aan sy kant by Boet se punt kan aansluit. Water word vlakker en vlakker.

Dick sien hom nader kom en wuif.

Regs van hom, na die sandplaat se kant toe, amper waar die vars water onder die duin uitkom, drafstap Katoeka weswaarts met haar besem en die blikkie toppies. Links van hom is drie tobies besig om rooibek tussen die opdrifsels te pik-pik.

Seebamboes lê in hope uitgespoel, skuim tot hoog teen die duine, planke, rooiaaskoppe, 'n dooie voël, visnette, selfs 'n dooi rob.

Goddank sal die vreemdes nie langs die see kan gaan loop en sien hoe die wêreld na so 'n windstorm lyk nie. Bokant hom laag swewende meeue, soekend na iets om te aas. Voorwaar 'n deurmekaargewaaide wêreld.

Ver agter die tweede sloep duik 'n walvis stert in die lug.

‘n Nuwe wêreld waaroor ’n nuwe vredigheid kom lê het.

Net die twee slapende vreemdes agter hom in die huis pas nêrens nie. Cornelius het gesê hy kom hulle tienuur haal. Beste sal wees om solank die ontbyttafel te gaan dek …

Toe hy omdraai, kom hulle net mooi teen die brakslaaiwal voor die huis af: Macmillan en My Friend. In die sloep voor hom is Dick en Boet besig om die net se punte bymekaar te bring …

Jissis.

Macmillan se mond hang oop.

My Friend se mond hang oop.

Vier oë is vasgenael op die krioelende harders in die net wat Boet en Dick besig is om uit te sleep.

“My God,” sê Macmillan.

“My God,” sê My Friend.

Staar en staar die twee kaalgatte aan.

Vissermanne? vra Macmillan.

Ja.

Van die omgewing?

Ja.

Hulle het geen klere aan nie.

Hulle het hoede op.

Verkoop hulle die vis?

Nee. Hulle sout dit en hang dit op om te droog.

Watse vis is dit?

Ek dink mens noem dit herring in Engels.

My Friend begin nader loop na die net vol krioelende harders. Macmillan roep agterna: Koop ’n paar van die visse by hulle!

Boet kyk om, Dick kyk om – sien die twee vreemdes en skrik. Die oomblik toe My Friend by hulle kom en begin praat, los hulle die net se punte net so en vlug die see in.

Hy wil van julle vis koop! roep hy, Moses, agterna.

Verkoop nie vis nie! roep hulle terug. Wie's die vreemde mense?

Lord se gaste! roep hy terug.

Vat hulle weg, ons soek hulle nie! roep Boet oor sy skouer.

My Friend kom terug, sê hy vermoed die vissermanne het opsetlik weggehardloop.

Macmillan sê hy dink dis omdat hulle nakend is. Let us not embarrass them further.

Hy begin die tafel dek en brekfiskos maak: eiers en wors. Hulle woel in die kamers, pak seker die kyste in. Die tikmasjien staan toegemaak onder die swart kleed in die tikmasjienkamer.

Deur die venster sien hy Boet en Dick loer-loer uit die water kom en van die visse met hulle hande in blikke begin gooi.

Macmillan kom vars gekam en deftig getooi uit die kamer. 'n Ware heer van hoë fatsoenlikheid. Swart strepiesbroek, swart baadjie, wit hemp en 'n donker das, wit uitsteeksakdoek in die bosak van die baadjie. Sigaar tussen die vingers.

Hy talm 'n oomblik by die venster om Boet en Dick 'n laaste keer gade te slaan.

"Jy sê hulle is van hierdie gebied?"

"Ja."

"Jy sê hulle droog die visse?"

"Ja."

"Eet hulle dit net so gedroog – en rou?"

"Gedroog en rou, ja. Trek die velletjies met hulle vingers af."

"Hulle is duidelik nog onbeskaafdes."

"Seker."

"Mens sal nooit sê dit het gister so hewig gestorm nie."

"Soos Mister sê."

My Friend kom ewe deftig uit die ander kamer, behalwe dat hy nie 'n strepiesbroek aanhet nie, net 'n gewone pak klere.

"Hoe wonderlik dat 'n mens weer met gemak deur die vensters kan

sien," sê hy.

"Ja."

"Ek sien die twee vissermanne het darem weer hulle broeke aan." Met 'n laggie.

"Ja."

Skielik vra Macmillan: "Ken jy doktor Verwoerd, Moses?"

"Nee, Mister. Maar ek weet hy's die Eerste Minister van Suid-Afrika. Lord sal u meer van hom kan sê."

"Ek hoop hy's 'n brawe man."

"Lord is baie braaf."

"Ek bedoel doktor Verwoerd."

"O." In sy hart wens hy hulle is al weg. Ver weg. Mens hou en jy hou, en skielik is jy op van uithou.

My Friend staar nog steeds deur die venster. "Ek neem aan hulle is van die Mission Station hier naby iewers?"

"Nie eintlik nie, Mister. Kan ek maar die kos op die tafel sit?"

"Ja. Daar lê vir ons 'n lang en belangrike dag voor."

Toe Cornelius uiteindelik langs die huis stilhou, is Loulou ook in die Jeep. Maar sy kom nie in die huis in nie, klim net uit en loop reguit na die waterkant toe.

"Ek neem aan sy's een van Springfield se personeellede wat jou 'n bietjie kom help opruim," sê My Friend.

"Ja."

Cornelius laai die kyste en die tikmasjien in die Jeep. Hou die deur oop vir Macmillan, spring om en maak 'n agterdeur vir My Friend oop.

Dis verby. Die toespraak is klaar en iewers in die Jeep. Hy kan nie verstaan hoekom hy so bly is dat hulle vertrek nie. Waarom hy so totaal gedaan is nie.

Hulle wuif nie, ry net.

Onder langs die waterkant is Loulou stadig op pad in die rigting

van die varswaterduin. Boet en Dick en die donkiekar is beurend op pad Renosterkop toe.

Hy wil net sit. Teen die brakslaaiwal voor die huis. Sit en sit.

Na 'n ruk kom Loulou terug en kom sit ook teen die wal.

"Hoe het dit gegaan?" vra sy.

"Hulle is nie gewone mense nie."

"Macmillan is 'n slim man."

"En ek is 'n dom man."

"Waarom sê jy so?"

"Macmillan sê daar's drie soorte mense op die aarde. Oos, Wes en Onseker. Ek sê daar's twee: slimmes en dommes."

"Kom, ek gaan maak vir jou 'n bietjie koffie. Nellie het gekookte eiers en toebroodjies ingepak, Cornelius sou dit in die kombuis gesit het."

"Ek wil nie eet nie. Ek wil net sit, ek wil net dink."

Hy is bly Loulou is hier, hy is bly hy is nie skielik alleen nie. Iewers in hom is 'n vreemde bang wat hy nie probeer verstaan nie. 'n Bang wat hom wil laat weghardloop, al weet hy nie waarom en waarheen nie …

Loulou kom aan met twee emaljebekers, een met tee, een met koffie. Gaan terug huis toe, gaan haal Nellie se mandjie en kom sit weer teen die wal.

"Eet iets, Moses, jy's bleek."

"Dankie. Ek is nie honger nie, ek wil net omkantel en slaap."

"Wat het jou so ontstel?"

"Die Macmillan-man. Hy's 'n ratel wat loop en grom, hy soek iets om te bespring – ek dink dis ons. Of liewer, die witmense wat in hierdie land bly."

"Macmillan is 'n slim man, Moses. Hy sal presies weet wat hy moet doen."

"'n Ratel is slim én slu."

“Die lewe, liewe Moses, het soms ratels nodig om die aftakeling te begin wat die nuwe groei moet laat gebeur. Glo my. Die grootste van my besittings is oor jare heen deur slim ratels opgeslurp. In Pole, in Egipte … ratels is oral dieselfde. Beste is om suutjies te bly leef en die pyn van die geboorte te deurstaan. Ten einde sal jy ’n sterk baba in jou arms hê.”

“Ek verstaan niks. Ek dink ek is dieper dom as wat ek vermoed.”

“Jy’s nie dom nie, Moses. En onthou, niks gebeur per ongeluk nie. Nooit. Die lewe het ’n patroon, dis net ons wat gewoonlik te toe-oog is om die patroon te sien of te verstaan. Ek sê weer: niks gebeur per ongeluk nie. Macmillan was ook nie per ongeluk nie. Gelukkig is die storm verby – ’n storm waai gewoonlik krag in jou in, vat niks uit jou uit nie. Dat die wind gewoel het, is seker; die see het baie goed uitgespoel.”

“Ja. Die see spoel alles uit wat hy nie wil hê nie. Hy’t my ook uitgespoel.”

“Waarom sê jy so ’n vreemde ding?”

“Omdat dit waar is. Alhoewel almal van ons eintlik maar uitgespoeldes is. Lord, Lady, jy en Alec.”

“Die see spoel soms die vreemdste goed uit. Soos Gunhild se ring. Het jy al die ring gesien?”

“Watse ring?”

Toe vertel sy van die ring. Wat immers die vreemde bang in hom flouer laat word het.

Soos jy weet, kom Gunhild uit Swede.

Ja.

Sy was die pragtige dogter van Sir Viktor Balck, ’n edelman, leëroffisier, ’n man met groot trots vir sy land se dapper verlede, ’n man wat geglo het dat niks onmoontlik is nie. Ek dink Gunhild vind iets van hom hier by Die Walle. Sy liefde vir die see sou hier groot genoeë gevind het. Die kranse bo by Aasfontein sou sy klouterplek gewees het, want bo alles was hy ’n gekende gimnas …

Hoekom bly jy skielik stil, Loulou?

Nie ’n gewone stilbly nie. ’n Skrik-stilbly, ’n hartseer-stilbly.

Miskien is jy reg, Moses, miskien is ons dom dieper as wat ons vermoed. Want oral in ons lê sade wat op ontkieming wag, sade wat ons nie altyd verstaan nie. Goeie sade, slegte sade – hang af watter een ons die meeste water gee.

Vertel nou verder.

Viktor Balck se aanleg vir gimnastiek was in Gunhild se oudste seun, Phillip, geplant en was die saad wat van Phillip ook ’n briljante atleet en gimnas gemaak het. Haar en Vincent se trots. Hul mooie seun wat sy nek in 1935 gebreek het toe hy tydens ’n oefening geval het – ’n dood waaroor Gunhild nooit gekom het nie.

Snaaks, hy’t altyd vermoed dat daar iewers in Lady de Saumarez iets diep weggesteek lê. Iets wat sy nie kan uithaal en wys nie. Iets wat te seer is.

Vertel van die ring.

Alles wat so uitgespoel lê op die strand het my daaraan laat dink, sê Loulou. ’n Ring wat in die Balck-familie was en tydens ’n veldslag op see saam met een van haar voorgeslagte verdwyn het. Jare daarna vang iemand ’n vis met ’n ring daarin. Verkoop die ring aan ’n pandjieswinkel en eendag sien een van die nuwe geslag Balcks dit in die winkel, herken die gravering daarop en koop dit. So het die ring teruggekom na sy mense.

Die vreemdeling het gesê daar kan dalk ’n ring of ’n hangertjie in die graf wees om te bewys wie daar begraaf is …

Nee, hy wil nie weet nie. Hy is Moses Swart.

Agter op die see vaar ’n skip verby.

“My pa het eendag ’n spookskip gesien,” sê hy. “My pa sou nie so iets opgemaak het nie.”

“As dit die Vlieënde Hollander was, het hy nie nodig gehad om dit op te maak nie.”

“Hoe weet jy van die skip?”

“Koning George V het die skip gesien en dit in sy dagboek beskryf.”

“Regtig? Waar het hy die skip gesien?”

“Ek dink dit was naby Danger Point. Hy was ’n jong kadet in die vloot en iewers in Julie, as ek reg onthou, het die spookskip by hulle verbygevaar. Hy skryf in sy dagboek dat die see spieëlglad was, toe was daar skielik ’n vreemde rooi gloed oor alles. Almal skrik, die skepe sein vir mekaar. Een van die wagoffisiere beveel die jong koninklike om sy oog op die skip te hou, iets is onheilspellend. Hy hou die skip dop … die volgende oomblik raak die skip net weg. Weg. Die rooi gloed verdwyn. Gedurende die Groot Oorlog het baie mense die skip gesien. Ek dink die aarde, die see en alles was kwaad oor die oorlog. Mens moet maar versigtig wees met wat jy glo en nie glo nie, Moses. Nie ver van Swede af nie woed vir eeue die ergste stormwinde en tussen die riwwe word die Vlieënde Hollander gereeld gesien.”

“Ek verstaan dit nie.”

“Stories loop met baie paaie langs, Moses.”

# SEWE

LOULOU EN GRAAF Alec vertrek die volgende Woensdag. Groot swart motor, ‘n silwer beeldjie op die enjinkap van ’n meisie wat lyk of sy regstaan om weg te vlieg; Cornelius poets haar sorgvuldig met ‘n saglap blink.

Graaf Alec grom kromnek en dikbek, hy wil hê hulle moet eers Caledon toe en daarvandaan met ’n kortpad oor die berg Hermanus toe. Loulou bly sy buierigheid met waardige ergernis verby loop en hou oog oor die personeel wat die koffers en goed in die motor laai.

Hanna Hans sê sylangs dis oor ’n meisiemens wat graaf Alec wou Hermanus toe. Geskeide vrou. Een wat gravin Blücher nie goedkeur nie omdat hulle Katoliek is en Katolieke nie met geskeides trou nie. Hoe meer opgeblaas graaf Alec raak, hoe meer hou die gravin vol dat die kortpad oor die berg te sleg en te gevaarlik is.

Hý sal bestuur, sê graaf Alec.

Ons gaan reguit huis toe, sê Loulou.

Die graaf is vies omdat daar nie vir hom ’n dop is nie, sê Koos Kok. Alles is weggesteek om hom nugter te hou, die gravin dryf nie meer self nie, sy’s al afgetree.

Hy en Koos Kok is besig by die derde pond. Lord wil die pond dieper en groter hê, sodat die visse wat hy daar wil insit, gelukkiger kan wees.

Toe Loulou en die graaf wegry, voel dit vir hom asof hy ’n tweede keer in sy lewe uitgespoel bly lê. Behalwe dat hy hierdie keer by sy volle verstand is en weet dat hy op droë grond agterbly, dat die hand waaraan hy wou klou om iewers veiligheid te bereik, sy hand gelos het.

Die vorige aand het Loulou aan sy deur kom klop. Om te groet.

Met ’n stille hartseer in haar op sy bed kom sit. “Dis tyd dat ons vertrek, Moses.”

“Ek gaan jou mis.”

“Ek weet. Maar dis soos dit moet wees. Ek is bly jy is hier vir Gunhild en Vincent.”

“Ek wens ek kon meer vir hulle doen.”

“Jy besef nie hoe baie jy reeds vir hulle doen deur bloot hier te wees nie. Op ’n manier is jy die seun wat hulle verloor het, die krag wat kan raakvat as een val en daar ’n paar sterk arms moet wees wat kan optel. Ek vermoed dat Gunhild weer gereed maak om Swede toe te gaan. Bly by Vincent, wees vir hom die stut wat hy nodig het.”



“Ek het nêrens anders om heen te gaan nie.”

“Onthou, niks is per ongeluk nie, Moses. Daar’s dinge wat ons te dom is om te verstaan. Ek weet net jy is anders, dis asof jy hier pas.”

“Ek is ’n uitgespoelde.”

“Dis die tweede keer dat jy dit sê.”

“Katoeka sou jou die waarheid kon gesê het – as jy haar taal kon verstaan.”

“Katoeka is ook ’n vreemde een. Sy kan die taal van klippe praat.”

Dieselfde aand kom sê Hanna Lord wil met hom praat.

“Moenie te lank bly nie, Lord het ’n bedruktheid oor hom wat selfs vir Lady bekommer.”

“Bedruktheid waaroor?”

“Wee’tie. Lyk my Lady is weer op pad Swede toe. Daar’s mos nog een oom in haar familie oor, Uncle Carl, hy’s blykbaar siek. Woon in Stockholm, was al negentig. As hy emmerskop, erf sy weer.”

“Het sy broers en susters?”

“Had ’n mooie suster, Sigrid, maar sy’s ’n klompie jare gelede in ’n plane crash dood. Trek aan jou skoene, Lord wag!”

Daar brand twee olielampe in die sitkamer wat ’n vreemde geheimgloed oor alles gooi en Bowler se seilskip staatlik oor ’n skemer see laat gly. Lord staan soos ’n ou man uit die hoekstoel op.

“Naand, Moses.”

“Naand, Lord.”

“Sit.”

“Dankie.”

“Ek wil graag by jou hoor hoe dit by Die Walle gegaan het. Toe Mister Macmillan daar was.”

“Daar was darem nie moeilikheid nie. Het Lord weer iets gehoor, hoe dit toe in die Kaap met die toespraak gegaan het?”

“Die toespraak is besig om baie kommentaar uit te lok. Volgens ’n mens aflei uit die koerante, is Mister Verwoerd ’n bietjie hard geraak

daardeur. Politiek is nooit maklik of eenvoudig nie, Moses. Persoonlik wens ek hierdie land met sy ingewikkelde samestelling van mense een ding bo alles toe, en dit is vrede. Oorlog is te wreed en bring nie oplossings nie."

"Was Lord in die Groot Oorlog?" Lord kyk hom met venyn aan; miskien het hy nie die vraag verwag nie.

"Ja."

"Gelukkig het hulle Lord darem nie doodgeskiet nie."

"Daar is meer as een soort dood, Moses." Met stywe, dun lippe. "Maar ek wil nie daaroor praat nie; ek wil weet hoe dit op Ratelrivier gaan. Major Lee sê die vrou veroorsaak steeds baie moeilikheid."

"Het hulle al die kol wat soos 'n hand lyk doodgeverf gekry?"

"Nee. Dit bly deurslaan."

"Dan sal Katoeka bly oorlog maak, Lord."

Daar is niks meer om te sê nie. Lord se hele houding is skielik stram.

Die week daarna kry hy onverwags 'n kyk in die onderste laai van Lady se gemoed.

Sy kom sê die oggend in die tuin dat sy na Die Walle wil gaan. Alleen. Net hy, Moses, moet saamgaan. Cornelius sal hulle met die Jeep daarheen neem. Padlangs, sy wil op Renosterkop by Bettie Swart ook aangaan.

Ja, Lady was op pad – mens kon dit sien aan die manier waarop die twee vroue mekaar vlugtig omhels en gegroet het.

Cornelius het hulle by die seehuis gaan aflaai en amper onmiddellik weer teruggedraai Springfield toe.

Die Walle was herstel. Nie 'n sweempie van sigaarwalms nie. Nie 'n asbak in sig nie. Selfs die see is in volle herstelling. Plat en rustig. Die witskuimklotsings lyk asof hulle stadiger as gewoonlik opspat.

"Bring vir my 'n stoel, Moses, ek wil buite sit."

Daar sit sy tydsaam van die ooste na die weste oor die water en uitkyk soos een in 'n diepe stilte. Iets maan hom om nie te praat nie.

Sy wil alleen wees.

"Is dit weer Sint Jansdag?" vra hy later.

"Nee."

Tussen die gewone dae is daar soms die vreemdste dae wat jou van die vreemdste dinge laat leer, soos leer uit ou boeke sonder gewone woorde. Ander versies se woorde.

Van die vreemdstes het hy by Lady geleer: Sint Jansdag en Die Dag van die Drie Vere, toe hy toegelaat is om in die vreemde wêreld van konings in te kyk – of liewer, koninginne. Hoë mense leef anders as gewone mense, hulle weet nie regtig hoe hoog hulle bo gewone mense leef nie, want dis nie vir hulle nodig om te weet nie.

Hy en Lady loop die dag langs die see onderkant Die Walle, sy tel 'n veer op. Paar treë verder, nog een. Toe 'n derde een. Kry 'n laggie om die mond. "Verbeel jou dis drie spierwit volstruispluime, Moses."

"Dis bietjie moeilik, Lady. Dis plain seemeeu se vlerkvere."

"Moenie my pret bederf nie! Dis drie volstruisvere."

"As Lady dit so wil hê."

"Ek wil." Sy gaan sit op 'n klip. Hy gaan sit oorkant haar op 'n ander klip. Dis laagwater. Toe vertel sy.

Die Dag van die Drie Vere was toe haar skoonma, Janey, mooi gereël had dat sy, Lady, aan die koningin van Engeland voorgestel moes word. Net die hoogste hoës se dogters, of seuns se vroue, was daartoe bevoorreg en is ewig agterna gemerk as hoog-hoës.

"Elke mens kry deur die loop van sy lewe 'n paar spesiale dae, Moses. Moenie sulke dae ligtelik leef nie, want elkeen gebeur net een keer."

Toe haal sy haar sonhoed af, haal 'n paar haarknippies uit haar hare, woel haar hare deurmekaar met haar vingers. Sagte, gelerige pophare. Mens het Lady selde sonder 'n hoed gesien – die mooiste hoede. Toe bondel sy die pophare op haar kop en steek die drie vere regop in haar hare vas met die knippies. "Onthou, dis drie volstruisvere."

"Ek probeer hard om van seemeeu 'n volstruis te maak, Lady."

“Goed.” Sy staan op. “Nou trek ek my trourok aan en sit my nuwe juwele aan.” Sy maak al die gebare, stadig en statig.

“Pragtig,” speel hy saam.

“Laaste sit ek ’n kort sluier in my hare, en die drie volstruisvere.”

“Wat sê die vere?”

“Die vere word deur ’n kroontjie gesteek waarop die woorde ICH DIEN staan. Vir koningin Victoria was dit ’n teken van jou lojaliteit aan die Kroon. Die drie silwer volstruisvere het deur die jare die kenteken van die Prins van Wallis geword.”

Hy knik, wil-wil glimlag vir dié ernstige spelery.

“Janey leer my hoe om ’n knieknik voor die koningin te maak.” Sy aap dit na op die sand. “Die paleis, Buckingham Palace, is pragtig – maar ek sê jou, Moses, nie so mooi soos die paleis in Stockholm nie. Die koningin kom binne. Waardig en swierig, die mooiste diamante in haar kroon.”

“’n Regte koningin?”

“’n Regte een. Queen Mary.”

“Lyk sy soos ’n koningin?”

“Ja. Beslis.”

“Lady sien haar duidelik?”

“Duidelik.”

“Lady sou aan haar kon raak?”

“Ja.”

Vir ’n oomblik staan sy met die ongelooflikste swierigheid aan haar daar op die sand en word sy voor sy oë ’n vrou uit ’n ander wêreld. Toe haal sy die vere uit haar hare en kry ’n snaakse stilheid oor haar.

“En nou, Lady?”

“Ek herleef maar net een van die dae wat ek nooit sal vergeet nie, Moses. Soos ek ook nooit ons troudag sal vergeet nie. Soos ek die geboorte van ons eerste kind nooit sal vergeet nie, ons pragtige Vicky met die groot blou oë en goue hare.”

Toe raak sy skielik afgetrokke, asof sy nie meer daar is nie.

“Lady?”

“Ja, Moses. Daar is ook die bitter dae wat wag om aan ’n mens se deur te kom klop. Die bitterste dag van my lewe was die dag waarop ons ons Phillip aan die dood moes afgee. Daardie seer gaan nooit weg nie.”

Toe laat sak sy haar kop.

Dit was die enigste keer wat hy Lady ooit sien huil het. Stil en waardig en so verskriklik hartseer dat hy haar diep jammer gekry het.

Die dag van Sint Jansdag.

Lady kom die oggend uit die huis met vreemde klere aan. Onderbaadjie vol blokke uitgewerk, die mooiste wit geborduurde bloes, snaakse rooi pofkappie op, alles hang vol tossels.

Hy vra vir Hanna: “Waarom het Lady vandag sulke vreemde klere aan?”

Hanna kry vernaamheid oor die gesig. “Dis ’n feesdag vir Lady. Die son se dag. Sy soek nog blommetjies wat in ’n stralekrans om die kappie moet kom. Gaan pluk vir haar iets. Nie proteas nie, fyngoed. Maak gou!”

Hy loop die veld in. Die enigste fyngoed wat hy vinnig kry, is die trossies donkerpienk heide, blink en mooi, ruik soos heuning. ’n Entjie verder ’n bossie rooihartjie-heide, rooi en mooi en gommerig … Wat moet hy vir die stralekrans pluk? Al wat hy nog sien, is die bergpalmiet; as mens ’n paar spriete in die rondte bondel …

Hanna smyt die palmietspriete weg en gaan pluk ’n bondel heiningblare vir die krans. Ja, die heidetjies is reg. Gaan knip net twee of drie van Koos Kok se ranonkels om by te sit, dit lyk nog nie genoeg na fees nie.

Koos Kok kry amper die horries oor die ranonkels uit sy randakker.

Lady lê die krans oor die pofkappie en sê hy, Moses, moet vir Cornelius gaan roep. Sy wil na Die Walle toe geneem wees. Nou.

’n Vreemde Lady.

By Die Walle sê sy: “Ek wil in die son sit.” Cornelius bring vir haar

’n stoel buitentoe. Hy, Moses, gaan sit vlakby op die grond.

“In my land, in Swede, is dit vandag Midsummer’s Day, Moses. Sint Jansdag. ’n Dag waarop die winter amptelik verby is en ons die son groet en eer en die aarde vol vreugde is. Julle Strandvelders ervaar nie die wonder van die son soos ons nie. Ons het ’n passie vir die son. Ons dans om ’n meipaal, ons maak spesiale kos. Nellie sal vanaand vir ons sulke kos maak, kos op ’n plank – smorgasbord. Baie soorte vis, kaasblokkies, rogbrood, slaaie … Ons verwag spesiale gaste, majoor Van der Byl en sy vrou, Joy.”

“Waar gaan Lady die paal kry om om te dans?”

“Toe nou, Moses! Ons gaan bloot mooi musiek speel en vrolik saamwees.”

“Ja, Lady.”

Lady sit lank net so stil en uitkyk oor die see, hy meen sy’t al vergeet hy’s ook daar. Tot sy skielik vra: “Waar’s jy, Moses? Dit voel kompleet of jy nie hier is nie.”

Ek is nie, sê hy in sy hart. Omdat hy nie reguit kan sê dat sy kop besig is om aan te hou weswaarts foeter na Dyereiland toe nie. Sy sal nie verstaan nie.

“My gedagtes wil aanhou koerskry na ‘n eiland toe.”

“Myne ook. Stockholm, waar ek grootgeword het, is op baie eilande gebou, met brûe van eiland tot eiland. Pragtige eilande vol parke en bome.”

“Ek dog dan Lady se wêreld is oral net sneeu.”

“Sneeu val drie maande van die jaar in Stockholm. Meer noord, in Norrland, sneeu dit agt maande van die jaar; daar is dit diepsneeu, selfs te koud vir bome om te groei. Laer af kry jy pragtige, digte woude.”

Sy sug. “Ja, Moses, ek moet volgende week teruggaan na my geboorteplek. Dis net dat ek nie verstaan waarom ek so swaar van gemoed is om te gaan nie. Ek is bekommerd oor Lord.”

Sê sy dit. Prontuit. Sê die swaarte wat hy al die hele dag in haar

aanvoel.

“Dis mos nie die eerste keer dat Lord alleen agterbly nie, Lady.”

“Iets is anders, Moses. Daar’s iets verkeerd met Lord, ek weet nie wat nie. Vandat hy laas November sewentig geword het, is dit al of sy vashou aan die lewe besig is om weg te raak.”

Sewentig? Lord kan nie sewentig wees nie, hy lýk nie sewentig nie. Dis of ’n koudheid meteens oor hom uitslaan.

Goed waaraan hy vir jare al nie wil dink nie, kom skielik by hom op. Dink is ’n snaakse ding: jy jaag dit en jaag dit en dan haal dit jou in en sê: Genoeg, nou dínk jy my!

Die oumense het gesê daar’s twee soorte dink: een vat jou hel toe en die ander een vat jou hemel toe …

Sy kop wat vanoggend weswaarts bly foeter waar hy dit belet het om te gaan. Dyereiland toe. Waar hy destyds gedink het hy kan gaan robbe doodslaan vir ’n lewe sodat hy nie langer skape hoef op te pas nie.

Skaars het hy die oggend daar aangekom met die skuit, toe staan daar ’n see op kompleet soos ’n ding wat jou kom koggel omdat hy weet jy’s vas. Toe sit hy vir drie dae lank op die eiland vasgekeer.

Jy kan nie weghardloop nie, jy kan nie terugswem land toe nie, jy’s amper ’n myl van die land af terwyl die see om jou ’n malle gemaal is wat wag om jou fyn te kerf as jy dit sou waag.

Die eilandmanne lag vir sy benoudheid, sê: Toemaar, jy sal gou daaraan gewoond raak, eiland toe kom is nie ‘n grap nie. Die res sal Andrews jou leer.

“Is alles pluis, Moses?” vra Lady uit haar stoel.

“Ja.” Nee. Ek sit op ’n eiland vasgekeer.

Goddank die eiland is ver genoeg van Die Walle af na die westekant toe sodat hy dit nie hoef te sien nie. Lord het eendag gevra of mens verlof kan kry om die eiland te besoek. Gelukkig kon hy toe sê daar word nie besoekers op die eiland toegelaat nie; die voëlmismense is bang besoekers verdryf die duikers en pikkewyne wat moet skyt om die eiland oortrek van die mis te kry.

Ghwano. Witgoud.

Wat plante beter en groter laat groei as jy dit in die grond inspit. Wat die wêreld tot 'n stormloop gedryf het om van die mis te bekom. Skepe het van oor die see gejaag om vragte vol langs die weskus van Afrika op die eilande te kom oes en dit oorsee te gaan verkoop vir baie geld. Het baie mense skatryk laat word, veral in Engeland. Nie dat enige skip sommer net kon kom oes nie. Voëlmis het aan die Goewerment behoort. Alle voëlmis-eilande ook.

Toe Dyereiland nog gemiddeld vierduisend sakke voëlmis per jaar gelewer het. Plus duisende robvelle. Elke drie maande het die voëlmisbase in die Kaap 'n voorradeskip na Dyer gestuur om aan almal te toon dat hulle nie vergeet is nie. Kos, medisyne, allerhande goed.

Maar eintlik het Dyer homself opgepas deur die gevaarlike see om sy kante, die gevaarlike riwwe wat om hom lê.

Nie 'n mooi eiland nie. Plat. 'n Groot storm loop sommer bo-oor hom.

Hy kon nie besluit of die stank op die eiland of die geraas die ergste was nie. Al wat hy weet, is dat dit hom nag en dag vasgekeer en vasgehou het.

Die ergste aaklig het vir daglig gewag en hom sonder 'n geluid laat uitskree: Hoe't ek hier beland? Hoe't ek hier beland? Hy moes opstaan en saam met die ander gaan robbe doodslaan.

Robbe doodslaan is om in daglig moord te pleeg met lang houtsparre waaraan kierieknoppe bult.

Slaan, slaan, slaan, 900 op 'n dag. Ma robbe skree na klein robbe, klein robbe skree na ma's. Klein robbe skree soos honger hanslammers. Krioelende robkleintjies skarrel om van die rotse af in die see te kom.

Hulle slaan windaf, rob ruik jou fyn aankom. Slaan, slaan, slaan, gooi op 'n hoop vir die afslag van die velle. Tiekie 'n rob, dood en afgeslag. Skepe kom haal die velle in bale en vat dit oorsee.

Eenkant word robvet uitgebraai en in petroldromme gegooi. Pennie

’n gelling.

Hoe’t ek hier beland?

Hoe kom ek hier weg?

En dit stink. Voëlmis stink ’n skerp stink. Die manne werk hard, skraap die ghwano bymekaar, gooi dit in sakke. Ander slag robbe af, braai robvet uit.

En dit raas.

Pikkewyne balk soos donkies, waggel-waggel platvoet in troppies.

Duikers sit oopvlerk ry op ry aan die noordwestekant van die eiland. Pikswart, blouoog. Duisende vlieg soggens in lang formasies van die eiland af op om te gaan visduik.

Tobies pik-pik in swerms.

Dit was vreeslik.

Genadiglik het dit uiteindelik Sondag geword. Die manne was vreemdes toe hulle uit hulle slaapplekke kom, want almal had Sondagklere aan. Party selfs dasse. Kerkskoene en sokkies.

“Wat verkyk jy jou so?” vra hulle vir hom. “Ons is nie willegoed nie. Ons slaan nie dood op die Sabbat nie, hoofman gaan netnou diens hou.”

Teen die laatmiddag is daar ‘n skuit weg land toe. En hy was, goddank, ook op die skuit. En bly om weer te gaan skape oppas.

Lady versit in haar stoel. “Dit lyk of jy diep gepla is, Moses.”

“Ek is nie meer nie, Lady. Ek was net vir ’n rukkie terug op Dyereiland.”

Sy sug weer. “Jy moet asseblief kyk na Lord as ek weg is. Iets is anders, Moses.”

Daar is niks verkeerd met Lord nie. Hy en Lord het gister nog heeldag saam in die hothouse en die fuschia house gewerk. Potte verplaas, optelgoed op die rakke reggepak. Dooiblare tussen die varings uitgeknip.

Lord vra: Dink jy hulle kry seer, Moses? Die varings.

Ek glo darem nie so nie, Lord.

Is daardie lelies nie pragtig nie, Moses?

Ja, Lord.

Potblomme; verhewe van mooi, lelies in perfektheid; fyn donkerrooi strepies loop uit elke kelk.

Skielik vra Lord ’n vreemde ding: Dink jy daar’s ’n God, Moses?

Ek dink so. Wat anders?

Loulou sê ons kyk God totaal mis. Ons kyk in die lug op, terwyl God binne-in ons is. Glo jy dit, Moses?

Wel, nou’t Lord my ’n bietjie vas. Ek weet net mens kan dink oor ’n ding wat gravin Blücher sê, Lord.

“Waar het Lady vir Lord ontmoet?” Hy wou dit lankal vir haar gevra het.

“In Engeland. By ’n baie deftige dans waar my suster ons aan mekaar voorgestel het. Toe het ons gedans en voor die aand om was sonder ’n woord geweet dat ons vir mekaar bedoel is. Januarie die volgende jaar het sy suster, Evelyn, en haar chaperone besoek gebring aan Swede. Lord het hulle vergesel. Dit was 1914 en die winter was straf, die sneeu het diep gelê. Lord het elke oomblik geniet, veral om te ski. Toe het hy sy gevoelens aan my bekend gemaak, erken dat hy saam met sy suster gekom het in die hoop om my weer te sien. Lord was toe nog ’n sterk en aantreklike jong man, Moses. In die fleur van sy jonkheid, net 25 jaar oud. Nou is hy besig om weg te raak.”

“Moenie so sê nie, Lady.” Wanneer kan hy vra hoe Lord sy arm verloor het? Nog nie. “Wanneer het julle toe getrou?”

“Lord wou so gou as moontlik trou. My ouers het gesê ons moet wag tot dit lente is. Lente in Swede is die pragtigste tyd. My geliefde blommetjie is ’n woudblommetjie met ’n hemelse geur, ’n klokkiesblommetjie wat net vir ’n kort rukkie blom. Ek het kort voor ons troue spesiaal vir Lord se moeder ’n paar van hulle in ’n ou boek platgedruk.”

“Lord se ma is seker al lank dood.”

Lady staan skielik uit haar stoel uit op. Met haar arms voor haar

bors gekruis staan sy ver oor die see en uitstaar. “Ek bly die laaste paar dae pal aan haar dink.”

“Aan wie?”

“Aan Janey, Lord se oorlede ma. Ek voel haar oral aan, veral as ek deur die veld loop. Sy was so lief vir voëls en vir blomme, ’n skaam en teruggetrokke vrou; ongelukkig het sy en Lord se vader min gemeen gehad. ’n Vreemde ding het gebeur toe sy dood is: sy en haar suster, Freda Loraine, was baie geheg aan mekaar. In 1933, toe Janey op haar laaste lê en haar suster sien huil, vra sy vir Freda of hulle nie maar saam kan doodgaan nie. Freda was nie siek nie, maar twee dae na Janey is sy plotseling net dood. Lord se volle erfskat het hom toegeval en ons het na Shrubland getrek.” Toe sak sy terug op haar stoel. “Ek is bang, Moses.”

“Waarvoor, Lady?”

“Dat Lord iets kan oorkom.”

“Moenie so praat nie, Lady. Vertel my liewer van Lord en Lady se troue.”

Toe lyk sy skielik weer moedig. “Die mees geskikte dag vir ons troue was die 30ste April.” Weer ’n klein laggie. “Die dag van die hekse.”

“Hoe meen Lady nou?”

“Dis ’n dag van baie legendes, wanneer vure oral op die heuwels in Swede aan die brand gesteek word sodat die hekse op hulle besems kan klim en terugvlieg na hulle wegkruipplekke toe.”

“Ek glo dit nie.”

“Dis waar.”

“Het Lady toe ’n heks gesien?”

“Nee. Ons het wel die vure gesien, maar nie die hekse nie. Lothair was ons strooijonker en Sigrid ons bruidsmeisie …”

Die volgende oomblik sien hy haar blik iewers op die see verstar. Hy kyk, sien die walvis wat stert in die lug agter die laaste rif duik.

Lady sug diep. “Vooruitgang is soms die wreedste agteruitgaan, Moses … Die mens kan so verskriklik wreed wees. As ek een ding uit

Swede se geskiedenis kon wegvee, sou dit die man van die walvisse wees."

"Watse man?"

"'n Man op die grens van Swede wat vir baie jare elke jaar met sy bootjie en harpoen een walvis gaan jag het. Dit was genoeg vir hom om van te leef."

"Een walvis."

"Ja. Een. Toe vind hulle 'n harpoen met 'n ontplofkop uit, toe skiet hy die volgende jaar drie-en-dertig walvisse. En word 'n ryk man."

"Drie-en-dertig walvisse. Dis verskriklik."

"Wie kom daar onder langs die see op?"

"Jissis!"

"Wie's dit, Moses?"

"Mens kan seker sê dis die heks van die Strandveld. Dis Katoeka."

"Die vrou wat gravin Blücher eendag besoek het?"

"Ja."

Daar is iets verkeerd met Katoeka. Sy loop nie flink en regop soos gewoonlik nie. Haar voete sleep. Hoe nader sy kom, hoe swaarder loop sy.

Selfs Lady kan sien iets is verkeerd met haar. "Lyk of sy siek is."

"Ja. Iets skort," sê hy en staan op.

Toe sy teen die brakslaaiwal uitgestrompel kom, sien hy haar geplooide gesig is vol nat strepe gehuil. Katoeka huil. Sonder 'n geluid.

Hy buk en vat haar aan 'n skurwe hand en trek haar tot bo. "Katoeka?" Help haar om om te kantel en op haar sy te gaan lê. Sy lyk soos 'n gestalte waarvan die asem wil uitgaan, hy weet nie waar sy die krag gekry het om onder van Ratelrivier af te loop nie.

Lady het orent gekom en staan en kyk in skok na die bondel van 'n mens.

"Katoeka?" vra hy en druk haar liggies agter haar rug. Dit voel soos 'n klomp bene in 'n sak onder sy hand.

“Boet of Dick moet hom kom doodslaan.” Fluisterwoorde. Woorde sonder krag. Bang woorde.

“Wat kom doodslaan? Wie kom doodslaan?”

“Willevark.”

“Katoeka, ek weet nie wat jy sê nie. Wat het gebeur?”

“Willevark.”

“Gaan haal vir haar ‘n bietjie water,” stel Lady voor. “Roer ’n lepel suiker in, sy’s verskriklik ontsteld … Nee, bly jy hier, ek sal gaan.”

Daar is nie wildevarke in die Strandveld waarvan hy weet nie. “Wat het gebeur, Katoeka?”

Haar klere is floiings, sy is kaalvoet, haar voete is skurf en vuil.

Om haar nek is die vreemdste ketting. Sy’t nog nooit ’n ketting om haar nek gehad nie. ’n Dik goue ketting. “Katoeka, watse ketting het jy om jou nek?”

“Hulle moet hom kom vrekmaak.”

“Vir wie?”

“Major Lee.”

Lady kom met ’n beker suikerwater uit die huis. Buk met besorgdheid oor die bondel en hou dit na haar uit. Hy kan sien sy soek moed om aan dié vreemde verskynsel te raak. Hy vat die beker, sit sy hand onder Katoeka se kop en laat haar klein slukkies drink.

“Oppas, sy kan stik!” waarsku Lady benoud. “Laat haar ’n bietjie meer regop kom.”

Die volgende oomblik kyk Katoeka haar reguit in die oë. “Wie’s jy?”

“Dis Lady de Saumarez, Katoeka, moenie aan haar vat nie.”

“Help my. Asseblief, help my!”

“Waarmee moet ons jou help?” Lady het verstaan wat sy gesê het.

“Hom vrekmaak … Major Lee. Hy’t gewen. Hy’t die werksmense bo van die huis af gestuur met byle en sae, hulle kom die melkhoute uitkap, hy’t uitgevind waar ek bly. Bliksems. Hulle gaan my huis afkap. Willevark het gewen, bloedhand het gewen. Hulle kry hom nie

doodgeverf nie, ek het gister gaan kyk, toe sê die een bouman: die Major het gesê hulle moet van my ontslae raak, toe lag ek hom uit. Toe sê hy die Major weet waar ek bly. Ek dog hy lieg, toe kom hulle vanoggend met die byle en die sae, toe sê hulle Major Lee vat niks meer van my nie, ek moet trap van die grond af."

Soos 'n ou rob wat skaamteloos pleit vir haar lewe.

Lady steek haar hand uit na die ketting tussen Katoeka se slap borste, maar Katoeka se hand skiet uit en ruk dit weg. Daar hang iets soos 'n muntstuk onder aan die ketting.

"Los!" sê sy verwoed en sit haar hand daaroor. "Myne! Willevark sal dit nie kry nie!"

Lady sak in skok terug op haar stoel. "Vra haar waar sy dit gekry het, Moses."

Hy vra.

"Los! Is myne!" skel Katoeka.

"Wat sê sy?" vra Lady.

"Sy sê dis hare."

"Vra waar sy dit gekry het."

"Nie nou nie, Lady. Sy's bang."

Hy gaan sit op sy hurke by Katoeka, praat mooi met haar, praat sag. "Asseblief, Katoeka, help ons om jou te help. Lady is die baas van Springfield se vrou, sy kan jou help."

"Kan sy die willevark vrekmaak?"

"Nee. Maar sy kan keer dat hulle jou melkhoute uitkap."

"Sweer."

"Ek sweer."

"Nee. Sý moet sweer."

Hy het uiteindelik saam met haar teruggestap na haar boshuis toe. Haar vir ente op sy rug gedra. Lady het gesê sy moet wag tot Cornelius kom, maar Katoeka wou niks weet nie.

"Jy sê dié Lady is die rykman se vrou?"

“Ja.”

“Ek sien daar staan ’n vrou by haar.”

“Watse vrou?”

“Outydse vrou. Ek dink dis die rykman se ma wat gekom het om hom te haal.”

“Moenie so praat nie!”

“Ek sê wat ek sien.”

“Waar het jy die ketting gekry?”

“Al die jare weggesteek.”

“Om wat mee te maak?”

“Om op die dorp by die winkel te gaan ruil vir ’n baaisiekel. Wou altyd ’n baaisiekel hê.”

Katoeka se boshuis staan nog, maar daar’s duidelike voetspore in die oopte bokant haar vuurmaakplek.

“Jirre, Moses, doen vir my ’n woord by daardie hoë vrou. Hulle kan my nie kom uitkap nie. Sê haar ek is jammer vir haar, daar lê vir haar swaarpad voor.”

“Hoe meen jy nou, Katoeka?”

“Sy staat voor die groot eensaamheid. Hoor wat ek jou sê, Moses. Eensaamheid wat nie brieke het nie, wat afdraand loop. Maak nie saak hoe diep jou rykdom lê nie, as dood jou naam het, het hy hom.”

Toe haal sy die ketting van haar nek af en hou dit na hom uit. “Dé, dis joune. Ek is al te oud vir die baaisiekel, my krag is op.”

“Katoeka?”

“Dis joune. Was vasgespeld in die jas se binnesak wat Jarrie die slag by Rietfontein se baai opgetel het. Die jas waaronder jy geroer het toe hy jou gekry het.”

# AGT

DIS ’N WREDE soort wreed. Om in twee gesny te word.

Aan die een kant staan hy, Moses Swart, aan die ander kant staan ’n vreemde sonder naam – al spook hy reeds lewenslank in jou.

Vreemdeling is die eerste reël van die versie wat hy, Moses, op aarde moet leer.

Al wat vir hom oorbly, is om aan te hou met leef.

Op Springfield. By Lord.

Waar anders?

Lady is die Dinsdag weg Kaap toe om die skip Swede toe te haal.

Cornelius het haar en Lord weggebring met die mooi swart motor met die ster op sy neus, nie met die Jeep nie. Die motor wat altyd eenkant in die garage onder ’n kombers staan. Wat Cornelius skitterblink opgevryf het voor hulle weg is.

Lord was beswaard, maar hy was nie geknak nie. Lady was hartseer, maar het nie gehuil nie. Twee mense wat uitmekaar moes gaan, maar iewers aan mekaar bly vashou het.

Hy het Koos Kok in die tuin gehelp en dinge fyn dopgehou. Hulle moet ’n deel van die tuin met vygies beplant. Kalkklipvygies. Sandvygies. Pers, pienk en oranje. Omdat Lord dit so begeer. Begeer dat dit ’n kol vreugde van kleur sal wees wanneer hulle in volblom

staan.

Verder moet hulle twee melkhoute in die hoek aan die oostekant van die tuin plant. Versigtig plant, nie ’n wortel beskadig nie.

Lady het die oggend nadat hulle van Die Walle af teruggekom het in die tuin kom sê dat Katoeka se melkhoute nie afgekap sal word nie. Lord het reeds vir Cornelius gestuur om vir Major Lee te gaan sê dat daar aan geen melkhout met ’n saag geraak mag word nie.

Dankie.

Hy het die ketting met die medaljon aan, aan ’n spyker agter sy kamerdeur gehang. Dis nie die ketting se tyd nie. Dis beter dat die ketting eers agter die deur bly hang.

Die enigste werklikheid is dat hy Moses Swart is.

Springfield is oorblymense te wagte. Hy het gehoor hoe Lady voor haar vertrek vir Nellie en Hanna opdrag gee oor een van die kamers in die huis wat deeglik uitge-turn moet word. Die teëls van die blou badkamer moet van bo tot onder gewas word. Daar moet hoenderpasteie gemaak word. ’n Skaapribbetjie moet gereed wees om oor die kole te braai. Blomme moet in die huis kom, al sê Lord dis nie nodig nie.

Lord keer altyd as iemand wil blomme pluk. Julle maak hulle dood! is sy beswaar gewoonlik.

Dan gaan pluk die personeel of Lady skelm en steek in wanneer Lord rugdraai.

Lady het nog vir laas opdrag gegee oor die blou badkamer. “Sê vir Moses om te gaan kyk of daar nie dalk iewers ’n verdwaalde blou disa blom nie. Dit sal so spesiaal in die vensterbank teen die blou teëls vertoon.”

Hy’t haar dit hoor sê en sê in sy hart hy sal gaan kyk, maar weet dis nog hopeloos te vroeg vir daardie blommetjies. Kompleet blou kappietjies op stingeltjies. Party amper pers. Hy het eendag per ongeluk op ’n klompie in ’n kloof bokant Agulhas afgekom en ’n bossie gepluk. Lady was nie by die huis nie, hy’t aan die agterdeur geklop en die bossie disatjies vir Nellie gegee om vir Lord te gaan gee.

’n Paar minute later kom roep Nellie hom. Hy moet agterdeur toe kom, Lord wil hom sien.

“Moses,” sê Lord, “dis moord, maar dis die ongelooflikste blommetjies. Waar het jy hulle gekry?”

“In ’n kloof bokant Agulhas waar hulle wegkruip, Lord.”

“Hulle het die fynste geur. Ek is bly om te sien dat jy hulle *afgesny* en nie afgeruk of uitgetrek het nie. Jy moet asseblief vir Lady ook van hulle gaan pluk sodra sy terugkom.”

“Hang af wanneer Lady kom, Lord. Hulle blom net op hulle sekere tyd.”

So het hy geleer om skelmpies vir Lady die mooiste blommetjies te gaan pluk. Skelmpies, maar openlik. Baie dae Lord se mond in verwondering sien oopval, gewoond geraak daaraan dat hy in verbaasdheid vra: Wil jy vir my sê dit groei in mý veld?

Ja, Lord. Strandveld leer jou om fyn te kyk vir sy geheime.

Die eerste aand na Lady weg is, kom roep Hanna hom. Lord wil hom sien. Shame, sê Hanna, sy’s skaars weg en hy verlang al klaar. Gaan gesels ‘n bietjie by hom, hy’s in die voorste sitkamer.

Een gloeilamp brand in die hoeklamp en trek alles met sagte lig oor, laat Bowler se skip soos ’n engel met uitgestrekte vlerke rustig oor die water gly – oral helder spikkeltjies lig in die blinkgepoetste hout.

“Naand, Moses.”

“Naand, Lord.”

“Sit. Hanna sal vir ons whiskey ingooi.”

“Dankie.” Hy sal dit drink, al drink hy nie whiskey nie.

Hanna bring die whiskey, by Lord s’n gooi sy warm water en fynsuiker.

“Lady vertel my daardie eienaardige vrou het by Die Walle aangekom.”

“Ja, Lord. Katoeka.”

“Lady sê sy’t gesê sy’s honderd jaar oud. Dink jy dis waar?”

“Ek dink sy was al honderd toe ek nog ’n kind was, Lord.”

“Waarvan leef sy?”

“Vis. Skulpvis. Patats.”

“Sy’s begunstig om vir honderd jaar te leef. Ek sou nie aandring om honderd te wil haal nie – dis net dat ek nog nie gereed is om te gaan nie. Ek wil graag nog ’n rukkie op die aarde bly.”

“Lord sal.” Lord is in ’n vreemde bui. ’n Tikkie droefgeestigheid om hom.

“Lady sê die vrou het ’n vreemde ketting met ’n medaljon aan om die nek gehad.”

Lyk hom Lady het alles kom uitskud. “Ja.” Die whiskey is besig om ’n warm kol in sy maag te maak.

“Waar het sy die ketting gekry?”

Moenie vra nie. “Opgetel.”

Dis nie die ketting se tyd nie. “Ken Lord Oostenryk?” vra hy om die gesprek weg te kry van die ketting af.

“Ja. Daar lê diep in my ’n vreemde verbintenis met Oostenryk. Gee vir my die groot atlas aan.” Hy wys na die stapel boeke wat op een van die tafels lê. “Die boonste een.”

Hy staan op, haal die lywige boek en sit dit op Lord se skoot neer. Hy wil nie oor Oostenryk praat nie, maar hy moes Lord wegkry van die ketting af.

“Sit vir ons nog ’n lig aan,” sê Lord terwyl hy die boek oopmaak en ’n paar blaaie deur sy vingers rits. “Hierdie is Engeland.”

Ek is darem nie heeltemal onnooslik nie, sê hy in sy hart. Dikwels middae na skool die aardbol gedraai en gedraai …

“Hier, aan hierdie kant – die oostekant – is ons landgoed, Shrubland. Dis in ’n distrik – county – genaamd Suffolk. Shrubland is waar ons seun, Victor, nou woon. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was ons verplig om die meeste van ons erfstukke na veiligheid te neem. Onvervangbare skatte. Shrubland is op een van die hoogste dele in Suffolk gebou, ’n bom sou die plek maklik tref.”

Lord neem ’n slukkie van sy whiskey en dis kompleet of daar ’n

bewing oor sy lippe wil kom. Die enigste tyd wat Lord gewoonlik bewemond kry, is as hy hom hewig vererg het. Nee, hy is nie nou vererg nie, iets anders moet hom ontstel het.

Lord sug, sy gedagtes ver weg van Oostenryk. "Ja, Moses. Oorlog ken nie genade nie. My deftige huis in Londen is vroeg in 1942 deur 'n bom verwoes. Dit was 'n aaklige ondervinding. Agt slaapkamers, twee onthaallokale – selfs 'n hyser. Gelukkig kon ons op Shrubland gaan woon.Die oorlog is op 'n mooi Septemberdag afgekondig, 'n Sondag; die oorlogsverklaring is in al die kerke afgelees. My tweede oorlog in net meer as twintig jaar. Dit was smartlike nuus. Die week daarna het ons veilige huisvesting vir ons besittings in Wallis gevind en die meeste goed daarheen verskuif. Sewe meubelwaens."

Jissis.

"Immers was Wallis darem nog veilig ..."

"Ja. Ons goed is geneem na 'n plek genaamd Dogelly, hier ..." Hy wys met sy vinger. "'n Pragtige plekkie aan Cardigan Bay geleë, herehuis wat aan Amerikaners behoort het en wat ons besittings kon herberg."

"Was Lord soldaat in die Tweede Wêreldoorlog ook?"

"Nee. Ons, die veterane, was te oud om weer oorlog toe te gaan."

Hy sal nie verder uitvra nie; daar het 'n toe trek oor Lord se gesig gekom.

"Groei die proteatjie waarvan die saadjies in die kissie is?"

"Nog nie, Lord."

"Dink jy die flaminke sal vanjaar terugkom?"

"Ja, Lord."

"Sit maar die atlas weer weg."

Hy staan op en tel die boek van Lord se skoot af op. Raak per ongeluk aan sy bene en skrik. Kaal bene met min vleis om.

Toe lui Lord die klein silwer klokkie langs hom om Hanna te roep. Sê vir haar om vir hulle nog whiskey in te gooi.

Nie uit 'n bottel nie, uit 'n mooi puntglas-kraffie. Beker met warm water en 'n suikerpot vir Lord s'n.

“Wat hoor Lord van gravin Blücher?”

Lord het skynbaar nie gehoor nie, sy gedagtes is nog steeds by die flaminke en die soutpan.

“Ek weet daar word wyd bespiegel oor waarom ek moeite doen met die soutpan. Daar word selfs gesê dat ek die pan in hoofsaak vir die flaminke aanhou. Mense is dom, Moses, baie dom. Ek is bevoorreg om ’n soutpan op my grond te hê, daarom is ek ook verantwoordelik om om te sien na die pan. Dit was destyds die hoofrede waarom ek Springfield gekoop het. Moet nooit jou denke by ander optel nie, Moses; vind jou eie waarheid in jou eie gemoed.”

“Ja, Lord.”

“Sout is die onverganklike kern van die lewe,” sê hy skielik met groot erns. “Sout was vir eeue lank meer werd as goud. Hulle sê as die liggaam klaar geleef het, is sout die hoofdeel van jou laaste oorskot. In die lewe bring trane vir ons suiwering van gemoed. Trane is sout. Dit wat ons bitter maak, maak ons wys. As ons swaarkry ons opstandig maak, verrot dit ons.”

“Ek hoor wat Lord sê.”

Ek dink nie Mister Macmillan sou saamgestem het nie …

“Sout gee ons die krag om ons lot te aanvaar.”

Dis ’n ander Lord. ’n Vreemde Lord. Wat stip voor hom sit en vasstaar. “Sout gee ons die krag om ons lot te aanvaar,” herhaal hy tydsaam, “sout heel ons wonde.”

Die vraag val sonder waarskuwing by sy mond uit. “Hoe het Lord Lord se arm verloor?”

“Ek het self besluit om dit te laat amputeer.” Hy sit skielik regop soos een wat ontwaak. “Ek het dit besluit op die dag in November toe ons seun, Phillip James, gebore is. Vier jaar voor dit is my hand in die Groot Oorlog vergruis. Die beste dokters in Engeland het probeer om die hand te red en dit te herstel. Vier jaar van ’n pynhel wat gedreig het om my onder te kry – totdat ek uiteindelik self besef het dat daar nie meer hoop op herstel was nie. Net die pyn.”

Dis ’n aardige oomblik. Dit lyk of ’n grys kleur oor Lord se gesig

sprei – asof hy steeds die pyn ervaar.

Hy staan op en lui self die klokkie. Toe Hanna in die deur kom staan, sien hy sy skrik ook. “Lord?”

“Gaan maak vir Lord ‘n koppie tee met baie suiker in, Hanna.”

“Lord gebruik nie suiker nie.”

“Van die fynsuiker.” Hy wou haar verskree, maar het homself ingehou.

“Wat het Lord so ontstel?” vra sy agterdogtig.

“Moenie vra nie, gaan maak net die tee. Asseblief.”

Lord se hand bewe toe hy die koppie optel om die tee te drink, maar na ’n paar slukke raak sy kleur beter.

Toe begin hy die res vertel.

“Gee weer vir my die atlas, Moses.”

Hy blaai en blaai weer, stop skielik by ‘n ander kaart.

“Wil Lord nie liewers gaan lê nie?”

“Nee. Hierdie is België.” Hy beduie, vee ingedagte oor die bladsy. “Die Groot Oorlog het in Augustus van 1914 begin; ek en Lady was toe net vier maande getroud. Vier wonderlike maande. Ek was ’n offisier in die Sewende Divisie en angstig, selfs oorgretig om oorlog toe te gaan omdat ek bang was die oorlog sou verby wees voordat ek opgeroep word. ’n Man, Moses, is dom as hy nog jonk en voortvarend is.”

“Was Lord nie bang nie?”

“Nee. Niemand was werklik bang nie. My lyfbediende, Orchard, was in die Boer War hier in Suid-Afrika en hy’t nie verwag die oorlog sal die helfte so straf soos daardie oorlog wees nie. Almal het gemeen dit sal in elk geval vinnig verby wees. Niemand was bang nie. Ek het bataljonne soldate sien uitmarsjeer terwyl hulle opgewonde uitroep: Ons is op pad na die Keiser se teeparty!”

“Dis amper ondenkbaar.”

“Die jong manne het die oorlog as ’n groot avontuur gesien, een waarvoor hulle gereed en deeglik opgelei was. Kort voor ek front toe

is, het ek en Lady eendag op ’n heuwel by Shrubland gestaan en gesien hoe ’n see vol oorlogskepe verbyvaar. Myle op myle skepe. Kan jy jou dit voorstel, Moses?”

“Nee, Lord.”

“Honderde skepe. Die oomblik was oorweldigend; die werklikheid van Engeland se mag het ons beide diep getref.”


Hy bly eers stil en vat ’n slukkie tee.

“Uiteindelik is die Sewende Divisie opgeroep. Ons hooftaak was om te keer dat die Duitsers nie Ypres in België binneval en deurbreek na die Engelse Kanaal toe en daarvandaan Engeland binneval nie. Onthou, alle vervoer in daardie dae was met perde; perde moes voor karre gespan word, voor die kanonwaens – dit was ’n wêreld van bedrywigheid van soldate wat klaarmaak om oorlog toe te gaan. Toe moes ons, die Sewende Divisie, deur die nag na Southampton mars om per skip na ’n onbekende bestemming te gaan. Ons is vroeg die oggend van die 5de Oktober uit die hawe …”

Daar is iets verkeerd met Lord, het hy skielik net geweet. Lord is nie meer in die sitkamer in die skemer lig nie. Hy is ver weg iewers in ’n oorlog saam met ander soldate, sy hele gesig is vertrek van haat of pyn, sy linkerhand kramp om die stoel se armleuning.

Hy is te bang om die vertelling te onderbreek, bang dat dit Lord nog meer sal ontstel.

“Ypres was die sleutelpunt van waar die kanaal en die skeepsroetes tussen Europa en Engeland beskerm moes word. Die Duitsers het geweet hulle moes Ypres in besit kry. Toe ons, die Sewende Divisie, daar aankom, was die Duitsers reeds besig om vastrapplek om Ypres te kry. Hulle was baie meer as ons, maar ons het hulle keer op keer verras met ons vernuf. Onthou, óns het die eerste loopgrawe gegraaf. Hoor jy wat ek sê, Moses?”



"Ja, Lord. Julle het slote gegraaf."

"Diep slote, modderige slote. Ons kon nie slaap nie, ons kos was dikwels net droë beskuitjies, vleispille en sjokolade. Saans het ek vrywilliglik die afgryslikste take op myself geneem, soos om die dag se dooies te begrawe. Die oomblik wat die Duitsers die klank van grawe hoor, het hulle begin skiet. Eendag na 'n hewige geveg was 'n hele regiment weg – die Wiltshires. Ek gaan soek na hulle, ek hoor die geluid van grawe, ek roep: Is julle die Wilts? As antwoord kry ek 'n hele vlaag koeëls. Ek had per ongeluk in die donker oor die Duitsers se voorste linie geloop."

"Lord moet eers rus." Hy is gryswit in die gesig; sy asem jaag soos een wat gehardloop het. "Lord moet eers rus." Hy hoor nie.

"Ek duik vir skuiling in 'n diep sloot in. Nog 'n man kom aangehardloop en spring ook in die sloot. Toe 'n derde man. Die sloot was te klein en te nou om vir drie man skuiling te bied. Ek lê onder, die twee manne bo my word deur koeëls getref, hulle bloed drup op my. Hulle liggame het my lewe gered, maar dit het bomenslike inspanning gekos om onder hulle uit te kom. Dooie manne is swaar manne …"

Sweet slaan op Lord se voorkop uit. Die oumense het gesê as 'n ding moet uit, moet hy uit. Anders maak dit bolling op jou maag.

“Die nag wat ek my hand verloor het, onthou ek soos gister. Dit was Oktober die 18de, 1914. Ons eerste opmars was onsuksesvol. Hewige skietery van die Duitsers se kant, alle opdragte het onhoorbaar geword, die linies het gebroke en deurmekaar geraak. Dit was donker, baie donker. Net twee klein eenhede slaag daarin om die Duitsers se loopgrawe te bereik en in te neem, die tweede linie was onder my bevel. Almal skiet. Ten einde was al die Duitsers afgemaai – almal behalwe een man. Ek lig my rewolwer, maak gereed om te vuur – huiwer ’n sekonde omdat ek nie seker was of die gestalte in die donker vriend of vyand was nie. Dit was die Duitser wat die aanval oorleef het – hy skiet eerste en word onmiddellik self doodgeskiet. Ek val en stut myself teen die kant van die loopgraaf, die koeël is eers deur my hand en toe by my bors in. Ek stuur ’n verkenner om versterking te vra. Eerste verkenner word doodgeskiet; die tweede verkenner kom veilig deur en keer iewers in die nanag terug met luitenant Warner en tien soldate met draagbare. Ek is op ’n draagbaar getel, maar een van die draers word doodgeskiet en ek word opnuut deur skrapnel getref. Daarna het ek gedeeltelik gekruip, is gedeeltelik gedra, om die laaste honderd en vyftig tree af te lê.”

Hy kan dit nie meer aanskou nie, die sweet tap Lord af. Hy staan op en lui weer die klokkie. Toe Hanna inkom, skrik sy groot; swaai om en kom met ’n nat bordedoek terug en begin sy gesig afvee.

“Maak sy das los, Moses, hy verwurg!”

Lord maak ’n ergerlike beweging en woel hom onder Hanna se hande uit, skuif regop in die stoel. Daar is skuim aan sy mondhoeke, sy oë is wild.

“Ons moet hom kamer toe dra,” sê hy vir Hanna.

“Nee!” keer Lord met ’n bewende mond. “Ek kan self loop!”

Hanna help hom dat hulle Lord in die kamer kry, bly gee sulke klein huiltjies – totdat Lord met sy laaste krag snou: “Stop it!”

Laataand kom klop sy aan sy deur.

“Jirre, Moses, my hart is stukkend. Ek kan hom nie so sien ly nie. As Lady hier was, sou sy vir hom gelees het, hom tot bedaring gesus

het. Nou’s sy nie hier nie. Wat gaan ons maak?”

Soos Loulou gesê het: Vir wanneer daar ’n paar sterk arms nodig sal wees wat kan optel.

“Ons sal regkom, Hanna. Gaan slaap nou.”

“Dink jy nie ons moet Cornelius stuur om die dokter op die dorp te haal nie?”

“Nee. Vir wie maak julle reg wat kom kuier?”

“Ons is Victor te wagte, Lord en Lady se jongste seun. Lady het gevra Victor-hulle moet kom kuier terwyl sy weg is, sy’s bekommerd oor hom. Maar Lord weet nie, dis ’n verrassing vir hom.”

“Dit sal uitkoms bring.”

Maar hy weet daar’s iets meer verkeerd met Lord. Dit is soos Lady gesê het.

# NEGE

TWEE DAE LATER hou Cornelius kort voor die middag met die swart kar langs die huis stil. Hy en Lord het pas uit die hothouse gekom, hy sien hoe Lord botstil gaan staan.

Hy sien die jong man uitklim, na Lord toe stap, sy arms om hom sit en hom vashou soos troos en groet tegelyk.

Hulle sê ’n mens kan nie liefde sién nie, maar skielik sien hy dit voor sy oë ontvou. Helder.

Soos hy verbyloop na Koos Kok toe, sien hy die mooie vrou uit die motor klim. Die drie kindertjies, opgeskote dogtertjie en twee seuntjies. Lyk soos ’n tweeling.

“Haar naam is Julia, en dis mos nou Victor daai,” sê Koos Kok en vat die stiggies by hom. Fuschia-stiggies, wat Lord in die fyntuin geplant wil hê. “Die twee mannetjies is ’n tweeling. Woelig. Maar goed gemanierd.”

“Mooi kinders.” Mooiste is die verandering wat skielik oor Lord gekom het. Soos nuwe lewe.

“Leer nou vandag ’n waarheid hier op Springfield se werf, Moses,” sê Koos Kok. “As ongelukkigheid in jou intrek, druk dit jou asem uit. Sit gelukkigheid terug op sy plek, en jy kry sommer nuwe lug in jou pype. Ek het Mister Lord lank nie so breed sien lag nie.”

“Dis waar.”

“Kom ons gaan sit die stiggies daar tussen die ranonkels in. Ek weet nie of hierdie stiggies sal vat nie; ’n ding wat eers in ’n hothouse gepiep is, vat nie goed in die buitelug nie.”

“Hulle sal vat. Lord het hulle al lank afgesny en in ’n emmertjie met sand laat wortel skiet.”

Hy kyk die kuiermense agterna soos hulle wegloop huis toe, Victor met sy arm om Lord se skouers geslaan.

“Hoe spreek ’n mens hom aan, hierdie Victor? Alec van gravin Blücher is so gesteld om graaf genoem te word. Sê ons vir hierdie een ook Lord?”

“Ek twyfel. Hy word mos eers Lord as ou Lord iets oorkom. Dis soos ek dit verstaan.”

Laatmiddag kom hy tuin toe. Victor. As die proteatjie op die pad soutpan toe die koningsprotea se nabootsel is, is Victor Lord se nabootsel. ’n Sterk man, aanvallige gestalte. Wat na jou kyk asof hy jou regtig raaksien. Jou hand skud asof hy dit regtig wil doen.



“Jy’s Moses?”

“Ja.”

“My pa sê jy’s ’n stukkie goud wat Springfield getref het.”

Gelukkig is Koos Kok by die onderste pond doenig, hy sou nie kon gehoor het nie. Soms as Lord aan hom, Moses, te veel aandag gee, maak Koos Kok beswaar. Dan sê hy: Lyk my jy't jou goed ingewurm by Lord. Hanna sê my jy word tot al in die sitkamer ingenooi en 'n stoel gegee om op te sit. Wie't jou in hierdie tuin aangestel? Ek. Wie't jou by Lord aangeprys? Ek. Dink seker jy sal erf. Vergeet daarvan, Mister Lord moet baie kinders laat erf.

Victor begin stadig deur die tuin wandel. Vra uit na alles, beskou party goed in verstomming. Gaan gee vir Koos Kok hand, prys die tuin, vra hoe dit met die jig gaan, vra of Koos Kok al vrou gevat het. Lag saam oor ou Koos se antwoord: Nee, vroumense soek sterk goed en ryk goed – nie my soort nie.

Hy vra vir Koos Kok of Oupa die skilpad nog leef.

Ja. Nog steeds baasskilpad in die kamp. Mister Lord glo nog steeds die ding het verstand.

Sal ons 'n entjie teen die heuwel uitstap, Moses? Renosterkop se kant toe.

Hy, Victor, weet van alles en almal. Ja, hy ken vir Bettie Swart, vir oom Dick ook. Ek sal anderdag daar gaan groet. Pa wil eers môre sy nuwe plaas vir ons gaan wys. Ratelrivier.

Die volgende oomblik steek hy in sy spore vas. “Hoor daar!” roep hy uit. “Hy's nog hier!”

“Wie? Wat?”

“Die voëltjie wat mý roep! Shrubland het ook baie voëls, maar nie een ken my naam nie, nie een roep na mý nie. Dit gebeur net op Springfield. Ek vertel dit altyd vir my tuiniers en gaste.”

“Praat jy van die een wat nou daar geroep het?”

“Ja. Hoor jy hom?”

“Ja. Dis die heuningvoëltjie wat vir ratel sê waar om heuning te soek. In ruil gee ratel hom 'n vreetseltjie heuning.”

“Regtig? My pa het gesê jy's die een wat sal weet.”

“Ek het hom eendag vir gravin Blücher uitgewys. Sy't die dag aangedring om duine langs saam te stap Ratelrivier toe.”

“Dit klink soos Loulou. My pa sê jy moes eendag vir Alec uit die veld gaan red het.”

“Ja.”

“Ek kan nie help om hom jammer te kry nie. Sy ma is ’n spesiale mens, maar Alec het nooit oor die dood van sy vader gekom nie.” Hy lyk skielik bekommerd. “Hoe lyk my pa vir jou, Moses?”

“’n Paar dae terug sou ek gesê het hy lyk sleg. Vandat julle hier aangekom het, is ek gerus.”

“Ek is bly. My ma se onrus oor hom die afgelope tyd het behoorlik uit haar briewe gestroom. In ’n stadium het ek gedink sy sou nie Swede toe gaan nie.”

“Sy was in twyfel.”

Toe gee Victor so ’n kort, verleë laggie. “Ek sal jou ’n geheim vertel.”

“Wat?”

“My ma is baie erg oor hierdie oom van haar, oom Carl in Stockholm. Maar as kind het ek hom so erg gevrees dat ek dikwels gemaak het of ek siek is sodat ek nie hoef saam te gaan Swede toe nie.” Weer die laggie.

“Waarom was jy vir hom bang?”

“Hy was een jaar Vader Krismis en het die rol só goed vertolk, ek het gedink hy’s regtig Vader Krismis. Ek kan vandag nog die vrees onthou wat ek ervaar het.”

“’n Kind onthou baie dinge.”

“Kan ons maar nog ’n entjie loop voor ons omdraai? Die veld is so mooi, die blomme ook. Ek kan my verkyk aan hierdie goudbome.”

“Watse bome?”

“Daardie bosse en bosse geel blomme vol stekeltjies.”

“O. Ons noem hulle speldekussings.”

“My pa wil hê as ons môre Ratelrivier toe gaan, moet ons iewers langs die pad by ’n ou dame van honderd aangaan. Ken jy haar? ’n Snaakse naam.”

“Ek hoop nie hy het dit in die kop om by Katoeka te wil aangaan nie.”

“Dís die naam! Sê dit weer.”

“Katoeka. Ek hoop nie Lord is ernstig nie, Katoeka bly in die bosse en sy’s ’n bietjie eienaardig.”

“Dis sy begeerte om by haar aan te gaan.”

“Daar’s nie ’n pad tot by haar blyplek nie, beste sal dan wees dat Cornelius haar gaan roep.”

Lord wil nie sonder hom, Moses, Ratelrivier toe gaan nie. Hý moet die vreemde ou vrou gaan roep.

Vroegoggend pak hulle die Jeep vol. Lord sit voor by Cornelius, bruin blokkieshemp aan, bruin das. Stralend soos ’n oorvalboom wat skielik weer begin spruit het. Victor, Julia en die dogtertjie sit op die agterste sitplek, Louisa is haar naam. Nellie se piekniekmandjie tussen hulle. Hy en die twee seuns agter op die Jeep.

Ordentlike kinders, fatsoenlik. As mens hulle tussen gewone Strandveldkinders sou sit, sal dit wees soos om porseleinkoppies en blikbekers op een skinkbord te dek.

Die seuns is sonder ophou nuuskierig. Wil alles weet, alles sien. Cornelius moet kort-kort stilhou sodat hulle die skilpaaie kan “jaag”; die voëls bewonder en verwilder; hulle name vra: rooivalkie, visarend, witkruisarend, muisvoëls, suikerbekkies. Elke voël se naam oefen, dit skeef uitspreek en weer probeer.

“Watter voël is ons pa se een? Die voël wat hom by sy naam roep.”

“Hy’s seker vir die dag Bredasdorp toe,” terg hy, aspris.

“Moenie so sê nie! Sê vir ons oom Moses jok!”

Uiteindelik, kort anderkant Bergplaas, roep die heuningvoëltjie *viektirrr … viektirr …* en kry hy die kans om hulle te vermaak met die ratel wat iewers vir hulle loer sodat hy hulle kan bespring en opvreet.

Lord moet genoeg verstaan van die gesels, want hy lag sy gesig vol kreukeltjies. Die kinders kraai soos hulle lag. Raak dan weer doodstil en luister of hulle weer die heuningvoëltjie hoor roep. Vra Cornelius

om stil te hou, soek-soek tussen die bossiegoed om die voël te probeer sien …

Dit het later gevoel of alles oorborrel van vreugde.

Wonderlikste was Lord. Trots en regop en gelukkig. Geduldig as die kinders aan hom hang en torring.

Toe kom hulle op Ratelrivier aan, waar Gawie Lourens ’n rukkie oorneem. Hulle toelaat om na die *hounds* te kyk, twee laat uitkom uit die hok sodat hulle die koppe kan vryf.

“Ons het baie hounds op Shrubland ook,” verduidelik die een. “Hulle vang jakkalse.”

Gawie verduidelik van die kopbene wat by die ingang opgespyker is. Dit laat die dogtertjie gril en aan haar ma se rokspante klou.

Lord vra sydelings vir hom of hy die vrou asseblief sal gaan roep.

Ek sal nou gaan, Lord. Ek wil net eers sien hoe ver hulle al verbreek en verbou het.

Ratelrivier se opstal is besig om spoggerig te word. Hier deurgebreek, daar toegebou. Drie deftige badkamers.

Hy wil nie kyk nie, maar hy moet.

Die merk van die hand slaan nog altyd deur in die gang.

Die uitgegrifte letters is nog altyd op die ruit.

Die spook woon dus nog steeds in die huis.

Katoeka sit op die stoel by haar tafeltjie in haar boshuis. Oud en gedaan. Hare hang in toiings onder die ou strooihoed op haar kop uit. Sy het hom nie sien kom nie.

“Bliksem!” roep sy uit toe sy hom sien. “Wat laat jy my so skrik?”

“Môre, Katoeka.”

“Môre, Moses. Wat kom soek jy? Het jy nie respekte nie, kan jy nie sien ek lees die Bybel nie?”

’n Ou flenter- slapband-Bybel lê onderstebo voor haar op die tafeltjie. Hy gaan sit oorkant haar op die boomstomp en sê dat Lord haar graag wil sien. Bo by Ratelrivier se huis.

“Nee. Ek en Major Lee het klaar gebaklei. Hy los my, ek los hom.”

“Asseblief, Katoeka. Ek vra jou mooi, ek vra jou op my knieë.”

“Van wanneer af sak jy voor mý?”

“Van vandag af. Lord begeer om jou te sien, Lady het hom van jou vertel. Sy sit ver oor die see, Lord verlang na haar, hy’s baie alleen. Hy wag vir jou bo by die huis.”

“Ek het nie skoene nie.”

“Jy’s gewoond kaalvoet.”

“Hulle sê hy’s ’n hoë man.”

“Asseblief, Katoeka. Ek sal saam met jou loop. Jy skuld hom, hy’t jou melkhoute gered.”

“Loop wag buite vir my. Ek wil my net eers klee.”

Hy gaan wag buite.

Toe sy uitkom, is sy amper die ou Katoeka. Die properse heks. Kopdoek om die kop, lang swart gewaad amper tot op die voete.

Hulle begin die duin uitloop. Op plekke stoot hy haar voor hom uit. Swartsak vol bene.

“Hulle het gewoel, Ratelrivier se woning begin nou heeltemal anders lyk,” sê hy.

“Ja. Maar hulle kry nog steeds nie die hand doodgeverf nie. Koos Vinger sê hulle gaan nou ’n kas voor die kol sit. Ek sê: hulle kan maar kas laat voorsit, Jacoba se hand sal sy sit sit.”

“Wat het destyds van Dirk Gysbert geword?”

“Hulle het mos later weer die saak oopgemaak. Nuwe magistraat. Al die ou pampiere weggesmyt, hom skuldig gevind aan moord en getronk. Ewe Kaap toe gevat met ’n vierperdewa, ek sê hulle moes hom te voet laat loop het. Een van Elim se jongetjies was tronkwagter in die Kaap, sy ouma bly vandag nog op Elim. Hy sê Dirk Gysbert het sy dae in die tronk omgehuil, gehuil dat jy sy tande kon sien. Tandehuil is ’n erge huil, Moses.”

“Wil jy nie ’n bietjie rus nie, Katoeka?

“Nee. Dis lekker om hier uitgestoot te word. Moenie ophou nie.”

“Jou gat.”

Toe hulle by die perdestalle verbykom, staan Lord ’n entjie onderkant die huis en uitkyk vir hulle. Katoeka kom ’n paar tree voor hom tot stilstand. Kyk en kyk. Kyk ergerlik om na hom en vra: “Wat kom pla jy my vir ’n dooiman?”

Lord verberg sy aanvanklike skok en praat vriendelik met haar; vra hoe dit gaan, vra haar of dit waar is dat sy honderd is.

Katoeka verstaan nie ’n woord nie. “Luister, baas,” sê sy, “gaan lê in jou kooi en trek die laken oor jou kop. Jou naam is geroep.”

“Katoeka!” spreek hy haar aan. “Moenie so praat nie. Lord is baie beter as ’n paar dae gelede.”

“As jy ’n jaar terug met hom gekom het, had ek vir hom hoop, want dan’t ek vir hom gaan pisbossies pluk teen Buffeljagsberg. Nou kan ek nie help nie, die tip-tip is te ver.”

“Die wat?”

“Hy’t die tip-tip. Kan nie meer behoorlik pis nie. Als is toegegroei. Vat my huis toe. Loop net langs my, ek sal self daar kom, dis afdraand.”

Al wat Lord sê toe hy terugkom van Katoeka af, is: She looks terrible, the poor woman.

# TIEN

SY LAASTE POTLOOD is amper op. Die skryfpapier ook.

Nee, hy loop nie weer Agulhas toe om nog te koop nie, die vertelling kan nie ver van klaar af wees nie. Hy sal die blaaie ten einde vasbind met tou en in sy kaslaai sit waar iemand die waarheid kan kry oor die kind wat by Rietfontein se baai uitgespoel het.

Lord leef nog. Hy en Hanna maak beurte om hom op te pas. Lord is koppig. Baie. Hanna het dokter Van Heerden op Bredasdorp gebel om uit te kom Springfield toe, toe skel Lord sy mond vol spoegbolle en sê Cornelius moet die Jeep se agtersitplek uithaal en ’n matras daarin sit en hom dokter toe *neem*.

Toe doen Cornelius dit.

Nee, hy, Moses, moenie saamry nie. Hanna ook nie. Sal self regkom. Hy, Lord.

Kom by die dokter se plek op die dorp, toe kan hy nie uit die Jeep nie. Sy maag is te geswel. Hanna sê dis water wat ophoop. Toe bring Cornelius hom terug.

Hulle dra hom in huis toe met matras en al en toe bel Hanna weer die dokter om uit te kom Springfield toe. Dokter kom. Lord skel. Dokter bel en laat die ambulans kom, Lord moet onmiddellik Kaap toe, hospitaal toe.

Lord wurm soos ’n slang in die bed, Hanna pak vir hom drie klein

tasse in: ontbyttas, medisynetas, tas met sy klere. Dokter skud net sy kop. Lord praat en praat, mens kan nie uitmaak wat hy sê nie. Hanna sê Lord is bang, hy wil nie hospitaal toe gaan nie.

Dokter sê Hanna moet saam Kaap toe met die ambulans.

Hanna klim.

Koos Kok sit in die kombuis by die kers. Hy kniel later by ’n stoel en bid ’n ernstige bid vir Lord, vir Hanna, vir die ambulans.

“Hulle ry rof, Moses. As die ding se wiele uitval, is hulle almal dood.”

Hoe’t Lord gesê? Daar’s meer as een soort dood.

Toe die ambulans by die hek uitry, toe trek die eerste dood by die huis in, want toe’s dit of Springfield stadig begin sterf.

Die week tevore was alles nog lewend. Toe Cornelius vir Victor en Julia en die kinders in die kar laai om hulle lughawe toe te vat, was Lord nog regop en blinkoog en het hy bly wuif en wuif vir die arms wat soos seekatpote by die motor se vensters uitgepeul het.

Hy, Moses, en Koos Kok het saam gewuif. Hulle sou ook die kinders mis, die daaglikse pret van die tweeling met die walkie-talkie. Almal het bedags ’n beurt gekry om ingeroep te word vir ’n oproep. Een praatboksie openlik in aksie, die tweede praatboksie iewers in ’n struik versteek.

Sy beurt om die oproep te ontvang was altyd om die dringende nuus te kry van die ratel wat pas iewers die tuin binnegesluip het. “Uncle Moses, Uncle Moses, die vreeslikste groot ratel kruip agter die bloublommetjiebos weg. Hy wil ons vang!”

Dan speel Koos Kok saam en roep: “Jy sal moet gaan help, Moses, klink my daar’s ’n ratel wat Engelse kinnervleis soek!”

Dan was dit weer Lord se beurt as hy tuin toe kom. “Oproep vir Mister Lord! Oproep vir Mister Lord! Een van Springfield se perde het weggehardloop, stuur vir Victor en Eric om hom te gaan vang.”

Lord speel saam. “Perd swem al deur die see, hulle gaan sukkel om hom gevang te kry.”

"Hulle sal by Die Walle vir hom gaan wag!" kraak-sê die boksie.

Die ambulans het Hanna saam teruggebring van die Kaap af tot op Bredasdorp. Daar het sy slaapplek gekry en die volgende oggend Springfield toe gebel om te sê Cornelius moet haar kom haal.

Sy klim huil-huil uit die Jeep; sakdoek verfrommel, rok verkreukel.

"Here, Moses, dit voel my ek het Lord klaar begraaf. Dit gaan nie goed met hom nie."

Dit gaan met hom, Moses, ook nie goed nie. Daar is nie twyfel by hom dat hy saam met Lord wil doodgaan nie, dat dit reg is dat hulle saam moet gaan nie. Die probleem is om dit deeglik beplan te kry – om te weet wanneer hy moet Rietfontein se baai toe …

Nee, hy is nie bang nie.

Hy werk moedig saam met Koos Kok, verbreek en verbou die klipbruggie oor die middelste pond.

"Jaaa, Moses," sê Koos Kok beswaard, "so breek almal van ons se beurt op 'n dag aan. Dis net dat Lord so goed gelyk het toe Victor-hulle hier was, so ingegee het toe hulle vertrek. So aardig dat hy sonder Lady moes hospitaal toe. Hanna sê hulle sou hom nog gister geopereer het. Shame."

Hoe't Lady eendag gesê? Julle het nie 'n idee hoe sterk Lord is nie, Moses, hoeveel afskuwelikhede hy al oorleef het nie. Dan praat ek nie eens van die keer toe hulle by die dertig myl in België oor straatklip moes loop en die hele tyd die vyand se rugaanval moes afweer nie. Al die soldate se stewels en voete gee in … maar nie Lord en sy lyfbediende, Orchard, s'n nie. Hulle het aangehou en deurgehou.

Gedurende die oorlog ontvang ek eendag 'n telegram van Lord waarin hy sê dat hy effens gewond is en in Boulogne in die hospitaal is, of ek asseblief vir hom sal plek bespreek in die Park Lane-hospitaal in Londen. Ek skrik. Verskriklik. Ek het nooit getwyfel dat hy veilig deur die oorlog sou kom nie, maar my nooit toegelaat om aan verwonding te dink nie. Al wat ek toe wou doen, was om by hom te kom, Boulogne toe te vertrek, maar ek moes eers verlof van die Britse kantoor vir buitelandse sake bekom om te reis. Ek huil, ek pleit.

Gelukkig bied Lord de Saumarez, my skoonvader, aan om saam met my te gaan.



Ons kom in Boulogne aan, al die hotelle is in hospitale omskep, die gewondes kom direk uit die loopgrawe, hul uniforms vol modder, hulle word op draagbare in die voorportaal gesit, hulle kerm en klaag, hulle wag om gesorteer te word. Daar's te min dokters, te min verpleegsters.

Uiteindelik vind ons Lord. Hy's ernstig gewond en kan nie vervoer word nie. Kan skaars praat, hy is deur die long geskiet en kort van asem. Sy regterhand is vergruis, hy verkeer in erge pyn, sy binnelyf is vol skrapnel en al wat hy begeer, is om huis toe geneem te word, maar die dokter wil dit nie toelaat nie, die risiko is te groot.

Toe gebeur 'n wonderwerk – moet nooit ophou glo aan wonderwerke nie, Moses.

My swaer, Henrik, Sigrid se man, skenk sy seiljag aan die Rooi Kruis om as hospitaalskip te dien, twee groot rooi kruise word op sy kante aangebring. 'n Vreemde dokter, een met krag van gemoed, kom by Lord se bed en sê hierdie man mag huis toe gaan. Lord hoor dit. Dis of vreugde soos nuwe lewe in hom inval. Hy verduur groot pyn, maar sy moed weifel nie 'n oomblik nie. Dit was Kersfees – ons eerste Kersfees saam. Die kaptein nooi my om aan boord te kom vir die Kerspartytjie. Toe dit nag word, moes ek en Lord afskeid neem, en toe die seiljag geruisloos in die pikdonker die see ingly, staan ek alleen op die kaai en weet my hele bestaan is in daardie boot se buik. My mooie, stukkende Vincent de Saumarez.

Hy het vier maande lank in die Park Lane-hospitaal in Londen gebly en baie operasies ondergaan, groot stukke skrapnel is uit hom verwyder. Sy bors en sy algemene toestand het verbeter, maar die kleiner stukke skrapnel sou lewenslank in hom bly en hom baie pyn en ongerief besorg.

Toe hy uiteindelik uit die hospitaal ontslaan is, was ek nie gerus nie. Hy het vir my meer dood as lewend gelyk. Toe hoor ons van 'n beroemde chirurg in Londen, Sir Lane, en besluit om hom te gaan spreek. Die man gee hom een kyk en sê: Lord de Saumarez, jy het op die laaste moment by my uitgekom, die gif van die lood in jou lyf het amper jou brein bereik, ons sal vanaand nog moet opereer.

Toe is Lord in die Edward VII-hospitaal opgeneem waar hy weke lank 'n desperate geveg om sy lewe gevoer het. En vreemd, weer eens was daar 'n stukkie Afrika wat gehelp het om hom deur te trek. Die vrou in beheer van die hospitaal was 'n merkwaardige mens wat haarself as verpleegster in die Boer War bewys het; sy en Lord het

lang gespekke oor die natuurskoon van Suid-Afrika gevoer. Mens weet nooit waar die sade van jou lewe geplant word nie, Moses. Op ’n dag besef jy maar net hulle was lankal daar.

Toe, in 1917, gebeur daar vir ons nog ’n wonderlike ding: die geboorte van ons pragtige seun, Phillip James St Vincent. Lord se blyhartigheid had geen perke nie. Die pyn in sy hand ook nie. Dokter na dokter het probeer om die hand te red, maar daar was geen verbetering en geen verdere hoop nie. Lord het klaar besluit gehad: hulle moet die hand afsit. Help nie ek het probeer keer nie, Lord wou dit so hê. Die gedurige pyn het ondraaglik geword. Die amputasie het egter nie goed afgeloop nie, senuwees is beskadig wat hom die res van sy lewe wreed sou laat ly.

Maar soos die lewe maar is, val daar altyd ’n druppeltjie suiker uit die lug om jou lyding te versag. Die korreltjie suiker wat vir ons kom val het, was toe ons tweede seun, James Victor Broke, in 1924 gebore is. ’n Sterk en gesonde baba wat ons nooit moeilikheid gegee het nie. Dis net Lord wat tye van intense pyn verduur het. Maar hy het altyd aktief gebly, hard gewerk, baie gereis – altyd ’n streng dieet moes volg, maar sy algemene gesondheid en krag het aanmerklik verbeter en deur die jare my bewondering afgedwing. Lord is ’n sterk man, Moses.

Vroegmiddag is hy en Koos Kok nog steeds besig by die middelste pond toe Hanna uit die huis kom.

“Ek het Missies Joy van der Byl gebel en gesê van Lord. Sy was baie geskok, het gesê sy sal reël om ’n wire by Lady op die skip te kry. Sy’t nou net laat weet Lady is op pad.”

Lady was nooit lief vir vlieg nie, het verkies om met die skip te ry.

Miskien het die klein stemmetjie nou weer met haar gepraat. Soos die klein stemmetjie met haar gepraat het toe sy nog in twyfel was of sy Shrubland moes verlaat en Suid-Afrika toe kom.

“Ek sit diep in die woud onder ’n ou akkerboom, skielik sê ’n klein stemmetjie vir my: Dis tyd dat jy verhuis, Gunhild, jou taak is voltooi. Victor sal Shrubland oorneem, hy sal net so mooi na alles kyk as wat

jy daarna gekyk het … Ek glo daar woon ’n stemmetjie in ons almal, Moses. Dit hang net af of ons fyn genoeg luister en hóór.”

Hy sal luister, hy sal wag …

Die volgende oggend hou mevrou Van der Byl langs die huis stil. Deftig soos altyd, ’n waardige vrou. Koos Kok doen die woord en vra of sy iets van Lord verneem het.

Ja, hulle het twee operasies op hom uitgevoer, die dokter reken sy kans op herstel is goed. Ja, sy het ’n boodskap by Lady gekry, sy behoort teen oormôre aan te kom. Ja, sy sal Lady gaan ontmoet op die hawe, sy kom net vir Hanna oplaai om haar saam te neem Kaap toe, dit sal beter wees as Hanna vir Lord gaan oppas, hy’s gewoond aan haar.

Hanna kom uitgevat uit die huis met ’n koffer en klim by mevrou Van der Byl in die motor. Ewe spoggerig.

“Dis goed dat Hanna saamgaan,” sê Koos Kok. “Sy verstaan vir Lord, ken sy nukke. En is dit nie godswonderlik dat Lady amper hier is nie? Mister Lord sal sy oë nie glo nie.”

Hy, Moses, luister. Hy wag.

Dit was die Woensdag of die Donderdag. Die Vrydag het hy tog maar Agulhas toe geloop om ’n potlood te gaan koop, daar was net ’n stompie van die laaste een oor, dit wou nie meer tussen sy vingers bly nie. Die papier moes uitkom, hy sou op die agterkante van die voorste blaaie skryf.

Van Agulhas af is hy by Die Walle verby, daarvandaan tot by Rietfontein se baai om tussen die klippe te gaan sit en te luister. Fyn te luister.

Nee, hy’t niks gehoor nie. Net die see. Plat en rustig en stadig klotsend.

Hy sit nog so, toe laat iets hom weswaarts kyk.

Nee! pleit sy gemoed, nie dít nie, nie sý nie. Katoeka is deel van leef wat afgehandel is; Rietfontein se baai is meer as halfpad tussen Die Walle en Katoeka se melkhoute waar die verlede toegegooi lê. Nie

oopgegraaf wil word nie.

Katoeka loop tydsaam met ’n paal vir ’n kierie. Dit sal nie help hy kruip weg nie, sal nie help hy staan op en loop in die rigting van Soetanys se wegkruipklowe nie …

Sy kom nader en nader. As hy doodstil sit, loop sy dalk verby na Die Walle toe.

Die laaste paar tree, voordat sy tot by hom kom, gaan nog stadiger. “Geweet ek sal jou hier kry. Bliksem.”

“Dag, Katoeka.”

“Ek sien jou. Jy gaan nog lank sit, storm is op pad, molle kruip uit hulle tonnels en loop kaalkop op die sand. Skilpad loop uit die vleiland na hoër weiplek toe.”

“Ek is nie haastig nie, ek sal wag vir die storm.”

“Ja. En ek sal wag dat daar verstand in jou kop in kom. Bliksem. Dink ek is blind soos ’n mol, sien nie jou plan nie? Maar ek sien hom, jy’t hom lank in die kop.”

“Moenie in my kop kom krap nie, Katoeka. Ek is in stilte en is klaar gepraat met jou en met die hele wêreld.”

“Wragtig? Wie sê die wêreld is klaar gepraat met jóú?” Sy vra dit met ’n opgeruktheid, met ’n spottende uitdaging.

Nee, hy sal hom nie tot ’n argument laat uitlok nie. “Het jy geld, Katoeka?”

“Waar trap jy nou?”

“Ek vra.” Hy sal vir haar ’n klompie note in die laai agterlaat, ’n briefie bysit om te vra dat iemand dit vir haar gaan gee. Iemand soos Hanna.

“Is die rykman al dood, of sukkel hy nog?”

“Moenie van goed praat waarvan jy nie weet nie, Katoeka. Hy leef nog, hy’s ’n taai man.”

Dis ’n vreemde tyd.

Met dae wat soos branders rol en rol en rustig oor die strand kom breek.

Hy en Koos Kok het in die tuin gewerk, die fuschia house versorg, na die hothouse gekyk. Gekyk dat die ander twee tuinwerkers vuilgoed uittrek en skoffel om die ponds. Die huispersoneel het in die huis gewoel, alles afgestof, blink gevryf, uitgeklop. Nellie het vir almal gekook.

Maar die hele tyd is almal daarvan bewus dat Lord nie daar is nie.

Springfield is nie dieselfde nie.

Dis die jong tuinhulp wat skielik een oggend 'n juigroep gee uit die tuinhoek waar die klein proteatjie se saadjies in die kissie lê. "Kom kyk! Hulle groei!"

Dis 'n wonderlike verrassing; die saadjies is aan't lewe kry. Koos Kok gaan sit op sy knieë by die kissie en kyk en kyk en gee uiteindelik die bevestiging: "Hulle groei, so waar as die Here!"

"Wat beteken dat iemand sy hoed sal moet opeet," sê hy, Moses.

"Watwou, gravin Blücher was ook in twyfel of hulle sou groei," gryp hy 'n uitkomkans. "Ons moet haar laat weet, en boodskap by Mister Lord ook kry. Weer 'n bewys dat ons nooit moet twyfel nie, Moses!"

Die volgende Dinsdagmiddag ry Joy van der Byl weer by die werf in, met Hanna by haar in die motor.

"Wragtig," sê Koos Kok, "voel my ek kan daardie meid met 'n soen groet."

Eintlik het mevrou Van der Byl met 'n boodskap vir Cornelius gekom: dat hy vir Lord en Lady die volgende dag in die Kaap moet gaan haal.

"Ekskuus?" vra Koos Kok in skok.

"Ja, die dokter het gesê Lord kan huis toe kom."

Hanna haal al die nuus uit haar voorskootsak toe Missies Joy wegry.

"Gedink hy sal die dokter omgepraat kry. Lord. Aanhou bly neul om huis toe te kom. Nie 'n dag wat Lady nie by hom gesit het nie, hom moed ingepraat het nie. Ek het darem party dae vir myself iets kon doen, maar sy het heeltyd by hom gebly. Toe't Vicky gekom, toe

Teeny. Lord se kamer het ’n blomtuin geword en die kerkman, die Archdeacon of Cape Town, het elke dag gekom. Daar was soms nie sitplek vir almal nie. Lord het later begin opstaan en elke dag kort entjies begin loop; ek het saam met hom geloop, soms Lady of een van die dogters. Wat kyk jy my so, Moses Swart?”

“Ek staan sommer verstom, Hanna. Jy sê Lord is op pad huis toe?”

“Ja. En jy gaan hom nie weer ontstel met stront soos laas nie. Die kettingbesigheid. Ek hou jou dop.”

Kort voor Lord hospitaal toe is, het die dag van die ketting aangebreek.

Hy en Hanna het Lord sonkamer toe gevat sodat die ander sy slaapkamer aan die kant kon maak. Lord was boos, hy wou nie uit sy kamer geneem wees nie.

Hy, Moses, het skielik besef dat hy nooit van die ketting sou kon vra as Lord iets oorkom nie.

Toe loop hy na sy kamer toe, haal die ketting af en kom lê dit oor Lord se bene. Eers kyk Lord net, toe tel hy dit op en hou dit voor sy oë. Lank.

“Is dit die ketting wat om die ou vrou se nek was?”

“Ja, Lord.”

Lord kyk en kyk, draai die medaljon om en om. “Sy kon dit nie opgetel het nie, sy moes dit iewers onwettig bekom het.”

“Katoeka steel nie, Lord.”

“Moenie met my stry nie!” Sy mond het begin bewe. “Hierdie ketting kom uit die adelstand van Oostenryk, dis hulle medaljon. My oupa, Sir George Broke-Middleton, het net so ’n ketting gehad wat deur ’n Oostenrykse edelman aan hom geskenk is. As admiraal van die skip *Gladiator* van die Britse vloot moes hy op die noordoewer van die Swart See in die Krimoorlog diens doen aan die kant van die Oostenrykse magte. Weens my oupa se sosiale stand was hy hoog aangeskryf by die Oostenrykse adellikes en het hy met baie bevriend geraak. Dis onmoontlik dat die vrou hierdie medaljon bloot kon opgetel het.”

Die baron Von Lichtenhoven van Oostenryk, het die man van die grafte gesê. Maar hy, Moses, sê niks. Hy moet hierdie ding eers op sy eie gaan deurdink.

Lord lyk vererg oor hy nie met ’n verklaring vorendag kan kom nie, roep dan hard na Hanna: “Ek wil nou asseblief teruggeneem word na my kamer toe!”

Die branders rol en rol. Hoe’t Lord eendag gesê? Die lewe loop soms met dubbelpaaie. Iewers, iewers het hy, Moses, op ’n raaiselpad uitgespoel. Loulou meen niks is per ongeluk nie, dat daar ’n patroon deur die lewe loop …

Nee.

Hy wil nie langer na patrone soek nie.

Hy is nie die baron Von Lichtenhoven nie, hy is Moses Swart. Wat wag vir die branders om klaar te rol sodat hy kan terugloop Rietfontein se baai toe.

# ELF

DIE BOEK IS klaar. Hy het by Gawie Willemse ‘n paar leë bladsye gekry en die boek klaargeskryf.

Omdat hy dit begin het.

Toe het hy die blaaie vasgebind en die bondel in sy laai gesit. As iemand die boek kry, is dit goed. As niemand dit kry nie, is dit ook goed.

Want dis nou ’n ander boek as toe hy begin skryf het.

Een wat sê ons weet niks van leef af nie, ons sien die patroon, maar ons brei en brei die verkeerde steke in lang rye omdat dit al is wat ons ken.

Die Sondag kom Cornelius met Lord en Lady en die fyne meisiekind op Springfield aan. Vicky, Lord en Lady se jongste dogter wat nes haar pa lyk.

Die dag daarna het die ander dogter, Teeny, gekom en Lord het van vreugde gestraal. Teeny lyk soos Lady.

Hy het Koos Kok in die tuin gehelp en sy oë na die suide toe bly draai sodat hy kan sien wanneer dit tyd is om Rietfontein se baai toe te loop.

Die storm is op pad, maar dis nog nie die regte tyd nie.

Nee, hy is nie bang nie. Hy wíl Rietfontein se baai toe.

Dis net dat die see nog nie reg is om hom te vat nie. Die terugtrekstroom waarteen niks en niemand bestand is nie, is nog nie sterk genoeg nie.

Nee, hy is nie bang nie.

En in Springfield se huis het ’n hart geklop. Lord se verheugenis om by die huis te wees het soos ’n koel vuur oor alles gegloei.

Laat een middag kom die fyne Vicky tuin toe waar hy en Koos Kok besig is om van die proteatjies uit te plant. Kompleet ’n tingerige vlinder met ’n krulkop wat ’n oomblik rusplek soek. Dalk gerusstelling? Want skielik vra sy: Is my pa gelukkig?

Baie gelukkig, sê Koos Kok.

Toe sê sy: Ek en Teeny het vir my pa veldblommetjies gaan pluk en hy het gelag en gelag. Toe het my ma vir hom ’n houer met fuschias in die sonkamer se vensterbank gesit. Toe het hy weer gelag.

Die jaar lê bene in die lug, sê Koos Kok, dis wragtig al amper Krismis.

Ons het vir my pa ’n mooi kamerjas vir Krismis gekoop, sê Vicky.

Daar’s nie twyfel by hom, Moses, dat rykes en vernames hulle swierig bedek as hulle uit die kooi klim nie. Neem nou maar vir Mister Macmillan; hy wonder wat van die ou man geword het, of sy maag al ophou werk het. Lord self hou ook nie daarvan om in sy nagklere gesien te word nie; sit eers ’n krawat om as hy uit die kamer móét kom.

Die volgende dag gaan almal Ratelrivier toe. Lord en Lady, Teeny en Vicky, en natuurlik Cornelius om die Jeep te dryf. Piekniekmandjie en baie vrolikheid.

Hy, Moses, het Rietfontein se baai toe geloop.

Wat foeter jy gedurig Rietfontein se baai toe? vra Koos Kok.

Ek hoort by Rietfontein se baai.


Snaakse plek, Rietfontein se baai, sê Koos Kok. Ek het daardie baai sien blouswart word as die noordwes na suidwes toe draai. Beste is om jou huis toe te haas, als toe te maak en dik boontjiesop op die

stoof te kry.

Later die aand moet Lady die dokter op die dorp bel dat hy moet uitkom Springfield toe om na Lord te kyk. Toe sê die dokter Lord moet teruggaan Kaap toe, dis moontlik net ’n kleinigheid, maar daar’s nie ’n keuse nie.

Lord sê hy gaan nie terug nie.

Die volgende oggend kan hy nie uit die bed nie. Hy sê goed, hy sal teruggaan Kaap toe, maar net vir twee dae. Hoor jy my, Moses? Net vir twee dae. Wat bly jy so peuter daar by die lamp, Moses?



Teeny het gevra dat ek die gloeilamp moet vervang, Lord.

Jy versteur my.

Ek is jammer, Lord.

Ek gaan net vir twee dae terug en ek wil weer dieselfde kamer in die hospitaal hê.

Ja, Lord.

Jy praat soos ’n papegaai, jy hoor nie regtig wat ek sê nie.

Ek hoor, Lord.

Wat het jy met die ketting gemaak?

In my kamer gesit, Lord.

Hoekom is dit so koud, Moses?

Iewers broei ‘n storm.
Waar?
By Rietfontein se baai.
Hoe weet jy?
Ek hoor hom, Lord, ek voel hom.
Hulle sê spesiale mense gaan dood wanneer ’n storm woed.
Ek hoor wat Lord sê.
Ek wil nie doodgaan nie, Moses. Ek sê jou, ek sal net vir twee dae Kaap toe gaan, dan kom ek terug.
Ja, Lord.

Nee, hy is nie bang nie, hy weet presies wat om te doen sodra die see reg is.

Vroeg die Maandagoggend, aan die begin van Desember, het Cornelius die blink swart motor uitgetrek en Lord en Lady ingelaai. Hanna ook. Vicky en Teeny is met die Jeep agterna.

“Nou’s daar net bid oor,” sê Koos Kok. Hy is op pad van die fuschia house af; Lord wou ten laaste nog ‘n draai daar gemaak het, maar Lady het hom gekeer.

“My hart gaan uit na Lady toe,” sê Koos Kok. “Want as Mister Lord iets oorkom en sy moet alleen in al hierdie weelde agterbly, sal dit nie maklik wees nie. Waarheen is jy op pad?”

“Rietfontein se baai toe.”

“Wat’s dit met jou en Rietfontein se baai?”

Ek is daar gebore. “Ek wil sommer gaan kyk of ek nie ’n mooi seekatskulp vir gravin Blücher kry nie.”

Nuus kom met stukke uit die Kaap. Sweetie, op pad soutpan toe, bring dit, of Joy van der Byl kom laai stukkies af. Hulle het Lord geopereer … Lady en Vicky bly op die oomblik by Foster van der Byl, die Archdeacon, in die huis. Teeny moes ongelukkig teruggaan Engeland toe. Hanna ry elke oggend van Bellville af Kaap toe met die

trein om by die hospitaal na Lord te gaan omsien … Die volgende Sondag kom Hanna onverwags op Springfield aan.

Nee, dit gaan nie goed met Lord nie.

Die elke dag se Kaap toe ryery het haar uitgeput, toe sê Vicky sy moet ’n bietjie plaas toe kom en kom rus.

Die eerste teken dat die storm op pad is, is die hoë vlieswokies in die noordweste. Bondeltjies watte in die lug. Toe die son ondergaan, toe’s die hele weste rooi-oranje. Hy pak sy bietjie goed bymekaar, sit ’n briefie by die boek, sit ’n briefie vir Hanna by die geld wat hy vir Katoeka agterlaat.

Sit die ketting om sy nek.

Toe klop iemand aan sy deur. Sweetie. Hy had nie nodig om dit in woorde te sê nie, dit was in sy oë en hy, Moses, het geweet.

Dis tyd om Rietfontein se baai toe te gaan.

“Sy geveg met die lewe is verby, Moses,” sê Sweetie aangedaan. “Hy is in Lady se arms dood.”

“Dankie dat jy kom sê het, Sweetie.”

“Ek het self met Lady gepraat, sy’s baie moedig, sy sê dit voel vir haar sy teenwoordigheid is steeds met haar. Aartsdeken Van der Byl gaan vir hom ’n roudiens in die Boerekerk in Tamboerskloof hou; ons moet die Union Jack wat oor die kis moet kom, saambring. Daarna word hy met ’n vliegtuig teruggeneem Shrubland toe om begraaf te word in sy eie aarde. Ek en Johanna ry saam met Cornelius Kaap toe. Ek weet nie of jy ook dalk wou saamgegaan het nie, daar’s genoeg plek in die kar.”

“Dankie, Sweetie, ek sal nie saamry nie.”

Toe hy buite kom, ruk die eerste wind, en warrelwindjies jaag stof op in die pad Rietfontein se baai toe. Die son is nog nie onder nie, maar die horison is klaar blouswart en toe hy oor die laaste duin kom, hoor hy die donderslae waarmee die branders teen die rotse ontplof. Die see se rasende gemaal en gedruis bulder bo alles uit.

Soos die nag toe Moses Swart hier uitgespoel het.

Toe hy nog ’n Von Lichtenhoven van Oostenryk was.

Wat altyd iewers in Moses Swart weggekruip het en nou nie meer saak maak nie. Wat nie meer vra om verstaan te word nie, omdat sy taak voltooi is.

Toe hy teen die laaste sandkop tot stilstand kom, sien hy die vuil seeskuim oor die bossies en tussen die duinegras deurwaai en die spoelklippe gorrel teen die aanslag. Die storm is hewig, die geweld van die terugtrekstroom kragtig, bots spattend omhoog teen die nuwes.

Dis tyd.

Dood sal minute neem om jou fyn te maal. Vinnig. Jou nie eers maande lank laat uitteer en stadig laat doodgaan nie. As hy die see inloop by die skurfklip …

Daar’s ’n rob in die water. Daar kan nie ’n rob in die malende water wees nie.

Hy skrik.

Dis Katoeka in haar swart gewaad wat sonder ag die see trotseer …

Nee.

Dit kan nie sy wees nie.

Daar is geen manier dat sy teen so ’n see kan oorleef nie, dat die geweld haar nie flenters slaan nie. Daar is geen manier dat sy kan hoor as hy haar roep nie, nogtans bulder hy haar naam met al die krag in hom uit.

Sy lig haar arm op, sy waai vir hom. Haar gesig is helder, haar oë leef. Nee, dis nie waar nie, dis ’n waanbeeld. Bettie Swart se oupa het engele op sy sterfbed gesien en met hulle gepraat.

Sy lag grootmond, sy waai ’n tweede keer en hy waai terug. Iets is vreemd, hy verstaan dit nie. Hy is deurmekaar, dit voel of die see se gedruis in sy kop is. Hy moet vorentoe tree, hy moet by die skurfklip kom.

Toe weet hy.

Dit was ’n spook.

Toe hy die volgende môre terugkom op Springfield, het sy hart nog steeds gedoef-doef, selfs Koos Kok het agtergekom iets skort.

“Jy lyk soos ’n dooie, Moses. Gaan sê Nellie moet vir jou iets gee om te eet. Missies Joy van der Byl was hier, sy sê dit was ’n pragtige diens wat vir Lord gehou is.”

“Wanneer kom Lady terug?”

“Sy en Vicky kom terug met die Jeep, Cornelius en Sweetie en Johanna kom met die kar. Maar Missies Van der Byl sê ’n vreemde ding, Moses: dat Lady nie terugkom Springfield toe nie. Sy kom glo net om haar persoonlike goed te pak, dan trek sy Ratelrivier toe … Wie se ryding kom daar by die boonste hek in?”

Dis Major Lee.

“Ek dog ek kom sê net: ons het Katoeka gistermiddag onderkant die perdestalle op die werf begraaf. Koos Vinger het gaan visvang en haar vroeg gisteroggend stokstyf dood in haar kooi gekry.”

Laatmiddag het die Jeep gekom.

Hanna het gehuil. Nellie het gehuil. Net hy en Lady het ’n oomblik doodstil voor die trappe na die kombuisdeur toe gestaan en gepraat sonder woorde.

Die aand het Vicky aan sy deur kom klop.

“My pa het gesê jy moet na my ma kyk.”

“Ja.”

“En hy’t gepraat van ‘n ketting wat jy altyd om jou nek moet dra.”

“Ja.”

Toe het hy sy goed bymekaar gesit en vroeg die volgende oggend begin Ratelrivier toe loop waar hy vir hom ‘n afskorting in die perdestalle sou maak en die taak begin waarvoor hy oorspronklik uitgespoel het.

En nie geweet het nie.